

KERKWEES OP MOOIMEISIESFONTEIN: DIE GESKIEDENIS VAN DIE NED.
GEREF. KERK ALBANIE, 1831 - 1981

L. R. KRUGER

Verhandeling ingelewer vir die graad Magister in die Teologie aan
die Universiteit van Stellenbosch.

STUDIELEIER: Prof. dr. E. Brown

September 1981

Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die koste van hierdie navorsing word hiermee erken.

Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van dié skrywer en moet nie beskou word as dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGING	(i)
INLEIDING	(ii)

HOOFSTUK 1

DIE HUNKERING NA 'n EIE GEMEENTE

1. Toe die Suurveld Albanie geword het	1
2. Pogings om 'n eie gemeente te stig	1
3. Kerkraadslede vir die wyk	3
4. Stigting van die gemeente	4
Voetnote	6

HOOFSTUK 2

SKOTSE BEDIENING IN ALBANIE

1. Die Skot, ds. George Morgan, as eerste konsulent	7
2. Die aankoop van kerkgronde	11
3. Die eerste boukommissie	12
4. Ds. Pears verskuif na 'n oorwegend Engelse gemeente	13
5. Die einde van die Skotse bediening in Albanie	14
6. Die gemeente getoets	15
Voetnote	17

HOOFSTUK 3

DIE BEDIENING IN ALBANIE DEUR LANDSEUNS

1. Dr. Adriaan Roux	19
2. Dr. Roux se aanstelling lei 'n nuwe tydperk in	19
3. Verdere pogings tot kerkbou	22
4. Die platteland en sy onderwysbehoefte	23
Voetnote	25

HOOFSTUK 4

DIE GEMEENTE EN DIE GRENDOORLOË, BOTSTINGS TUSSEN WIT EN SWART

1. Onseker en onveilige toestande rondom grensoorloë	27
2. Die eerste skool en 'n Hollandse onderwyser	29
3. Die behoefte aan 'n groter kerkgebou	31
4. Dr. Roux in diens van die gemeenskap se materiële en sedelike welstand	33
5. Die plaaslike skool worstel om 'n voortbestaan	35
6. Die einde van 'n era	39
Voetnote	42

HOOFSTUK 5

DIE BEARBEIDING VAN DIE GEMEENTE TOT AAN DIE EINDE VAN DIE 19e EEU

1. 'n Nuwe leraar en spesiale prediking kom die gemeente ten goede	45
2. Uitbreiding van skoolgeriewe	51
3. Ds. W.P. Rousseau reageer positief op 'n beroep na Pietermaritzburg	52
4. 'n Jong leraar gee sterk leiding	53
5. Ongunstige omstandighede rondom die Anglo-Boereoorlog	55
Voetnote	58

HOOFSTUK 6

NA-ORLOGSE AANPASSINGS DEUR DIE KERKRAAD

1. Gevolge van die Anglo-Boereoorlog	61
2. Die aandrang op bestendige bediening in die Grahamstad-wyk	61
3. Die aandrang op plaaslike bestuur	64
4. Die uitbouing van Riebeeck-Oos	65
5. Voortgesette versoeke om aanpassings	67

6. Die gemeente as wagter oor die openbare sedes	69
7. Afstigting kan nie voorkom word nie	70
8. Die voortgaande verarming van die Afrikaner	74
9. Ds. Rudman vertrek na 22 jaar	75
Voetnote	78

HOOFSTUK 7

'n TOENEMENDE ONSEKERHEID OOR DIE TOEKOMS EN 'n TERUGGRYPE NA DIE VERLEDE

1. Met die koms van 'n nuwe leraar	81
2. Die meisiekoshuis in ongunstige lig	82
3. 'n Motor om die gemeente beter te bearbei	84
4. Die spoorlyn, en die ontwikkeling van Alicedale	85
5. 'n Volksfees op Mooimeisiesfontein	86
6. Riebeek-Oos en die onderwys	89
7. Om die jeug en die gemeente se behoud	90
8. Ds. Hanekom aanvaar demissie	91
9. Die stigting van die Piet Retief Weeshuis (1928) en ontvangs van 'n nuwe leraar ds. W.F.P. Marais	93
10. Dorpsbestuur - aanpassing onder druk	94
11. Nagmaal - die invoer van kelkies	96
12. Die stigting van 'n tak van die M.S.A.	96
13. Depressie en die kerk	97
14. Die eeufees van die gemeente	98
Voetnote	100

HOOFSTUK 8

'n TWEEDE SKOF WORD ONDERNEEM TERWYL VIR DIE TOEKOMS BEPLAN WORD

1. Voortgang in die onderwys	103
2. Beter tye, en die geestelike stand van die gemeente	103

3. 'n Nuwe leraar: ds. G.P. le Roux, en voortgaande on- vergenoë met die geestelike toestand van die gemeente	106
4. Die simboliese ossewatrek en die Reddingsdaadbeweging	107
5. Die tweede Wêreldoorlog en die bediening van die ge- meente	109
6. Voortgang met ds. P.G. Rossouw	113
7. Die na-oorlogse periode	113
8. Toe 'n oorwegend Afrikaanse party aan bewind gekom het, en die koms van 'n ander leraar	114
Voetnote	117

HOOFSTUK 9

DIE GEMEENTE WORSTEL OM VOORT TE BESTAAN

1. Ds. V.O. Nel hou die gemeente bymekaar	119
2. Die gemeente in oënskou	122
3. Ontwikkeling op sendinggebied, vanuit Grahamstad	124
4. Ds. P.F. de Wet, en die onvermydelike verskuiwing	124
5. Die Piet Retief Kinderhuis, verdere aanpassings en verbeteringe	126
6. Die kerkgebou: 100 jaar oud	128
7. Ds. Furstenberg se rol, onder swartes en blankes	130
8. Ds. J.M. Rheeder neem oor	132
9. Ds. J. le Roux weer dreigende ontbinding van die ge- meente af	133
Voetnote	136

HOOFSTUK 10

DIE GEMEENTE OP DIE RAND VAN ONTBINDING, EN 'n NUWE TOEKOMS?

1. Finansiële probleme en pogings om die toestand te ver- beter	140
2. Verdere ontwikkelinge op sendinggebied	141

3. Ds. D.B.M. van Rooyen - nog 'n eertydse sendeling word leraar van blanke Albanie	142
4. Die ontbinding van die gemeente lyk onafwendbaar	143
5. Die Piet Retief Gimnasium word gesluit	146
6. 'n Beter bedeling op sendinggebied	149
7. Die gemeente Albanie 1981	151
8. Wat is die kerklike toekoms van die dorp?	153
9. Die pad verder?	154
Voetnote	157

BIBLIOGRAFIE	160
--------------	-----

DANKBETUIGING

Met die voltooiing van hierdie studie wil ek in dankbaarheid die bydrae van die volgende persone erken:

n Besondere woord van dank aan my studieleier, prof. E. Brown, vir sy goeie leiding, wenke en algemene belangstelling. Hy het my ingelei in die vreugde van geskiedskrywing.

Aan die tikster, mev. P.E. Swanepoel vir haar vaardigheid en bereidwilligheid, my innige dank.

My opregte waardering gaan aan die volgende persone wat waardevolle inligting verskaf het: Ds. en mev. P.D. Olivier, wat uit hulle pad gegaan het om die nodige stof te help versamel; di. V.O. Nel, J.P. du T. Furstenberg, J.M. Rheeder, P.F. de Wet, asook mnr. E.D. Ferreira en mev. S.A. van Niekerk, die stadsklerk.

n Spesiale dankwoord aan my gesin vir hulle opofferings en geduld.

Aan Christus, die Een wat die krag en insig gegee het, alle lof.

INLEIDING

In hierdie verhandeling gaan dit om die geskiedenis van die Ned. Geref. gemeente Albanie, Riebeek-Oos, wat in hierdie jaar 150 jaar bestaan. By die interpretasie van hierdie gemeentegeskiedenis moet rekening gehou word met die vraag watter faktore, teologies, kerklik of andersins, 'n invloed gehad het op die manier van bediening en ontwikkeling van die gemeente? In hoeverre is die gemeente tipies van die kerk waarmee hy in verband staan en in hoeverre onderskei hy hom as 'n besondere gemeente? Was die gemeente getrou gewees aan die Skrif, en die eis van Christus?

Die Suurveld, waarin hierdie gemeente geleë is, was 'n wyd uitgestrekte gebied in die voorposdae aan die oosgrens van die Kaapkolonie. Hierdie gebied was die toneel van grensoorloë waar blank en swart gewelddadig gebots het. Die Britse regering wou hierdie gevaar probeer teëwerk deur die grensgebied te versterk met blanke inwoners. Hiervoor is baie van die 1820 Britse Setlaars, mense van die moederland, gebruik deur hulle in die grensgebied te hervestig. Die ander inwoners van die grensgebied was die Afrikaner pioniers, trek-kers agter weiding aan, wat hulle daar begin vestig het. In hierdie verband moet twee faktore in gedagte gehou word:

- 1) Die Afrikaners wat hulle in die Suurveld gevestig het, was veeboere. Baie weiveld was nodig vir die groot troppe vee en dit het veroorsaak dat die besetting van die gebied yl en ver uitmekaar was.
- 2) Die pioniers het nog steeds 'n neiging gehad om te trek. Gevolglik was dit altyd maar 'n vraag of hulle gekom het om te

bly. Vanweë die grensoorloë was dit in elk geval 'n onsekere vesting. Politieke teleurstelling het van die gevestigde lidmate met die Groot Trek laat saamgaan. So het Piet Retief sy plaas, Mooimeisiesfontein, prysgegee en noorde toe getrek.

Die Afrikaner pioniers wat aan die oosgrens gevestig het, moes verreis ten einde hulle kerklike voorregte te kon geniet. Daarom was hulle versoek aan die regering, wat destyds gemeentes gestig het, om 'n leraar vir hulle aan te stel, nie 'n onbillike versoek nie. Buitendien is daar leraars aan die Britse Setlaars voorsien. Die voorsiening wat die regering uiteindelik gemaak het, was in aansluiting by die uitgesproke doel van die Britse Koloniale bewind om die Kaapkolonie te verengels. Om die Engelse (Setlaars) en Afrikaners in een gemeente saam te voeg, is besef, sou nie sondermeer werk nie. Daar is toe besluit om die Afrikaners te probeer verengels deur Skotse leraars in te voer. Gevolglik was Albanie se eerste konsulent en eerste leraar Skotte.

Die Afrikaner gemeenskap van Albanie het 'n middelpunt vir 'n kerkplaas gesoek en Riebeek-Oos is op Mooimeisiesfontein aangelê. Daar is kerkgebou en rondom hierdie gemeente het die dorp ontwikkel - 'n kerkdorp. Hierdie opset kon hulle handhaaf totdat ontwikkeling ander swaartepunte geskep het.

Teen 1841 het daar 'n einde gekom aan die Skotse bediening in Albanie, en het landseuns die gemeente voortgaande bedien. Die gemeenskap en gemeente is nie verengels nie. Inteendeel, die Afrikaner bewussyn sou toenemend ingeskerp word. En, Riebeek-Oos het homself bewys en 'n historiese bewussyn opgebou. Dit was 'n

kerkdorp en die kerkraad wou dit as sodanig behou.

Maar vanaf die laaste 2 of 3 dekades van die 19^e eeu het die landsontwikkeling by hierdie kerkdorp verbygegaan. Beter verbinding tussen sekere sentra is bewerkstellig deur die spoorweë en industrieë is aldaar aangelê. Die spoorlyn vanaf Port Elizabeth, wat as 'n hawestad industrieel sou ontwikkel, na die noorde het nie Riebeek-Oos aangedoen nie. In die gemeente is wel 'n stasie Alice-dale, aangelê. So is daar 'n woningspunt weg van Riebeek-Oos afgeskep, 'n groeipunt wat eintlik geen belang by die kerkdorp gehad het nie. Per spoor was Grahamstad of Port Elizabeth nader. Die regering sou die hawestad Port Elizabeth en selfs Grahamstad, die dorp van die Britse Setlaars, eerder help met ontwikkeling as vir Riebeek-Oos. Verder het Riebeek-Oos lidmate verloor omdat hulle almeer in die groot dorpe en stede 'n heenkome gaan soek het. Droogtes en 'n groot kindertal het verarming en die trek van die platteland na die stad in die hand gewerk.

Al hierdie gebeure het Albanie hard getref. Hulle het graag aan hulleself gedink as 'n kerklike hoofpos, terwyl hulle eintlik in die proses 'n buitepos geword het.

Tot hiertoe het ons gelet op al die buitefaktore wat in die geskiedenis van die gemeente 'n rol gespeel het.

Daar was egter ook bepaalde binnefaktore wat vermelding verdien:

- 1) In Albanie het 'n vrees begin opbou dat hulle besig was om agter te raak. Aanvanklik sou gepoog word om te hou wat hy het. Terwyl Grahamstad as opvoedkundige sentrum ontwikkel het, wou Al-

banie nie agterbly nie. Hulle het hulle eie onderwysgeriewe daargestel. Maar 'n skool wat nie plaaslik gevoed word nie, moes kinders van elders trek. Met die kerk se opheffing van die verarmde Afrikaner het twee armkoshuise te Riebeek-Oos verrys asook 'n weeshuis. Laasgenoemde inrigting is as lewende nagedagtenis aan Piet Retief verbind. In belang van sy voortbestaan is sterk aksent gelê op sy historiese agtergrond. In al hierdie pogings het die gemeente sy eie redding gesoek.

Na die oorlog het die weeshuis mettertyd 'n kinderkuis geword. Kinders is van elders aan die Piet Retief Kinderhuis toegewys. Al hierdie pogings sou die gemeente se voortbestaan nie verseker nie. Dit het wel die bedieningspatroon beïnvloed aangesien die samestelling van die lidmate "onnatuurlik" geword het: daar was baie kinders aan die een kant en almeer bejaardes aan die ander kant. Dit het finansiële probleme meegebring - en die kerkraad aan die dorpsbestuur ook om finansiële redes laat vashou.

2) Met sy historiese erfenis is 'n appél op die volk gemaak. Met 'n volksfees in 1923 is die plaas van die Voortrekkerleier Piet Retief, Mooimeisiesfontein, onder die aandag van die volk gebring. Die Afrikaners, en ook hierdie gemeente, het teruggegryp na sy geskiedenis. Hulle behoud het hulle in die verlede gaan soek.

Met hierdie pogings het die kerkraad nie by die grondliggende probleem uitgekom nie, nl. dat S.A. besig was om industrieel te ontwikkel. Die dorp moes daarby ingepas word of agteruitgaan. Die kerkraad se beheer oor die dorp het nie meegehelp om hom deel aan die ontwikkeling te gee nie. Nou was dit ook so dat die breëre

kerkverband tot in 1947 nog die heil van die Afrikaner op die platteland gesoek het, en verstedeliking wou voorkom.

En tog het Riebeek-Oos sy gemeente behou en op sy eie manier gebruik hier op die oosgrens waar soveel Xhosas woon. Opvallend is die feit dat terwyl die blanke gemeente deur die jare gekwyn het, die sendingwerkzaamhede uitgebrei het. Die vraag ontstaan nou: is die sending nie besig om hier oor te neem nie? As dit van blanke Albanie afhang, sal die gemeente hom egter altyd probeer handhaaf. Aan 'n gekombineerde leraarspos vir blank en gekleur, word nie eens gedink nie. Indien ontbinding die gemeente iewers in die toekoms in die gesig sou staar, sal die gemeente opgesny word as wyke van die omringende blanke gemeentes. Hierop sal die gemeente hom moet voorberei. Op so 'n dag sal die gemeente die les van sy eie geskiedenis ter harte moet neem en die regte offer moet bring terwille van die saak van Christus.

Van die volgende bronne is gebruik gemaak:

Die navorsing was hoofsaaklik ingestel op die notules van die Kerkraad van Albanie. Hier moet vermeld word dat die notules vanaf 1948 - 1970 soek geraak het, en dit het gevolglik die navorsing baie benadeel. Die notules van die Ringe van Graaff-Reinet en Albanie beskryf die rol van die gemeente in breëre kerklike verband. Die verslae van Godsdiens aan die ring het 'n beeld gegee van die gemeentelike lewe. Een onderwysverslag het lig gewerp op die bediening van die jeug. In die staatsargief (Kaapstad) is navorsing gedoen in verband met die briewe wat van regeringsweë aan leraars en die kerkraad geskryf is, en andersom. Inligting is ook verkry uit rapporte oor die armkoshuise en die Piet Retief Weeshuis. In

Die Kerkbode en sy voorgangers is waardevolle berigte aangaande die leraars en gemeente gevind. Aanvullende inligting is bekom uit persoonlike gesprekke met onder andere di. V.O. Nel, J.H. Rheeder, P.D. Olivier, asook mev. van Niekerk, die plaaslike stadsklerk. Deur middel van briefwisseling is inligting omtrent die leraars verkry asook van die laerskole te Riebeek-Oos en Alicedale.

Enkele notuleboeke van die V.S.B. en K.J.A. het meer inligting oor hulle werksaamhede gegee. Die konsistorieboeke was, behalwe een van Kommadagga, nie te vinde nie, sodat 'n beeld van watter tekste by die prediking gebruik is, nie moontlik was nie.

HOOFSTUK 1DIE HUNKERING NA 'n EIE GEMEENTE1. TOE DIE SUURVELD ALBANIE GEWORD HET

Die oostelike helfte van die vroeëre distrik Uitenhage is die Zuurveld genoem. Dit het die stuk land omvat tussen die Sondags- en -Visriviere. (1)

Die naam Albanie word aan hierdie deel van die land gekoppel sedert 1812. Landdros Jacob Cuyler van Uitenhage, wie se vader burgemeester was van Albany, naby New York in Amerika, het versoek dat die Zuurveld Albanie genoem word. Op 7 Januarie 1814 is 'n kennisgewing in die regeringskoerant geplaas, waarin sir John Cradock toegestem het dat die Zuurveld in die toekoms Albanie sou heet. (2)

In 1820 het goewerneur, sir Rufane Donkin 'n proklamasie uitgereik waardeur die Keiskammarivier verklaar is as die oosgrens van die Kolonie. Die hele Zuurveld met sekere dele van die distrik Uitenhage en die hele neutrale gebied oorkant die Visrivier het 'n nuwe distrik geword, genoem Albanie. (3)

2. POGINGS OM 'n EIE GEMEENTE TE STIG

Die Afrikaners wat hulle in die distrik Albanie gevestig het, was veeboere. Baie weiveld was nodig vir die groot troppe vee en dit het veroorsaak dat die besetting van die gebied yl en ver uitmekaar was. Die pioniers het nog steeds 'n neiging gehad om te trek. Gevolglik was dit nog altyd maar 'n vraag of hulle gekom het om te bly. Hierdie faktore het 'n rol gespeel in die feit dat daar nie uit die staanspoor vir hierdie mense 'n gemeente was waarby hulle kon inskakel nie. Die behoefte aan 'n gemeente is wel deeglik ge-

voel. Hulle moes aan die begin die reis na Graaff-Reinet aanpak om by 'n kerk uit te kom. Vanaf 1817 kon hulle eredienste bywoon in Uitenhage, wat nader, maar tog nog ver, was. (4)

'n Faktor wat verder bygedra het tot die onsekere vestiging van die inwoners van Albanie, was dat die oosgrens ook die gebied van die grensoorloë was. Die Britse regering wou graag hê dat die pioniers hulle permanent in die gebied moes vestig. Die regering het dus verder gepoog om hierdie gevaar van grensoorloë teë te werk deur die gebied te versterk met meer inwoners. Daar is toe soos volg te werk gegaan: Somerset het aan Bathurst, sekretaris van Kolonies, gevra dat hulle Engelse na die Suurveld moes laat emigreer. In 1817 het hy die gebied in 'n brief aan Bathurst beskryf as "the most beautiful and fertile part of this settlement". (5) Aan hierdie oproep is uiteindelik gehoor gegee en in 1820 het die Britse Setlaars in Suid-Afrika aangekom. Die meeste van hulle is in die Suurveld hervestig.

Al hierdie verwikkelinge het mooi ingepas by die regering se uitgesproke doel om die kolonie te verengels. Na die aankoms van die Britse Setlaars het Engelse kerke heel gou hulle verskyning in die omgewing gemaak. Na 1820 is ook 'n hele aantal Skotse predikante ingevoer om tekorte aan te vul en, so het die goewerneur gehoop, te help met die verengelsing van die Kolonie. (6) In opdrag van Bathurst het Somerset in Julie 1822 geproklameer dat Engels tussen 1823 en 1827 as amptelike taal aan die Kaap ingevoer moet word. (7)

Daar is van owerheidsweë beter voorsien in die godsdienstbehoefte van die Setlaars as in die van die Afrikaners. Hierin sou die

Afrikaners nie berus nie. Hulle moes, ten einde kerklike voorregte te geniet, na dorpe soos Graaf-Reinet en Uitenhage reis. Tog het hulle nie na daardie dorpe toe getrek nie. Hulle wou gehad het dat die kerk na hulle moes kom. Daarom het die Hollandsprekendes in 1826 'n memorie aan luitenant-goewerneur Bourke in Kaapstad gerig. Hulle het dit aan hom gestel dat hulle nie 'n leraar gehad het wat die Woord in hulle moedertaal kon verkondig nie en wie se voorbeeld hulle kon volg nie. Hulle het gewys op die bevoorregte posisie van die Setlaars. Die mense was begerig om 'n Hollandse leraar te verkry. Hierdie memorie is mede onderteken deur bekende latere lidmate van die gemeente, waaronder J.F. Myhardt, die eerste voorleser, en Piet Retief, die voortrekkerleier.⁽⁸⁾ Die memorie is aan die destydse sekretaris van kolonies, lord Bathurst, in Engeland gestuur. Bourke het aanbeveel dat aan die versoek voldoen word, maar die versoek is geweier. Om 'n gemeente te stig, was in daardie tyd nie so maklik nie. Gemeentestigting het van die regering uitgegaan en die regering het die leraar voorsien en aangestel. In daardie tyd was daar min Hollandssprekende predikante beskikbaar. Tussen 1826 en 1831, die stigtingsjaar van die gemeente Albanie, was daar net vyf predikante beskikbaar. Slegs een van hulle was 'n Afrikaner en die ander Skotte.⁽⁹⁾

3. KERKRAADSLEDE VIR DIE WYKE

Die Afrikaners van Albanie het nie berus by die afwysing van hul versoek in 1826 nie. In 1830 is weer pogings aangewend om 'n eie gemeente te verkry. Intussen het, volgens Dreyer, ds. Alexander Smith van Uitenhage en ds. George Morgan van Somerset-Oos die mense bedien wanneer dit vir hulle moontlik was.⁽¹⁰⁾

In 1830 is 'n tweede petisie aan die regering gerig waarin die Suurvelders gevra het dat ouderlinge en diakens uit hulle midde aangesel word tot tyd en wyl hulle 'n eie leraar sou kry. Hierdie versoek is goedgekeur.⁽¹¹⁾ Volgens die 23ste artikel van die Kerkorde van De Mist, is die ouderlinge en diakens van 'n nuutgestigte gemeente, vir die eerste maal benoem deur die landdros van daardie distrik.⁽¹²⁾

4. STIGTING VAN DIE GEMEENTE

Die benoemde kerkraadslede is op Sondag 9 Januarie 1831 bevestig. Dit is in Grahamstad gedoen deur ds. Alexander Smith van Uitenhage. So is die gemeente dan op hierdie dag "amptelik" gestig. Die kerkraadsnotules meld nie wat die omvang en getal van die gemeente was nie. Die gemeente het bekend gestaan as Albanie en het onder die Derde Ring of Ring van Graaff-Reinet geval. Die eerste kerkraadslede was:

ouderlinge: Johannes Philippus Dreijer

Martinus Casparus Johannes Behrens

diakens: Johannes Martinus Els

Casparus Johannes Rijnhardus Dreijer

Lukas Ignatius Dreijer

Cornelis van Rooijen ⁽¹³⁾

Dit blyk dat daar heelparty van die Dreijer familie in die gemeente woonagtig was. Drie van hulle het op die eerste kerkraad gedien. Ouderling Dreijer is later in 1836 deur die weerlig doodgeslaan.⁽¹⁴⁾

Die eerste kerkraadsvergadering is die dag na die stigting van die gemeente gehou. By daardie geleentheid is L.I. Dreijer as diaken -

kassier en G.C. Snyman as koster aangestel. (15) Snyman sou die pos van koster beklee totdat 'n leraar aangestel is. Sy traktement het bestaan uit gelde wat hom deur die doop van kinders, "aanneming" (bevestiging) van lidmate en huwelike toekom het. Vir die doop en "aanneming" het hy elk een riksdaler verdien en vir elke huwelik drie-en-n-half-riksdalers. (16) Sy salaris was dus baie wisselvallig.

Op dieselfde vergadering is daar ook besluit dat ds. Smith die toestand van die gemeente aan die eerskomende ringsvergadering moes voorhou. Die kerkraad wou hê dat sommige lede van die ring spreekbeurte moes neem solank Albanie nog nie 'n eie leraar gehad het nie. Hulle wou ten minste vier maal per jaar die geleetheid hê om die openbare erediens en sakramente te geniet. (17) So het die boeregemeenskap hier volgens die ou patroon saamgetrek op 'n kerkplaas, wat later 'n kerkdorp sou word. Rondom hierdie middelpunt sou hulle hul begin vestig en handhaaf.

VOETNOTEHOOFSTUK 1

1. Hockly: The story of the British Settlers of 1820 in S.A., 18
2. Dreyer: Kerksoewenier van die gemeente Albanie, 12 - 13
3. Hockly: a.w., 73
4. Dreyer: a.w., 13
5. Hockly: a.w., 15
6. Van der Watt: Die Ned. Geref. Kerk 1652 - 1824, 86
7. Muller: Die oorsprong van die Groot Trek, 176
8. Memorie - Bourke, c.o. 3932, Vol. 3 K.A., 15 Junie 1826, 581
9. Dreyer: a.w., 18
10. Dies., 19; Notule, Ring van Graaff-Reinet, R3/2 KKA, 31
11. Notule, Ring van Graaff- Reinet, R3/1 (a) KKA, 47: a.w., 18 - 20
12. Dreyer: Boustowwe vir die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerke in S.A. 111, 13
13. Notule, kerkraad Albanie, G21, 1/1 KKA, 1 - 3
14. Dies., 18
15. Dies., 1 - 3
16. Dies., 1
17. Dies., 2

HOOFSTUK 2SKOTSE BEDIENING IN ALBANIE1. DIE SKOT, DS. GEORGE MORGAN, AS EERSTE KONSULENT

Op 'n ringsvergadering te Graaff-Reinet in 1831 is ds. George Morgan van Somerset-Oos aangestel as konsulent van Albanie.⁽¹⁾ Hy het onder moeilike omstandighede sy taak verrig. Sy eie gemeente was groot en hy kon Albanie nie dikwels besoek nie. Die bediening van die sakramente het nogtans van die begin af die nodige aandag gekry.

Tydens 'n jaarvergadering op 19 Augustus 1831 is daar besluit om 'n intekeningslys onder die gemeente te laat sirkuleer om geld in te samel vir die koop van 'n nagmaalservies. Daar is ook van hierdie intekeningslys sprake op 'n vergadering in Maart 1832.⁽²⁾ Hierdie poging was geslaagd, want in 1832 het ds. Morgan, op versoek van die kerkraad, beloof om bekere en borde in Kaapstad te laat maak. Die diaken-kassier moes ook lakens vir die nagmaalstafels koop.⁽³⁾

As daar nie 'n leraar beskikbaar was nie, is destyds gebruik gemaak van 'n voorleser. Hy moes godsdiensoefeninge lei en begrafnisse hou en die voorlesing van Skrifgedeeltes, asook van die Wet en die twaalf artikels, behartig as daar wel 'n leraar was.⁽⁴⁾ By 'n kerkraadsvergadering op 15 junie 1833 is daar in 'n brief melding gemaak dat dit sy eksellensie die goewerneur behaag het om Johannes Tobias Mijnhardt as voorleser aan te stel.⁽⁵⁾ Hy het belowe om die diens volgens die betrokke reglement waar te neem. So het hierdie herderlose gemeente ten minste 'n voorganger gekry.

In hierdie jare het die faktore wat aanleiding gegee het tot die Groot Trek sterk na vore gekom. Die Britse beleid het die lewe

vir die Afrikaners aan die oosgrens nie aangenaam gemaak nie. Tog het die Angliseringsbeleid nie, soos 'n mens dalk sou verwag, tot diepgaande ontevredenheid aanleiding gegee nie. (6) Hollands as taal het sterk gestaan en min lidmate kon Engels praat. Faktore soos die gebrek aan grond, swaar kapitale verliese a.g.v. grensoorloë en 'n gebrek aan arbeiders het die Afrikaners verhuising laat oorweeg. Die algemene onbestendigheid en onveiligheid van die grensgebiede het die boere se trekgedagte versterk. (7) Die Britse beleid het die Afrikaner ook op geestelike gebied swaar getref. Die mense was veral ontsteld oor die wyse waarop die gelykstelling van die inboorling met die blanke voorgestaan is. Hulle het baie beswaard gevoel oor die gebrek aan selfregering. (8) Die Britse owerheid was weens finansiële redes nie bereid om die kolonis teen die inboorlinge te beskerm nie. Weens filantropiese oorwegings het die regering ook nie sy weg oop gesien om die burger toe te laat om homself te beskerm nie. (9) Al hierdie faktore het gelei tot die aanvang van die Groot Trek rondom 1834. 'n Baie groot aantal grensboere het uit die distrikte Albanie en Uitenhage getrek. (10) Die gemeente van Albanie sou sekerlik hierdie woelinge beleef het. In die kerkraadsnotules vind dit egter nie weerklank nie. Moontlik was die gemeente se verlange na 'n eie leraar so groot dat hulle niks wou doen om die owerheid, wat die aanstellings gedoen het, te ontstel of ongunstig teenoor hulle te stem nie. Piet Retief, lidmaat van die gemeente, was aanvanklik nie gretig om te trek nie. Miskien het sy invloed in die gemeente 'n kalmte veroorsaak sodat daar nie besonder groot woelinge was nie. Maar, daar is geen afdoende bewys waarom die kerkraadsnotules nie melding maak van grie-

we of ontevredenheid met die owerheid nie. Die verlange na 'n eie leraar het telkens na vore gekom. Op voorstel van ds. Morgan is in Februarie 1836 besluit om die saak weer aan die regering voor te lê. Die goewerneur sou gevra word om John Pears as leraar van Albanie aan te stel. (11) John Bell, sekretaris van die goewerneur, het op 15 Julie 1836 aan die gemeente i.v.m. hierdie saak geskryf. Daaruit blyk dat die gemeente Pears of 'n ander gekwalifiseerde persoon aangevra het. Moontlik is Pears se naam aangedui omdat hy beskikbaar was aangesien hy sy pos as professor aan die S.A. Kollege in 1835 moes neerlê a.g.v. die gebrek aan fondse. (12) Die bronne dui geen rede aan hoekom sy naam spesifiek genoem is nie. Bell het as volg aan die kerkraad geskryf: "it was not in His Ex. the Governor's power to appoint Mr. Pears as prayed for. His Ex. was, however, prepared and desirous to make an arrangement under which Mr. Pears would have been enabled to undertake provisionally the charge of the Dutch Reformed Congregation at Albany in conjunction with that of the Government Free School at Grahamstown, but it was declined finally about the close of last month (July 1836)". (13)

By dieselfde vergadering waar die brief van Bell voorgelees is, het ds. Morgan melding gemaak van 'n brief wat hy van Pears ontvang het. Daarin het hy gesê dat hy 'n onderhandeling gehad het met die luitenant goewerneur en hy moontlik die aanbod nog sal aanneem. (14)

In Oktober 1836 is die regering weer versoek om Pears as leraar van die gemeente aan te stel, dog weer sonder sukses. (15)

In die godsdienverslag vir die jaar 1838 kry ons 'n kykie in die toestand van die gemeente. Ds. Morgan het gerapporteer dat hulle al vir twee jaar 'n memorie rig aan die regering, met die oog op die

aanstelling van 'n leraar. Wanneer openbare godsdienst gehou is deur die leraars van Somerset-Oos en Uitenhage, ten minste vier maal per jaar, was die opkoms nieteenstaande die ongunstige omstandighede van vele, baie bemoedigend. Baie mense het nog huisgodsdienst beoefen. 'n Aansienlike aantal het ook die maandelikse bidure bygewoon. Daar was egter nog heelwat "vyande van die kruis." (16)

Op 28 November 1838 het John Bell van die koloniale kantoor in Kaapstad aan John Pears geskryf. Hy het dit aan Pears genoem dat die konsulent en kerkraad hom in 'n memoriam aanbeveel het as leraar van Albanie. Die pos is vir Pears toe aangebied. Die lidmate sou voorsiening vir 'n woning moes maak. (17) Pears het hierdie aanbod aanvaar.

John Pears is in Edinburg gebore in 1790 en het aan die universiteit van Edinburg gestudeer vanaf 1806 - 1809. Die M.A. graad het hy eervol verwerf by King's College, Aberdeen op 30 Januarie 1819. Voordat hy gelegitimeer is as leraar deur die presbiterie of ring van Kirkcaldy op 14 Augustus 1816, was hy dosent by 'n plaaslike kerkskool. Kort nadat hy gelegitimeer is, is Pears na Northumberland waar hy hulpleraar was by Alnwich en in South Shields. In 1825 is hy beroep na Maling's Rigg Chapel, Sunderland en is georden op 20 Desember 1825. In 1828 het hy 'n aanstelling van die sekretaris van die staat vir die kolonies by die Skotse Setlaars te Glen Lyden aanvaar. (18) Hy het op 3 Maart 1829 in Kaapstad aangekom en Glen Lyden bereik op die eerste Mei. So het hy lid van die Ned. Geref. Kerk geword. In 1830 het sy pad in 'n ander rigting geloop toe hy aangestel is as professor in Engels en klassieke letterkunde by die S.A. Kollege, Kaapstad. In 1835 moes hy die

pos neerlê a.g.v. 'n gebrek aan fondse om met die pos voort te gaan. Vanaf 1836 tot 1839 het hy 'n privaatskool gehad in Buitensingel Kaapstad. In daardie tyd was hy ook voorsitter van die "Christian Instruction Society" - 'n vereniging wat hom beywer het vir die christelike opvoeding van veral minderbevoorregte kleurlinge. (19)

Hy is op Sondag 21 April 1839 deur ds. G. Morgan as leraar van Albanie bevestig. (20) Die bevestiging was volgens Dreyer moontlik op Grahamstad in 'n Engelse kerk omdat Albanie nog nie oor 'n eie kerkgebou beskik het nie. (21) Die gemeente sou moes leer om 'n Skot te aanvaar en ds. Pears moes Hollands bemeester. Sy kennis en uitspraak van Hollands het egter altyd gebrekkig gebly. (22)

2. DIE AANKOOP VAN KERKGRONDE

Daar was nog nie 'n dorp nie, maar die lidmate van Albanie wou 'n kerkgebou hê. Op soek na 'n geskikte plek, het die plaas Mooimeisiesfontein homself as't ware aangebied. Hierdie plaas was op 'n stadium die besit van Piet Retief, die voortrekkerleier. By die stigting in 1831 was Retief lidmaat van die gemeente. Hy was toe nog nie die eienaar van die plaas nie, maar het dit later offisieël geword. Die plaas was 3108 morge (2521,2096 hektaar) groot. (23) In April 1840 het die kerkraad besluit om die plaas of 'n deel daarvan te koop. (24) Op daardie stadium was dit die eiendom van ene M.J. van Rooijen. Die kerkraad het van hom toe 1574 morge (1276, 8288 hektaar) gekoop. Die oorblywende deel het die eiendom geword van Dirk Willem van Rooyen. (25)

Die kerkraad sou 10750 riksdalers moes vind om die skuld te delg. Volgens algemene gebruik, is besluit dat erwe verkoop sou word om

die skuld te help betaal. Die erwe sou elk 7500 vk. treë (6302,52 vk. meter) beslaan. Die eienaars sou die voorreg hê om 2 perde, 12 osse, 2 koeie en 25 skape of bokke op die veld van die kerk te laat wei. Elke eenaar moes jaarliks 'n bepaalde som as "recognitie" betaal. (26)

3. DIE EERSTE BOUKOMMISSIE

By 'n vergadering in Junie 1838 was daar al sprake van die noodsaaklikheid van een of meer vaste geboue vir openbare godsdiensoefening. (27) Op 8 Junie 1840 is daar besluit dat 'n kerk so spoedig moontlik gebou moes word. 'n Boukommissie is aangestel, bestaande uit J.M.C. Behrens, J. Potgieter en J.E. Welgemoed. Baie van die kerkraadslede het beloof om iets te gee of 'n deel van die kerk te help bou. So het J.C. Potgieter beloof om o.a. die preekstoel te maak. (28)

Die ou woning van die vorige eenaar van Mooimeisiesfontein het as pastorie gedien, terwyl die godsdiensoefening ook daar en op ander plekke in die gemeente gehou is. Meestal het die gemeente blykbaar in Grahamstad vergader. (29) Dit lyk asof daar later besluit is om eers 'n pastorie te bou, want teen die einde van 1840 is begin met die bouwerk daaraan. Die notules meld egter nie dat die bou van die pastorie voorkeur sou geniet bo dié van die kerk nie. Ds. Pears het omtrent die toestand van die gemeente in 1840 aan die ring enkele dinge uitgewys. Daar is Sondae drie maal eredienste gehou. Op Saterdagae is koor geoefen. Die nagmaal is agt keer per jaar bedien. Oor opvoeding het hy gesê dat baie ouers wel pogings aangewend het om hulle kinders op die regte spoor te bring "maar het gebrek des meesters is zeer groot en dus het leer

der jeugd zeer gebrekkelyk". (30)

Teen 1840 het daar klagtes gekom oor nalatigheid aan die kant van die voorleser, "dominee", Mynhardt. Die kerkraad het dit aan hom gestel dat hy sy pos kan verloor as hy nie sy sokkies optrek nie. In Desember 1840 is hy volgens die bepaalde artikel van die reglement gesuspendeer. (31)

4. DS. PEARS VERSKUIF NA 'n OORWEGEND ENGELSE GEMEENTE

Op 13 Julie 1841 het ds. G. Morgan van Somerset-Oos aan die regering geskryf en hulle meegedeel dat hy 'n brief ontvang het van die St. Andrews Church om te hoor of hy nie leraar aldaar wou word nie. Sy eksellensie sou akkoord gaan met so 'n aanstelling. Ds. Morgan wou eers weet of as hy na die Skotse kerk oorgaan, die regering sy pensioen, wat aan leraars van die Ned. Geref. Kerk betaal word, sou laat voortgaan. Daar was 'n ander saak waaraan hy meer waarde geheg het. Hy het aan sy gemeente in Somerset-Oos gedink en was begaan oor sy moontlike opvolger. Meer as die helfte van sy gemeente was Engels. Sy opvolger sou ten volle bevoeg moes wees om in Engels te preek. Hy noem dit dat 'n Engelse leraar na Somerset-Oos gestuur kan word en dat 'n boorling van S.A. weer sy plek kan inneem. (32) Ds. Morgan is tevrede gestel en het op 22 September 1841 aan die ring laat weet dat hy na Kaapstad gaan. Hy het belowe om altyd belang te stel in die welvaart van die Hollandse Geref. Kerk. (33)

Dit lyk of die regering geluister het na ds. Morgan se voorstel, want in 1841 is die Skot, ds. John Pears van Albanie, aangestel as leraar te Somerset-Oos. So het Albanie dan sy eerste vaste leraar

na 'n kort tydjie verloor (1839 - 1841). Hy het dus nie veel tyd gehad om 'n groot rol te speel in die ontwikkeling van die gemeente nie. Hy was 'n geleerde man en het selfs op natuurkundige gebied 'n bydrae gelewer met sy idees oor die verband tussen die minder wordende reënval in S.A. en bos-en-veldbrande. Deur sy ywerige medewerking het Gill-kollege op Somerset-Oos tot stand gekom. 'n Meisieskool is deur sy vrou daar gestig. (34) Sy het as mej. Louisa Ann Ashcraft in 1830 uit Skotland gekom om met hom te trou. Hulle het een seun en vier dogters gehad. Ds. en mev. Pears is kort na mekaar oorlede. Hy het op 18 Junie 1866 in sy pastorie gesterf en sy op 1 Februarie 1867. (35)

5. DIE EINDE VAN DIE SKOTSE BEDIENING IN ALBANIE

Sedert sy stigting in 1831 is die gemeente bedien deur Skotse leraars in die persone van ds. Morgan as konsulent en daarna ds. Pears as vaste leraar.

Teen 1836 het die stroom Skotse leraars voorlopig opgehou. 'n Hele aantal landseuns het na hul studie uit Europa teruggekeer en moes van standplase voorsien word. (36) Met die vertrek van ds. Pears in 1841 is Albanie dan ook verder bedien deur landseuns. So het daar in 1841 'n einde aan die Skotse bediening in Albanie gekom. Alhoewel daar nie oral tevredenheid was met die Skotse leraars nie, het die Afrikanerlidmaat en Skotse leraar mekaar tog gevind en is baie antipatie oorwin. (37) In die loop van die tyd is die Skotte aanvaar as 'n gawe van God aan ons volk. (38) So sou Albanie ook in dankbaarheid kon terugdink aan die leiding wat hulle aan hierdie eertydse grensgemeente gegee het.

Die Britse regering se verengelsingsbeleid en pogings om die kerk

te verengels met Skotse leraars, sou nie slaag nie. In 1841 het die gemeente ook 'n ander verlies gely. So asof hy net vir Skotse leraars die klok gelui het, het die koster, mnr. G.C. Snyman, na tien jaar se arbeid bedank. (39)

6. DIE GEMEENTE GETOETS

Die Nederlandse Geloofsbelydenis sê o.a. in artikel 29: "Die merktekens om die ware kerk te ken, is die volgende: as die kerk die suiwer prediking van die evangelie beoefen, as dit die suiwere bediening van die sakramente gebruik soos Christus dit ingestel het, as die kerklike tug gebruik word om die sondes te straf. Kortom, as almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles verwerp wat daarteen stry en Jesus Christus erken as die enigste Hoof". Nou is die vraag: kon die gemeente van Albanie sedert gemeentestigting hierdie toets slaag in soverre as wat die mens op die uiterlike kan oordeel? Heel aan die begin is daar ongereeld gepreek a.g.v. die herderloosheid van die gemeente. Met die koms van die voorleser het die toestand verbeter. Gereelde verkondiging kon plaasvind met die koms van 'n vaste leraar. Daar is gereeld Sondae gepreek, bidure is gehou en selfs koor gesing. Die sakramente is in die begin slegs vier maal per jaar bedien. Met die koms van ds. Pears is dit agt maal per jaar gevier. So is die hoorbare Woord weer gereeld opgevolg deur die sigbare Woord in die sakramente. Die lidmate se geloof kon hierdeur net versterk word. Tot op hierdie stadium word die beoefening van die tug nie vermeld nie. In die latere geskiedenis van die gemeente is die tug wel deeglik toegepas.

Dit was werklik nog worsteljare in die lewe van die gemeente en oor

baie aspekte van die bediening in die gemeente is daar min of geen inligting nie. Ons kan aanvaar dat die gemeente so getrou moontlik hul roeping probeer nakom het om waarlik kerk van Christus te wees.

VOETNOTEHOOFSTUK 2

1. Notule, Ring van Graaff-Reinet, R3/1 (a) KKA, 47
2. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/1 KKA, 6
3. Dies., 7
4. Dreyer: a.w., 23
5. Notule, kerkraad Albanie, G21, 1/1 KKA, 10; goewerneur-kerkraad C.O. 5100 KA, 21 Junie 1833
6. Muller: a.w., 181
7. Dies., 185 - 191
8. Dies., 197
9. Muller: Die Britse owerheid en die Groot Trek, 59
10. Muller: Die oorsprong, 234
11. Notule, kerkraad van Albanie, G21, 1/1 KKA, 19
12. Kruger, D.W.C. (red.): Suid-Afrikaanse Biografiese Woordboek III, 694 - 695
13. Notule, kerkraad Albanie, G21, 1/1 KKA, 21 (Brief net so in Engels in notule)
14. Dies., 22
15. Dies., 23
16. Notule, Ring van Graaff-Reinet, R3/2 KKA, 31
17. Bell - Pears C.O. 5101 KA, 28/11/1838, 211
18. Sass: The influence of the church of Scotland on the Dutch Reformed Church of S.A., 36
19. Kruger: a.w., 694 - 695
20. De Honigbij 1839, 93, 255
21. Dreyer: a.w., 30
22. Kruger: a.w., 694

23. Dreyer: a.w., 6 - 7
24. Notule, kerkraad Albanie, G21, 1/1 KKA, 34
25. Ned. Geref. Kerk in Oos-Kaapland: Diens van Barmhartigheid,
1 (Privaat versameling)
26. Notule, kerkraad Albanie, G21, 1/1 KKA, 40 - 41
27. Notule, kerkraad Albanie, G21, 1/1 KKA, 28
28. Dies., 42 - 43
29. Dreyer: a.w., 31
30. Godsdiensverslag, Albanie, R3/2 KKA, 265
31. Notule, kerkraad Albanie, G21, 1/1 KKA, 48
32. Morgan - regering C.O. 501 KA, 13/7/1841, 23
33. Notule, Ring van Graaff-Reinet, R3/2 KKA, 317
34. Kruger: a.w., 694 - 695
35. Dies., 695
36. Van der Watt: a.w., 27
37. Dies.,
38. Die Kerkbode 1924, 1199; Sass: a.w., 250
39. G.C. Snyman - kerkraad, G21, 4/1 KKA, 22/6/1841

HOOFSTUK 3DIE BEDIENING IN ALBANIE DEUR LANDSEUNS1. DR. ADRIAAN ROUX

Die voorstel van ds. G. Morgan dat 'n Skotse leraar sy plek te Somerset-Oos moes vul, is deur die regering opgevolg en ds. Pears is in 1841 aangestel. Albanie het gou weer sy eie leraar ontvang.

Hierdie keer was dit iemand uit eie bodem. Het die regering begin besef dat sy beleid van verengelsing nie slaag t.o.v. die kerk nie?

Die boorling van die Kaap wat aangestel is, was dr. Adriaan Roux, gebore op 20 Januarie 1812 in Kaapstad as kind van Paul Roux en Anna Elizabeth Harold. Adriaan, 'n slim kind, wou predikant word.

Hy het sy voorbereidende studie gedoen aan die akademie van 'n sekere Evans. Toe die S.A. Kollege in 1829 geopen is, was hy een van die eerste studente. Hy het vreemde tale maklik aangeleer.

Toe hy negentien jaar oud was, is hy na Holland en het in die stigtingsjaar van sy latere gemeente, Albanie (1831), daar aangekom.

Sy teologiese studie het te Leyden 'n aanvang geneem. Op 5 Oktober 1836 is hy deur die Provinsiale Kerkbestuur van Zeeland te Middelburg as proponent toegelaat. Hy het verder studeer en het op

7 Maart 1838 aan die Leidse universiteit 'n doktorsgraad in die teologie verwerf. In September 1838 het dr. Roux weer sy voete op

Kaapse grond gesit. Op daardie stadium was daar geen vakature wat hy kon vul nie. Hy het hom besig gehou deur op te tree as sekretaris van "De maatschappy ter uitbreiding van beschaving en letterkunde". (1)

2. DR. ROUX SE AANSTELLING LEI 'N NUWE TYDPERK IN

Op 11 September 1841 het J. Moore Craig van regeringsweë aan

dr. Roux geskryf en gevra of hy bereid sou wees om die vakante le-
 raarspos te Albanie te vul. (2) Dr. Roux het die aanstelling aan-
 vaar. (3) Op 7 Oktober 1841 het J. Moore Craig weer aan dr. Roux
 geskryf met die nuus dat hy te Albanie aangestel is vanaf die eerste
 November. Sy salaris sou £200 per jaar wees. (4) Die gemeente
 was nog steeds nie sy reg gegun om sy eie leraar te beroep nie.
 Alle aanstellings is nog deur die regering gedoen. Hierdie manier
 van doen het baie teenstand uitgelok en is uiteindelik afgeskaf.

Op 9 Januarie 1842 is dr. Roux bevestig op Mooimeisiesfontein.
 Die plegtigheid het plaasgevind in 'n groot waenhuys. Ds. A. Smith
 van Uitenhage het die bevestiging waargeneem. (5) Volgens Dreyer
 was dr. Roux die tweede leraar wie se ordening in S.A. plaasgevind
 het. (6)

Toe dr. Roux in die gemeente begin werk het, was daar slegs 'n klein
 huisie waar hy 'n kamer kon kry. Dit was bewoon deur ene Potgieter
 en sy familie. In die voorhuis van die huis is die eerste gods-
 diensoefeninge gehou. Dit is nie duidelik hoekom dr. Roux nie in
 die pastorie, wat in ds. Pears se tyd begin bou is, gebly het nie.
 Miskien was die bouwerk, wat in 1840 begin is, nog nie voltooi nie.
 Volgens Dreyer is daar ook op 'n stadium godsdiensoefeninge gehou in
 'n huis wat aan 'n sekere Morkel behoort het. Toe die pastorie enig-
 sins bewoonbaar was, is die bovertrek gebruik vir godsdiensoefen-
 inge. (7)

By 'n vergadering gehou op 10 Januarie 1842, die dag na die bevesti-
 ging van dr. Roux, is besluite geneem i.v.m. die bou van 'n kerk.
 Daar is besluit om 'n gebou van 30 voet by 15 voet naby die pastorie

op te rig om as 'n tydelike plek van aanbidding te dien. (8) So is 'n gebou van strooi en klei opgerig om as kerk te dien. 'n Band van 'n wawiel is aan 'n boom opgehang om te dien as klok (Dreyer). In 1842 het ene C.F. Pohl Snr. 'n som geld geskenk vir 'n kerkklok. (9)

Op daardie stadium in die geskiedenis van die gemeente was daar van 'n dorp nie juis sprake nie. Tussen 1842 en 1843 was daar wel korrespondensie tussen die kerkraad en 'n landmeter, ene C.S. Roger, oor die uitmeet van 'n dorp op Mooimeisiesfontein. (10) Tydens 'n kerkraadsvergadering op 5 September 1842 te Grahamstad, het dr. Roux voorgestel dat die te stigte dorp Riebeek genoem word. Hy het gedink aan die volksplanter Jan van Riebeek. (11) Hierdie voorstel is eenparig aanvaar. Hier het ons waarlik 'n geval waar daar eers gemeentestigting plaasgevind het en toe 'n dorp tot stand gekom het. Die kerkraadslede het aan die strate name gegee. Soos te verwagte, hoor ons van straatname soos o.a. Kerkstraat, Morganstraat, Pearsstraat, Rouxstraat, en ook Nelstraat. Veel later is "Oos" by Riebeek gevoeg om hom te onderskei van Riebeek-Wes en Riebeek-Kasteel. Laasgenoemde twee dorpname het nog nie bestaan ten tye van die stigting van die dorp Riebeek nie.

Albanie het weer 'n leraar gekry, maar moes in daardie stadium die dienste van 'n vaste koster ontbeer. Mnr. G.C. Snyman, die eerste koster, het in 1841 bedank. Teen Desember 1841 het ene Johan George Lötter sy dienste as koster aangebied. (12) Dit is onbekend of hy wel aangestel is. Die aansoek van C. KEEVE in Januarie 1843 is nie aanvaar nie. (13) Op 17 April 1843 is mnr. G. Snyman as koster aangestel. (14) Dit is onduidelik, maar waarskynlik was dit dieselfde persoon wat die eerste koster van die gemeente was.

Dit lyk dan ook of hy net tydelik gehelp het, want in 1844 is ene G.J. Knoetze as koster en voorleser aangestel. (15)

In die godsdienverslag van 1843 het dr. Roux gesê hy bespeur in die gemeente 'n toenemende agting vir en belangstelling in die Evangelie. Dit is betreur dat die gemeente nog nie 'n behoorlike plek gehad het om die openbare godsdien te beoefen nie. Pogings sou wel aangewend word om dit te verkry. In hierdie verband is daar ook hulp gevra van die gemeentes in die ring. (16)

3. VERDERE POGINGS TOT KERKBOU

In 1845 is weer besluit op kerkbou. Daarvoor moes geld ingesamel word. 'n Versoekbrief aan goewerneur Maitland om geldelike hulp te vra vir die bou van 'n kerk, is geweier. (17) Dit was in lyn met Ordonnansie No. 7 van 1843 wat bepaal het dat geen kerk binne die Kolonie reg het op staatstoelae nie. Alle ondersteuning van die owerheid sou bloot vrywillig wees. (18) In opvolging van die ordonnansie is die staatstoelae vir die besoldiging van voorlesers, koster, orreliste en klokluers in 1845 gestaak. Dit het tot gevolg gehad dat die benoeming van hierdie amptenare nie meer aan die goewerneur voorgelê is vir goedkeuring nie. (19) Al hierdie dinge het die kerk gehelp om meer selfstandig op te tree.

Albanie het voortgegaan sonder regeringshulp. Vir die bou van die kerk het dr. Roux, ouderling Behrens en diaken J.H. Bosch opgetree as boukommissie. Bouwerk is begin nadat die kerkraad £500 sterling bymekaar gehad het. Die fundamente is afgesteek op 16 April 1845. Heelwat later is die dag van ingebruikneming bepaal vir 22 Februarie 1846. Di. Pears, Smith, Thompson en Welsch sou optree. Die

kerkraad het ook aandag gegee aan die gangbare gebruik om sitplekke te verhuur. Die volgende bepalings het gegeld: die prys van 'n bank was £1.10 per jaar en vir 'n enkel sitplek is 5 sjielings gevra. Voordat die dag van ingebruikneming van die kerkgebou kon aanbreek, het gerugte van oorlog die rondte gedoen en is die geleentheid uitgestel. Daar is nog 'n datum bepaal, maar toe het die oorlog werklik uitgebreek en het daar niks van gekom nie. (20)

Op die vooraand van die grensoorlog het die stand van godsdiens in die gemeente, volgens dr. Roux, 'n gunstige indruk gemaak. Daar was 'n sug na meer "godsdienstige" kennis. Die openbare erediens is nie versuim nie en die opkoms na die nagmaal was goed. Hy het dit genoem dat die regering geldelik hulp geweier het vir die bou van 'n kerk. As gevolg daarvan moes die voltooiing van die binnewerk uitgestel word. (21)

4. DIE PLATTELANDER EN SY ONDERWYSBEHOEFTE

Die boer in die platteland was destyds in baie gevalle te arm om sonder die arbeid van hulle kinders klaar te kom, veral in ploeg-oes-en-skeertyd. Baie ouers het ook gedink dat onderwys met die oog op "aanneming" genoeg is. (22)

James Rose Innes, eerste S.G.O., het in 1843 'n sisteem van Derde klas skole in die lewe geroep. Dit is ingestel om in die onderwysbehoefte van die plattelandse bevolking te voorsien. Al hierdie skole was toeganklik vir elke kind van goeie gedrag, afgesien van ras of kleur, en sonder enige betaling. Engels moes so gou as moontlik die medium van onderwys gemaak word. (23) Volgens die 1834-regulasies kon persone sulke "privaatskole" oprig met 'n

sekere toelae van regeringskant. (24) Die regulasies van die sisteem van Derde klas skole het o.a. ingehou dat die regering £30 sou bydra tot die onderwyser se salaris, op voorwaarde dat die plaaslike inwoners 'n skool en huis aan die onderwyser voorsien. Hulle moes so betaal dat die totale salaris van die onderwyser ten minste £70 beloop. Die opvoeding moes sekulêr wees soos in die regeringskole. (25)

In 1845 het die kerkraad van Albanie 'n brief ontvang van die superintendent van onderwys. Dit het die volgende voorstelle bevat wat van regeringsweë gedoen is:

- 1) dat die voorsinger ook onderwyser moet wees;
- 2) dat hy daarvoor 'n vaste salaris van £30 moet kry waarvan £18 deur die regering betaal sou word en £12 deur die kerkkas.
- 3) dat hy bowendien deur die regering vergoed sal word vir skoolgeld waarop hy geregtig mag wees.

Die kerkraad het hierop besluit dat die destydse voorleser, moontlik G.J. Knoetze, nie die bekwaamheid besit het wat van 'n onderwyser vereis word nie en dat dit baie moeilik sal wees om 'n bekwame persoon te vind. (26) Voordat die kerkraad in 1845 verder aandag aan die onderwysprobleem kon gee, het 1846 aangebreek en daarmee die volgende grensoorlog.

VOETNOTEHOOFSTUK 3

1. Dreyer: a.w., 35 - 36
2. J. Moore Craig - dr. Roux C.O. 5101 KA, 11/9/1841, 480
3. Dr. Roux - regering C.O. 501 KA, 13/9/1841, 41
4. Notule, Ring van Graaff-Reinet, R3/2 KKA, 365
5. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/1 KKA, 54; De Honigbij 1842, 32
6. Dreyer: a.w., 37
7. Dies., 37 - 39
8. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/1 KKA, 54
9. C.F. Pohl - Kerkraad, G21, 4/1 KKA, 1842
10. Kerkraad - C.S. Roger, G21, 4/1 KKA, 1842 - 1843
11. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/1 KKA, 65 - 66 (Vergadering te Grahamstad)
12. J.G. Lötter - Kerkraad, G21, 4/1 KKA, Des. 1841
13. C. Keeve - Kerkraad, G21, 4/1 KKA, Jan. 1843
14. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/1 KKA, 71
15. Kerkraad - G.J. Knoetze, G21, 4/1 KKA, 1844
16. Godsdiensverslag, Albanie, R3/4 KKA, 30
17. Kerkraad - Maitland C.O. 5102 KA, 4/9/1845, 413; regering - kerkraad, G21, 4/1, KKA 1845
18. Ned. Geref. Kerk in Z.A. Wetten en Bepalingen 1843, 3 - 4
19. Brown: Geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk in die 19^e eeu (diktaat) 88
20. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/1 KKA, 93 - 94, 103, Godsdiensverslag, Albanie, R5/2 KKA, 19- 20
21. Godsdiensverslag, Albanie, R5/1 KKA, 46 - 47
22. Badenhorst: Die aandeel van die kerk, 42

23. Dies., 40 - 41 .
24. Badenhorst: n Histories-sosiologiese ondersoek, 27
25. Malherbe: Education in South Africa, 88
26. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/1 KKA, 98 (Brief van S.G.O.
aangehaal)

HOOFSTUK 4DIE GEMEENTE EN DIE GRENDOORLOË, BOTSINGS TUSSEN WIT EN SWART1. ONSEKER EN ONVEILIGE TOESTANDE RONDOM GRENDOORLOË

Die grensoorlog wat gedreig het, het in 1846 uitgebreek. Hierdie oorlog staan bekend as die Byoorlog. Riebeek-Oos het ook onder die aanvalle deurgeloop en die kerk is verniel. ⁽¹⁾ Elders in die land was landgenote se harte oop vir hierdie grensboere se nood. Op 29 Julie 1846 het ds. G.W.A. van der Lingen van die Paarl aan die kerkraad van Albanie geskryf en berig dat 'n kollekte in die gemeente £27 sterling opgelewer het. Dit is aan Albanie beskikbaar gestel ten einde verdeel te word onder die noodlydendes. ⁽²⁾

In die godsdiensverslag van 1848 het dr. Roux 'n aanduiding gegee van die moeilike tyd wat die gemeente deurgemaak het. Hy het gesê dat die gemeente 'n geruime tyd verstoke was van die openbare godsdiens a.g.v. die oorlog. Soms is die gemeentelede ter wille van onderlinge beskerming bymekaar getrek, terwyl hulle elke oomblik 'n aanval verwag het. Ander kere weer, het hulle buite die grense van die gemeente veiligheid vir hulle gesinne en vee gesoek. Daar is 'n laer getrek rondom die pastorie wat later aangeval is. Byna al die groot vee is geroof. Die mense wou nie langer bymekaar bly nie en dr. Roux was verplig om na Grahamstad uit te wyk. Daar was hy bykans werkloos. Toe hy later teruggekeer het, is hy andermaal genoodsaak om sy woning te verlaat omdat byna die hele gemeente, wat 'n nuwe inval gevrees het, na die binneland uitgewyk het. "Gode zij dank! dat de oorlog ten einde gebragt is en de gemeente zich dien ten gevolge sedert het begin dezerjaars in het genot van geregelde openbare godsdiens verblijden mag." ⁽³⁾

As gevolg van die grensoorlog was die gemeente baie verarm. In April 1848 het daar weer voor die kerkraad 'n brief gedien van die superintendent van onderwys. Die gedagte was dat 'n skool by Riebeek opgerig moes word. Dit het beteken dat 'n skoolgebou en woning vir die onderwyser verskaf moes word.⁽⁴⁾ Hierdie skrywe van die S.G.O. het verband gehou met die instelling van Derde klas skole in 1843. Daar is bepaal dat die regering £30 sou bydra tot die onderwyser se salaris, op voorwaarde dat die plaaslike inwoners 'n skoolgebou en 'n huis aan die onderwyser voorsien.⁽⁵⁾ Die kerkraad het besluit dat die gemeente nog te veel belas was met kerkskuld en dat hulle nie in daardie stadium so 'n projek kon aanpak nie.⁽⁶⁾

Die meeste aandag was in daardie stadium gekonsentreer rondom die opbou van die gemeente en kerkgebou. Die ingebruikneming van die kerkgebou moes twee keer uitgestel word a.g.v. die grensoorlog. Die gebou het ook gedeel in die verwoesting wat aangerig is. Die weer-opbou van die kerk het £900 sterling gekos, waartoe die regering geweier het om iets by te dra.⁽⁷⁾ Op geestelike gebied het die gemeente in 1849 'n gunstige indruk gemaak, ondanks die beproewinge wat hulle deurgemaak het. Dr. Roux het berig dat baie die lewe van godsaligheid wou lei. Die opkoms na die eredienste was groter as voorheen. Die nagmaal is baie goed bygewoon.⁽⁸⁾

Die gemeente het in daardie stadium uit 1000 siele bestaan waarvan omtrent 330 belydende lidmate was.⁽⁹⁾ Ook in 1850 was daar 'n gunstige staat van godsdiens. Die gemeente het meer en meer toegeneem in Godsvrug en kennis. Die opkomste na die eredienste was aansienlik en gereeld.⁽¹⁰⁾ Dit lyk dus of die grensoorlog die gemeente geestelik sterker gemaak het en meer erns in die harte

gewerk het.

Rustigheid was egter nie dadelik vir die gemeente beskore nie. Vanaf 1850 het die agtste grensoorlog weer in die Oostelike Provinsie gewoed. Dreyer meld dat koloniste uit die Westelike Provinsie kom help het in die stryd. Later het die swartes se voedsel opgebraak en is die oorlog uiteindelik in 1853 beëindig. ⁽¹¹⁾ Weereens was daar mede christene wat hulle ontferm het oor die nood van die grensbewoners. Op 26 Januarie 1852 het ds. T.J. Herold van Stellenbosch aan die kerkraad van Albanie geskryf en gesê dat £33.15 aangestuur word vir die persone in nood. ⁽¹²⁾

In 1853 het dr. Roux aan die Ring berig dat baie gemeentelêde vóór die uitbreek van die oorlog binnelands uitgewyk het. Hulle was omtrent twee jaar versprei in die onderskeie gemeentes grensende aan Albanie. Die lot van die gemeente was ook dié van die leraar. Onder die omstandighede kon hy nie sy gemeente versorg nie. ⁽¹³⁾

In De Kerkbode van 14 Mei 1853 het dr. Roux geskryf dat die grootste gedeelte van die lidmate weer terug was binne die grense van die gemeente. Die mense was verarm omdat feitlik al die huise verbrand was en hulle baie vee verloor het. Dit was nog nie te veilig nie, en hulle moes gewapen rondry. Volgens dr. Roux het dit gelyk of die gemeente oor die algemeen nie verhard het nie. ⁽¹⁴⁾

2. DIE EERSTE SKOOL EN 'n HOLLANDSE ONDERWYSER

Op 1 Desember 1855 het die kononiale sekretaris 'n brief aan dr. Roux gerig om te sê dat die goewerneur die instelling van die elementêre skole wat vir die distrik Albanie gevra is, sal oorweeg. ⁽¹⁵⁾ Dit is onseker of dr. Roux self die skole aangevra het en of hy dit

gedoen het as skriba van die Ring.

Op Riebeek self was daar verwikkelinge, want op 4 Oktober 1858 het dr. Roux die kerkraad meegedeel dat 'n onderwyser aangekom het. Die heer Abraham Nauta het met sy familie uit Holland opgedaag om die betrekking as onderwyser, voorsanger en koster, wat hom aangebied is, te aanvaar. Hy het op 15 September 1858 met sy vrou en twee kinders op Riebeek aangekom. Die kerkraad het by die vergadering van 4 Oktober dit goedgekeur "dat de school op morgen zal geopen worden". (5 Okt. 1858) Nauta sou voorlopig in 'n huurhuis woon. Die skoolgelde was £1.10 per kind per kwartaal. (16) Dr. Roux het later aan die ring berig dat dit die kerkraad geluk het om 'n skool tot stand te bring. Daar sou 'n ruim huis gebou word waardeur die onderwyser in staat gestel word om sy kwekelinge te huisves. Volgens dr. Roux was hierdie gebrek die oorsaak daarvan dat die skool nie vroeër tot stand gekom het nie. 'n Skool was op daardie stadium noodsaaklik as 'n mens daarop let dat die gemeente in 1859 bestaan het uit 1400 siele waarvan 500 belydende lidmate was. (17) In April 1859 wou die kerkraad 'n huis vir Nauta laat bou. 'n Aanbod van Thomas Emanuel en William Henry Passmore om die gebou op te rig vir £860 is aangeneem. (18) Die eerste skoolgebou met onderwyswoning met ruimte vir kosleerlinge is in 1859 in gebruik geneem. Hierdie gebou is later verkoop aan mnr. J.W. Swemmer, een van Nauta se opvolgers. Daarna het dit weer van eienaar verwissel. (19) In die totstandkoming van 'n skool het hierdie gemeenskap 'n tree verder gegee op die pad van selfhandhawing. Met die skool sou hulle verseker dat lidmate vir die gemeente behoue bly.

3. DIE BEHOEFTE AAN 'n GROTER KERKGEBOU

Intussen het die gemeente groter geword. In 1856 was daar al 1200 siele waarvan 400 belydende lidmate was. By die bediening van die nagmaal was die opkoms so goed dat die kerk te klein geword het. Daar is dan ook 'n galery aangebring om meer plek te voorsien. (20) Teen 1859 was die sieletal 1400 waarvan 500 belydende lidmate was. (21) Tydens 'n kerkraadsvergadering op 2 Januarie 1860 het dit geblyk dat baie gemeentelêde wou hê dat die kerkgebou vergroot moes word. Die kerkraad het besluit om eers lyste rond te stuur om te sien watter bedrag die gemeente sou bydra voordat 'n vergroting aangepak word. Teen April 1860 het dit geblyk dat die gemeente bereid was om £370 by te dra. Na 'n lang bespreking het die kerkraad eenparig besluit dat dit in die lig van slegte toestande van die kerkmure nie raad-sal wees om iets daaraan te probeer doen nie. As die kerk tot 'n kruiskerk verander word, moes die grootste gedeelte van die mure afgebreek word. Sodanige veranderings sou byna net soveel kos as om 'n nuwe kerk te bou. Daar is toe besluit om 'n nuwe kerk te bou. (22) 'n Tender van Passmore vir £3725 is aangeneem. (23) In die eerste notuleboek van die gemeente vind ons die bewoording van 'n aantekening wat geplaas is onder die hoeksteen van die nuwe gebou. Die hoeksteen is gelê op 7 Januarie 1861 deur mev. Charlotte Loise Roux, gebore van der Riet. Verder lees dit: "Maker van plan: Alexander Clark. Boumeester: Thomas Emanuel en William Henry Passmore, "die ondernomen hebben het gebou te voltooijen, klok en uurwerk niet ingesloten, voor de som van £3725." (24) Onder die hoeksteen, in 'n kassie, is ook muntstukke en die kerklike almanak vir daardie jaar, geplaas. Die klok is in Dublin gegiet. Binne

in die kerk is alles in Gotiese styl gedoen. 'n Doopvont is gemaak uit wit rotssteen. (25) Die banke is weer verhuur. Loting het plaasgevind met inagneming van die voorkeurbeginsel. Die persone wat £100 en meer bygedra het, kon eerste loot vir die banke, daarna dié wat £50 en meer bygedra het, ens. (26)

Op Saterdag 31 Mei 1862 het die gemeente bymekaar gekom vir die in-gebruikneming van die nuwe kerkgebou. Met 'n kort toespraak en danksegging deur dr. Roux, en na die sing van Psalm 100, het die gemeente afskeid geneem van die ou kerkgebou. Met die kerkraad vooraan is die gemeente daarna in optog na die nuwe gebou. Die oudste ouderling moes 'n nuwe Bybel op die kansel plaas. Twee diakens moes die silwerwerk van die nagmaal saambring. Twee ander diakens moes die "collecte schalen" saambring. Nadat dr. Roux die deure oopgesluit het in die Naam van die Allerhoogste, is die gemeente na binne. Die oudste dogter van dr. Roux het die orrel gespeel. Dr. Roux het in Hollands gepreek na aanleiding van Esra 6: 16: "En die kinders van Israel, die priesters en die Leviete en die ander, uit die ballingskap afkomstig, het die inwyding van hierdie huis van God met vreugde gevier." Hy het daarop gewys dat die skoonste tempel die na Christus vernuwe en geheiligde hart is. (27) So kon 'n dankbare gemeente 'n nuwe plek van aanbidding ingebruik neem. Die lidmate wat hierdie kerkgebou gebruik het, was die woonagtig in die area wat in 1863 soos volg omskryf is: "Ten Noorden en Western - eene regte lijn getrokken van Gaika's Kop naar Peffer's Kop, en dan van daar naar den uitloop der Brakrivier in Katrivier; van daar de loop der Katrivier, tot waar de Kloekloe zich darin ledigt; van daar een regte lijn tot waar de Koeromo in

de Koenap loopt; van daar de loop der Koenaprivier, en vervolgens die der Groot Vischrivier, tot waar zij zich in see stort. Ten Zuiden - De Zee; Ten Oosten - de grenscheiding tussen de Kolonie en Britsch Kaffraria." (28)

4. DR. ROUX IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP SE MATERIËLE EN SEDELIKE WELSTAND

Die dorp moes tred hou met die aanwas van inwoners. Sekere fasiliteite moes geskep word. In hierdie taak het dr. Roux ook die gemeenskap gedien. Hy het 'n hand gehad in die planne om water te voorsien vir die dorp. In 1866 het hy die dienste verkry van 'n watervinder, C. Kohl. Hy het versekering gegee dat daar genoeg water was om te bewaar. Op 17 Januarie 1867 is 'n begin gemaak met die bou van 'n groot dam op die dorp. Dit het £500 gekos, wat bygedra is deur die gemeente, onder leiding van die leraar. (29)

Oor die beskikbaarheid van alkoholiese drank het die kerkraad onder leiding van dr. Roux sterk standpunt ingeneem. Dit was in lyn met die waarskuwende stem wat die Kerk nog altyd laat hoor het in hierdie verband. Wat die kerk vandag vanuit die Skrif oor die gebruik en misbruik van alkoholiese drank te sê het, verwoord dit wat ook in dr. Roux se tyd in die denke van die kerk geleef het, nl.:

- 1) Die Skrif erken die vryheid van die mens om drank te gebruik, maar met volle verantwoordelikheid.
- 2) Die Skrif veroordeel alle misbruik van drank. Sodanige misbruik is 'n sonde, en die dronkaard, tensy hy hom bekeer, sal die koninkryk van God nie beërwe nie.
- 3) Die Skrif beklemtoon die wenslikheid dat die Christen hom vry-

willig sal onthou van die gebruik van alle sterk drank ter wille van die swakkere hoeder en van eie beveiliging, en waarsku in sterksprekende taal teen die gewoontevormende mag van drank.

- 4) Die Skrif waarsku teen die sonde om aan ander drank te gee om hom te verlei. (30)

Met die aanlê van Riebeek-Oos is 'n bepaling gemaak dat erwe verkoop sou word op voorwaarde dat daar nooit op enige erf sterk drank verkoop mag word nie. By hierdie bepaling is gehou, maar 'n sekere mev. Praed wou 'n lisensie vir 'n hotel en kantien op Riebeek-Oos bekom. In 1867 het die lisensiehof in Grahamstad die aansoek goedgekeur. Die kerkraad het heftig hierteen geprotesteer. Uiteindelik was hulle genoodsaak om 'n saak te maak teen die lisensiehof in die Hooggeregshof. (31) By 'n vergadering op 6 April 1868 is dit aan die kerkraad bekend gemaak dat hy sy saak gewen het. Die kerk moes egter sy eie onkoste dra. (32)

Dat die gemeente Albanie gewaak het oor die sedelike lewe van sy ampsdraers, word duidelik uit 'n voorval wat in 1881 plaasgevind het. Op 'n buitengewone kerkraadsvergadering op 1 Januarie 1881 is 'n brief voorgelê waarin 'n persoon beswaar gemaak het teen 'n gekose diaken. Hy het hom op die 22^e September 1880 skuldig gemaak aan die misbruik van sterk drank. Die klaer het o.a. geskryf: "omdat de Heer X sich op den 22 September jl. hier mijn huis (sich) onfatsoenlijk gedragen heeft Hy kwam hier in een manier en sag er niet knap uit en kon niet met fatsoen een koppie koffie gebruiken sonder het om te smyten op de tafel; ten tweede, toen hy het huis verliet, kon hy niet fatsoenlijk voortgaan sonder eene mynen

dochters by de deur uit te stoten" (33) Die kerkraad het besluit dat die persoon wel "iets" gedrink het, maar nie soveel dat hy hom te buite gegaan het aan sterk drank nie. Hy is later as diaken bevestig. So het 'n gemeentelid en die kerkraad hulle onderskeie verantwoordelikhede nog besef om jou broeder se hoeder te wees.

5. DIE PLAASLIKE SKOOL WORSTEL OM 'n VOORTBESTAAN

Op onderwysgebied het dit in hierdie jare nie te goed gegaan nie. By 'n kerkraadsvergadering in Januarie 1869 is gesê dat daar in die laaste kwartaal slegs elf kinders op skool was. In die voorafgaande jare was die getal skoliere nie genoeg om uit die skoolgelde die salaris van die onderwyser te betaal nie. Die onderwyser se salaris sou in die toekoms op 'n ander manier gevind moes word. Daar is ook besluit om Nauta aan te spreek om hom beter te kwytsê van sy pligte as koster. As hy nie hou van die manier waarop sy salaris voortaan gevind sal word nie, word hy kennis gegee dat sy dienste nie na die einde van die kwartaal benodig sal word nie. (34)

In antwoord hierop het Nauta in April 1869 sy ontslag gevra, en gekry. (35) Die kerkraad het toe besluit om die poste van koster en onderwyser te skei. Die onderwyser sou 'n jaarlikse salaris van £15 as voorsanger aangebied word.

Die gemeenskap was gelukkig om nog in 1869 weer die volgende onderwyser te verwelkom. Hy was mnr. A.H. van Buren Schele. Die kerkraad het die poste van koster en onderwyser weer gekombineer. Van Buren Schele was ook voorleser. Hy het £80 as onderwyser verdien, asook £20 as koster en voorleser en het vrye inwoning ge-

niet. (36) Dit het stadigaan begin beter gaan. Teen die einde van 1872 het die getal skoliere vermeerder tot dertig. Dit het nodig geword dat die onderwyser hulp moes kry. Dr. Roux het voorgestel dat 'n "juffrou", wat goed Engels verstaan en handwerk kon doen, as hulp gesoek moet word. Die salaris is vasgestel op £70 per jaar. (37) Geen reaksie is ontvang nie, selfs nie na 'n advertensie in die Grahams Town Journal nie. Dr. Roux se twee oudste dogters het hulle bereid verklaar om te help totdat iemand gevind is.

In die godsdiensverslag van 1874 het dr. Roux gemeld dat die getal kinders die vorige jaar tot 38 gestyg het. Die getal het in die laaste kwartaal van 1874 tot 10 verminder. Die oorsaak daarvan moet gesoek word, sê hy, deels a.g.v. die aanhoudende droogte wat die mense verarm het, en deels a.g.v. die gebrek aan veewagters. Die kinders is nou gebruik as veewagters. Die onderwys word ook nie op prys gestel nie. (38)

Op 4 Januarie 1875 is 'n brief van Van Buren Schele aan die kerkraad voorgelê. Hy het 'n beter betrekking te Ladybrand gekry en het sy ontslag gevra. (39) Die kerkraad het gereageer deur hom meer geld

aan te bied, maar hy het alreeds die betrekking te Ladybrand aanvaar. Na sy vertrek was die skool vir 'n halwe jaar gesluit. (40)

In Augustus 1875 is 'n onderwyspos aangebied aan "mej. die weduwee" P.J. Marais. (41) Teen die einde van 1878 het ds. J.F. Berrange,

vroeër van Richmond, aansoek gedoen om die onderwyspos te Riebeek-Oos. Hy was op daardie stadium uit die bediening weens swak gesondheid. (42)

Die kerkraadsnotules maak nie melding van 'n vakante pos nie. Moontlik het hy aansoek gedoen omdat hy vooraf kennis gedra het daarvan dat die weduwee Marais die pos in 1879 sou neerlê.

Daar is geen bewyse hiervoor nie. Ds. Berrange se aansoek is ook nie aanvaar nie. Nadat die weduwee Marais die onderwyspos in 1879 neergelê het, het die kerkraad besluit om nie dadelik weer 'n onderwyser te kry nie, omdat die getal kinders weer verminder het. (43)

Aan die Ring het dr. Roux berig dat hulle nog nie weer die skool kon open sedert die vertrek van die weduwee Marais nie. Hulle kon geen bekwame en geskikte onderwyser vind nie. Daar was wel hier en daar privaatskole, dog daarin is slegs elementêre onderwys gegee deur persone waarvan 'n mens nie weet of hulle daartoe bekwaam is nie. Sommige van hulle kon glad nie Hollands verstaan nie. Dr. Roux het gesê dat as daar genoeg kinders is en 'n beter salaris aangebied word sodat 'n onderwyser verkry kon word, kon die leraar beter geleentheid kry om godsdiensonderwys aan die jeug en gemeente te gee, haar te lei en onder Gods seën te vorm tot waardige lede van die Christelike kerk. Daar was egter geen hoop nie, want die mense is verarm deur die verlies van vee, ens. Hulle kon beswaarlik die losies van hulle kinders bekostig. Tog is daar, volgens 'n opname in Julie jl., aan salaris en losies vir 7 onderwysers ruim £500 betaal, terwyl slegs 45 kinders elementêre onderwys ontvang. Hy het gehoop dat daar 'n verandering ten goede sou kom. (44)

In Maart 1880 was daar weer 'n aansoek vir die onderwyspos. Die man wat homself aangebied het, was A.J. Dieperink M.D. Hy het in sy aansoek gemeld dat hy nie 'n onderwyser was nie, maar 'n Hollandse geneesheer en letterkundige. Volgens sy lang brief, waarin hy sy geskiedenis uitgelê het, was hy 'n gesiene man in Nederland.

Dieperink se aansoek is aanvaar. Hy het sy vertrek na Riebeeck-Oos weens verskeie redes 'n paar maal uitgestel. Die bronne is oor

die saak nie duidelik nie. Dit blyk dat hy op die ou end nie na Riebeek-Oos gekom het nie. (45) Volgens Dreyer het die volgende persone die een of ander tyd 'n onderwyspos te Riebeek Oos bekleed, nl.: M.M. Marais, W.J. Goosen, G.P. Theron, D.K. Theron, P.J. de Wet (± 1880 - 1890). (46)

Gedurende die laaste paar dekades van die 19^e eeu het 'n volgende fase in die land se ontwikkeling ingetree wat die gemeente Albanie nie onaangeraak sou laat nie. Een van hierdie ontwikkelings was die verbetering van die spoorweë. Dit het beter verbindings tussen dorpe en stede moontlik gemaak. Hawestede het ontwikkel en die vooruitgang van sekere dorpe, soos bv. Grahamstad, is aangehelp. Die Engelse is dikwels in hierdie proses bevoordeel. Nou het dit gebeur dat daar in ongeveer 1880 'n nuwe skool in die omgewing van Riebeek-Oos geopen is. Dit is opgerig te Alicedale. Hierdie bedreiging vir Riebeek-Oos se reeds wankelrige skool was die gevolg van 'n spoorlynverbinding. Wet 13 van 1873 het bepaal dat 'n aanvang met die spoorlyn vanaf Port Elizabeth na die noorde gemaak sou word en dat Boesmansrivier 'n stasie sou wees wat as aansluiting sou dien vir die taklyn na Grahamstad. Die ingenieur in beheer van hierdie projek, 'n sekere mnr. Slessor, was getroud met 'n dame met die naam van Alice Dale, en so het die aansluiting dan die naam Alicedale gekry. Die spoorlyn tot op Alicedale is voltooi op 27 Augustus 1877. Hier het dus 'n woongebied en groeipunt weg van Riebeek-Oos af ontstaan. Hierdie "aansluiting", Alicedale, sou feitlik selfversorgend wees. Die "Cape Government Railways" het nie alleen huisvesting aan sy werknemers verskaf nie, maar ook baie ander dienste. Huise is bv. opgerig vir 'n geneesheer, 'n skoolhoof

en 'n posmeester. In 1880 is daar met 'n skool begin. Die spoorlyn wat by Riebeek-Oos verbygegaan het, het die dorp afgesny van ontwikkeling - en dit sou beslis nie die plaaslike skool ten goede kom nie. (47)

6. DIE EINDE VAN 'n ERA

Dr. Roux, Albanie se eerste Afrikaanse leraar, het nou die einde van die pad begin nader. Hy is in 1842 in die gemeente bevestig en teen 1882 het die ouderdom sy tol begin eis. By 'n vergadering op 15 April 1882 is aan dr. Roux volle pensioen uit die "landskas" toegestaan, asook sy emeritaat. (48) Hy het op Sondag 16 April 1882 van die gemeente afskeid geneem. Sy hele bediening van veertig jaar het hy in Albanie verrig. Van sy kerkraad het feitlik almal, behalwe een, voor hom belydenis van geloof afgelê en enkeles is ook deur hom gedoop. Sy afskeidsboodskap het hy ontleen aan 2 Kor. 13:11: "Verder, broeders, wees bly; word volmaak; laat julle vermaan; wees eensgesind; hou vrede, en die God van liefde en vrede sal met julle wees." Dr. Roux het o.a. melding gemaak van die dinge wat in sy dienstyd op Riebeek-Oos gebeur het. Daar is verwys na die bou van die pastorie, 'n kerkgebou wat oor die £4000 gekos het en sonder skuld ingewy is, die dam wat vir £500 gebou is, en die aanbou van 'n skool. Alles was betaal en daar was nog 'n batige saldo in die kas.

Van die kant van die kerkraad en gemeente is in 'n adres aan hom gesê: "nie alleen was u ons geestelike vader en leidsman nie, maar ook in elke ander saak wat die opbloeï van die gemeente aangegaan het, was u ons tot raadsman en voorganger, en in tye van siekte ons

hulpverlenende vriend." Dit is seker die mooiste woorde wat 'n le-
raar kan hoor aan die einde van sy bediening. Al wat hy nog sou
kon begeer, is die woorde: "mooi so gaan in in die vreugde van
jou Heer."

Daar is ook groot erkenning gegee vir die dienste wat mev. Roux en
die dogters gelewer het in die Sondag- en dagskole. Een van die
dogters het ook die sang in die openbare erediens gelei. Aan
dr. Roux en drie dogters is geldbeurse oorhandig. (49)

Dr. Roux is ook deur die Ring geprys vir sy dienste. Sedert die
ontstaan van die Ring van Albanie in 1844 was hy die skriba. (50)

Dr. Roux het hom in Kaapstad gaan vestig. In die laaste week van
Maart 1884 het hy skielik siek geword en is oorlede op Saterdag,
29 Maart, in sy woning te Buitekantstraat. Hy was 72 jaar oud.⁽⁵¹⁾
Mev. Roux het hom met twintig jaar oorleef. (52) Adriaan Roux was
'n gawe aan die gemeenskap van Riebeek-Oos.

Hy het 'n hand gehad in al die groot gebeurtenisse vanaf 1842 tot
1882. Hy was veral begaan oor die opvoeding van die kinders.

Ds. J. Roos, destyds predikant van Alexandria, het o.a. van hom ge-
sê: "Hy was in den rechten zin van het woord een man van karakter,
en alle huichelarij stond bij hom in de diepste verachting". (53)

Dreyer berig soos volg: "In die groot stryd van die kerk teen die
moderne ongeloof (liberalisme) gedurende die jare 1862 - 1875 het
dr. Roux trou aan die kant van die regsinnigheid gestaan." (54)

Gedurende die tyd van geestelike louheid, is aandag gegee aan op-
wekkingsdienste. Herlewing het momentum gekry na die konferensie
wat in Worcester gehou is op 18 en 19 April 1860. (55) In 1861

het die Pinksterbidure sy eintlike begin in die Paarl gehad. Al hierdie dinge het gebeur in dr. Roux se tyd, maar daar is nie spesifieke inligting uit notules, ens. oor hoe hy daarop gereageer het nie. Omdat hy teen die liberalisme gekant was, het hy die beweging vir herlewing waarskynlik gesteun. Volgens sy godsdiensverslae het die kerkbesoek gedurende sy bediening baie verbeter. As leraar het hy die gemeente gelei deur die verskrikking van die grensoorloë en hulle bymekaar gehou.

Dit moes voorwaar 'n dankbare gemeente gewees het wat van hom afskeid geneem het. Hy het 'n gemeente en 'n dorp help opbou. Die basis is goed gelê vir sy opvolgers.

VOETNOTEHOOFSTUK 4

1. Godsdiensverslag, Albanie R5/2 KKA, 19 - 20
2. G.W.A. van der Lingen - Kerkraad Albanie, G21, 4/1 KKA, 29/7/1846.
3. Godsdiensverslag, Albanie, R5/2 KKA, 18 - 19
4. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/1 KKA, 111 (Brief aangehaal in notule)
5. Malherbe: a.w., 88
6. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/1 KKA, 111
7. Godsdiensverslag, Albanie R5/2 KKA, 19 - 21
8. Dies., 48
9. Dies., 57
10. Dies., 79
11. Dreyer: a.w., 43
12. T. Herold - Kerkraad Albanie, G21, 4/1 KKA, 26/1/1852
13. Godsdiensverslag, Albanie, R5/2 KKA, 106 - 107
14. De Kerkbode 1853, 154
15. Notule, Ring van Albanie, R5/2 KKA, 370 (Brief aangehaal)
16. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/1 KKA, 194 - 195
17. Godsdiensverslag, Albanie, R5/3 KKA, 15 - 16, 61
18. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/1 KKA, 206
19. Dreyer: a.w., 86
20. Godsdiensverslag, Albanie, R5/2 KKA, 356, 363
21. Godsdiensverslag, Albanie, R5/3 KKA, 61
22. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/1 KKA, 212
23. Dies., 216

24. Dies., 222
25. De Kerkbode 1862, 192
26. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/1 KKA, 231
27. De Kerkbode 1862, 192
28. De Kerkbode 1863, 158; gemeentegrense, (privaatversameling)
29. Dreyer: a.w., 47
30. Handleiding van die Sinode (1970), 831
31. Dreyer: a.w., 48
32. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/1 KKA, 299 - 300; Hooggeregs-
hof-kerkraad G21, 4/2 KKA, 1865.
33. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/2 KKA, 1 Jan. 1881
34. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/1 KKA, 322 - 323
35. Dies., 324 - 325
36. Dies., 328
37. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/2 KKA, einde 1872
38. Godsdiensverslag, Albanie, R5/6 KKA, 41
39. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/2 KKA, 4 Jun. 1875; Van Buren
Schele - Kerkraad Albanie, G21, 4/3 KKA, 1875
40. Godsdiensverslag, Albanie, R5/6 KKA, 128
41. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/2 KKA, Aug. 1875.
42. J.F. Berrange - Kerkraad, G21, 4/3 KKA 1878
43. Notule, kerkraad Albanie, G21, 1/2 KKA, 1879
44. Godsdiensverslag, Albanie, R5/7 KKA, 241 - 243
45. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/2 KKA, Maart 1880; A.J. Diepe-
rink - Kerkraad Albanie, G21, 4/3 KKA, Maart 1880
46. Dreyer: a.w., 86
47. Alicedaleskool - skrywer, 11/11/80 (privaatversameling)
48. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/2 KKA, 15 April 1882

49. De Christen 1882, 210
50. Notule, Ring van Albanie, 1844 - 1891 KKA, 12 Okt. 1881;
Notule, Ring van Albanie, R5/1 KKA, 1.
51. De Kerkbode 1884, 161
52. Dreyer: a.w., 53
53. De Kerkbode 1884, 185
54. Dreyer: a.w., 49
55. De Gereformeerde Kerkbode 1860, 141 vv.

HOOFSTUK 5DIE BEARBEIDING VAN DIE GEMEENTE TOT AAN DIE EINDE VAN DIE 19^e EEU1. 'n NUWE LERAAR EN SPESIALE PREDIKING KOM DIE GEMEENTE TEN GOEDE

Die tydperk 1843 - 1900 in die land se geskiedenis het ook die vroeë landbouperiode ingesluit. Dit is gekenmerk deur droogtes en vee-siektes, asook swak bemarkingsgeleenthede. Dit het 'n rol gespeel in die verdere verarming van 'n groot deel van die Afrikaanse bevolking. (1) Die kerk het dit as sy taak gesien om 'n helpende hand na die minderbevoorregtes uit te steek. In 1881 is die eerste versorgingsoord vir dowes begin. In 1882 het die barmhartigheidsdiens van die kerk gesorg vir die eerste tehuis vir bejaarde vroue. (2)

Dit is in hierdie jaar, nl. 1882, dat Albanie weer 'n leraar moes beroep. Ds. W.P. Rousseau is beroep, 'n man wat baie te doen gehad het met die verbetering van die armblanke se toestand. (3) Willem Petrus Rousseau is op een (of twee) Augustus 1843 in die omgewing van Richmond, op die plaas Driefontein, gebore. (4) Sy eerste onderwys het hy te Richmond ontvang. (5) Hy het baie gou die aandag op hom gevestig deur hom as jongeling te onderskei deur die begaafdheid om godsdienstige toesprake te hou. (6) Op ongeveer veertienjarige ouderdom is hy na Kaapstad gestuur waar hy ingewoon het by ds. G.W. Stegman, predikant van St. Stephens. Hy het aan die S.A. Kollege gestudeer. In 1858 het Rousseau die eksamen met lof afgeleë en 'n studiebeurs ontvang. (7)

Op 1 November 1859 is die Teologiese Kweekskool te Stellenbosch geopen. Onder die eerste vier studente was ook W.P. Rousseau. Een van sy klasmaats was Charles Smith Morgan, die seun van die eerste

konsulent van Albanie, ds. George Morgan. W.P. Rousseau was ses-tienjaar oud toe hy tot die kweekskool toegelaat is. Die studie sou hy nie moeilik vind nie, want hy het 'n knap verstand gehad. 'n Koerantberig het van hom gesê: "at ten years of age the boy Rousseau was able to read his Greek Testament". 'n Beriggewer was baie in sy skik met Rousseau se eerste proefpreek op 22 Januarie 1863 (Titus 2:11 - 13). Hy het ook gepreek in Kaapstad, Wellington, Richmond, Groenpunt en in die St. Stephens kerk. Sy jongste dogter het later gesê dat niemand onder sy prediking aan die slaap sou raak nie. Na aflegging van die proponenteksamen in Maart 1864, was hy nog te jonk om gelegitimeer te word. (8) Intussen het hy opgetree as hulpprediker van ds. C. Murray in Clanwilliam. Hy is later op 24 Junie 1865 gelegitimeer. Op 22 September 1865 is hy in Clanwilliam georden en bevestig nadat ds. Murray verskuif het na Graaff-Reinet. (9) Ds. Rousseau het ook later gedien in Simonstad (1874) en Hopetown (1877). In Hopetown het hy probleme ondervind a.g.v. sy groot ywer vir die afskaffingsbeweging soos destyds deur die Goeie Tempeliere voorgestaan is. (10) Gedurende die 19^e eeu het die kerk meer bewus geword van sy roeping en taak op maatskaplike gebied. Daar was veral kommer oor die drankewel. Gevolglik het afskaffingsbewegings ontstaan, ook in Suid-Afrika. Die bewegings is hier verwelkom, alhoewel hulle metodes deur baie lidmate van die Ned. Geref. Kerk bevraagteken is. Tog het lidmate van die Ned. Geref. Kerk bv. by die Engelse kerk se "Temperance Society" aangesluit. Ds. W.P. Rousseau was lid van die Goeie Tempeliere, ook 'n afskaffingsbeweging. (11) Die "Orde der Goede Tempeliers" was 'n godsdienstige organisasie wat in 1851 in Amerika ontstaan het. Dit het tydens die sewentiger jare ook sy verskyning in Suid-Afrika ge-

maak. Die doel daarvan was om mense aan te spoor tot 'n nugter lewenswyse en enige vorm van drankmisbruik is as uit die bose beskou. Daar is selfs beweer dat die Nagmaal met ongegist wyn gevier moes word." (12) In verband met die Goeie Tempeliere was daar in die sinode van 1880 'n vraag oor watter houding die leraars en lidmate inneem teenoor hierdie beweging. Op voorstel van die predikant van Hoopstad, ondersteun deur dié van George, het die vergadering eenparig besluit dat die sinode nie 'n bepaalde gedragslyn sou voorstaan nie. Elke kerkraad moes handel na eie kennis. (13) Tydens hierdie vergadering is 'n brief gelees van die uitvoerende raad van die orde van Goeie Tempeliere, waarin gesê is: "we would rejoice to obtain from the venerable Synod the recognition that we are a Christian Order." (14)

Dit is duidelik dat ds. Rousseau, wat lid was van hierdie Orde, onder die invloed gekom het van sy dosent aan die Kweekskool, Prof. N.J. Hofmeyer. Prof. Hofmeyer het die afskaffingsbeweging gesteun en 'n Onthoudingsvereniging op Stellenbosch gestig. Daar is van hom gesê: "he declared himself an advocate of Gospel Temperance and started a Total Abstinence society". In sy ywer vir hierdie saak het hy almal se samewerking gesoek, veral met die stigting van 'n onthoudingsvereniging in elke gemeente. Hy het selfs die oprigting van 'n "Onthoudings Hotel", waarin geen alkoholiese drank aan gebied word nie, in elke gemeente voorgestel. Op 9 November 1882 het hy 'n brief aan leraars gerig waarin hy hulle o.a. aangeraai het om die plaaslike verenigings in te lyf by die "Blue Ribbon Army". Ds. Rousseau het, wat hierdie saak betref, sterk aanklank gevind by Prof. Hofmeyer, en het, soos Hofmeyer, hom teen weerstand vasge-loop. (15)

nooi. Die sekondant van die voorstel was ds. G.W. Stegman, die man by wie ds. Rousseau as seun ingewoon het. By die sinode van 1880 het die kommissie 'n rapport voorgelê. Die kommissie het die opdrag gehad om aan alle kerkrade die aanbod te doen om spesiale dienste te laat hou. Die werk is met erns begin deur o.a. dr. S. Hofmeyer en dr. Andrew Murray. Hierdie spesiale dienste het gewoonlik 'n paar dae geduur. Die aandag van die gemeente is dan by een saak bepaal, nl. die oorgawe van die sondaar aan sy Heer. Daarbenewens is persoonlik met die sondaar gehandel, sowel in die dienste as by die huise. Die gedagte was dat daar voorbereiding moes wees en dat die werk opgevolg moes word. Die doel van die spesiale prediking was die redding van siele, die insameling van God se uitverkorenes en die versterking van die geloof. Die man wat die kragtigste stoot gegee het aan hierdie aksie was dr. Andrew Murray. Hy het o.a. gesê: "Die prediking is in so 'n tyd baie eenvoudig. Die prediker gesels meer met die mense as wat hy preek, sodat die jongste en eenvoudigste dit kan vat." (20)

Daar was wel ook besware teen die spesiale dienste en dit is nie oral aanvaar nie. Dit is afgemaak as opsweping van gevoel. Ander het gesê dat 'n kunsmatige opgewektheid geskep word wat na afloop van die dienste weer verdwyn het. Sommige het dit duidelik gestel dat verbondskinders nie bearbei mag word asof hulle ongeredde mense is nie. Spesiale evangelieprediking is ook gesien as onskriftuurlik en ongereformeerd. (21) Op al hierdie argumente is antwoorde aangevoer en baie gemeentes het wel van die spesiale dienste gebruik gemaak. Die lidmate van Albanie het veel seën uit hierdie dienste ontvang. In die sinodes van 1870 en 1876 is o.a.

gesê: "die saak van die inwendige sending moet op meer doeltreffende wyse deur die kerk behartig word." (22) Onder leiding van ds. Rousseau het Albanie verdere aandag aan hierdie saak gegee. In 1884 is daar 'n begin gemaak met die gereelde bearbeiding van die "heidense kaffers". 'n Gestig is vir hulle gebou. Moontlik het die spesiale dienste die sendingywer aangewakker. In 1886 is die eersteling uit die geledere van die "kaffers" in die kerk opgeneem deurdat 'n paar bejaardes gedoop is. Die blinde evangelis, mnr. Dawid Roux, het hulle bearbei. (23) In 1887 het ds. Rousseau 'n begin gemaak met gereelde godsdiensoefeninge in die buitewyk, Alicedale. Alicedale is 'n spoorwegaansluiting 'n aantal kilometer vanaf Riebeek-Oos, en 'n dorp op sy eie. Die lidmate aldaar het onder die gemeente Albanie geval. Die dienste daar het noodsaaklik geword omdat die lidmate nie die dorp Riebeek-Oos gereeld kon besoek vir eredienste nie.

Spesiale evangelieprediking het intussen 'n patroon in die bediening aangeneem. In 1888 het dr. Andrew Murray vir 'n tweede keer spesiale dienste op Riebeek-Oos gehou. (24) Dit sou tot voordeel van elke toehoorder wees.

Die jaar 1890 het die gemeente met gemengde gevoelens agtergelaat. Op 8 Junie 1890 is fees gevier ter gedagtenis aan die 50-jarige bestaan van hierdie "plaats als kerkplaats". Dit het uit die ou notules geblyk dat die plek gekoop is op 13 April 1840, die eerste paalement op 8 Junie betaal is en die eerste erwe toe uitgegee is. (25) Die gemeente sou sekerlik teruggedink het aan jare van grensoorloë en die stryd om oorlewing. Die toekoms het rooskleuriger gelyk.

Maar, 1890 het ook sy donker kant gehad. Die pastorie is in rou gedompel toe ds. Rousseau sy vrou, Sophia, aan die dood moes afgee. Hy is op 25 November 1864 met Sophia Petronella Korsten van Stellenbosch getroud. Haar vader was die plaaslike landdros. Sy was 'n fyn opgevoede dame en 'n briljante pianis. Uit hierdie huwelik is 'n groot gesin gebore. (26) Een bron noem dat hy elf kinders gehad het by Sophia, waarvan een 'n aangenome kind was. Met al die name wat genoem word, tel hulle egter twaalf. (27) 'n Ander bron noem dat daar sewe kinders uit hierdie huwelik gebore is. Hoe dit ook al sy, 'n groot gesin het sonder 'n moeder agtergebly.

2. UITBREIDING VAN SKOOLGERIEWE

Die publieke skool te Riebeek-Oos was sedert die einde van 1891 gesluit omdat die onderwyser vertrek het. 'n Klein privaatskool wat daarna opgerig is, het min steun gekry. Daar was ook 'n rondgaande skool in Fonteinskloof, 'n buitewyk, maar dit het tot niet gegaan. (28) Die rondgaande skole het ten doel gehad om onderwys te verskaf aan die verwaarloosde armes van blanke afkoms. Thomas Muir, S.G.O. het hiervan o.a. gesê: "my firm conviction is that of all kinds of schools to be found in the colony they are the least satisfactory. They may be defined as specially favoured mission schools of an intermittant character; "mission schools" because they are not found by a publicity elected committee but by the D.R.C. minister of the district, and sometimes, too, are little else than preparation classes for confirmation." (29)

Hierdie skole was egter in die guns van die mense omdat hoë toelaes van regeringskant ontvang is. Die skole is gekenmerk deur hulle kort lewensduur. Die rondgaande skole is teen 1893 reeds geheel

en al vervang deur die "arm skole". (30)

Die skool te Riebeek-Oos was darem nie vir lank gesluit nie. In 1892 is mnr. J.W. Swemmer daar aangestel as hoof van die A3 skool. Ds. Rousseau het, in opdrag van die kerkraad, 'n vervoerbare skoolgebou van hout en sink van oorsee bestel. (31) Dit moes dien as aanvulling van die reeds bestaande skool. Daar is ook gesorg vir die leerlinge se rydiere. Op 'n kerkraadsvergadering in Maart 1893 is besluit dat "school kinderen die van de naburige plaatsen ten schole komen, hunne paarden in het kamp in den dag gratis mogen laten weiden". (32) Dit is duidelik dat die kerk deurgaans betrokke was by die onderwys en algemene welsyn van die kind. In hierdie jare het die term "armblanke" al meer ter sprake gekom. (33) Gedurende hierdie moeilike jare het die Ned. Geref. Kerk groot werk op onderwysgebied gedoen. Rondom die jaar 1893 is daar bv. getuig: "the D.R.C. was one of the most powerful agencies in bringing about the practical success of the Grants-in-aid system. It furthered the interests of education throughout the country by sympathetic supervision, by establishing institutions of higher education, by actively supporting teacher training industrial schools, and by bringing mother tongue instruction to its rights in the schools". (34)

3. DS. W.P. ROUSSEAU REAGEER POSITIEF OP 'n BEROEP NA PIETERMARITZBURG.

Ds. Rousseau het tussen al die werksaamhede deur tyd gehad om 'n nuwe lewensmaat te soek. Op 11 April 1894 was daar bruilof te Graaff-Reinet toe hy getroud is met Hendrina Helena Te Water. Sy was die dogter van die plaaslike burgemeester. (35) Uit hierdie huwelik is net een dogter, Carolina Theodora, gebore.

was, vertrek het, is ds. Rudman en die kerkraad getoets om te kyk of hulle nie 'n toeskietliker houding sou aanneem nie. In Januarie 1899 het 'n "Israeliet" L. Jacobson, by die kerkraad aansoek gedoen om 'n hotel op die dorp op te rig. Hy het beloof om vir hierdie voorreg £10 jaarliks te betaal. Die aansoek was nie suksesvol nie. (42) 'n Ander "Israeliet", Harry Levitt, het ook sy geluk met 'n soortgelyke aansoek beproef, maar sonder sukses. Dat die heer Jacobson "business" in gedagte gehad het, het duidelik geword toe hy in April 1899 weer 'n aansoek by die kerkraad ingedien het om 'n hotel op te rig. Ondanks die £15 per jaar wat hy toe aangebied het, is die aansoek nie toegestaan nie. (43) Die kerkraad het hier dus voorkomend te werk gegaan en die gemeenskap baie ellende bespaar. Ds. Rudman het sy bediening met ywer aangepak en te oordeel na die opkomste na die eredienste, was daar vrug op sy arbeid. Die gemeente het, volgens hom, getrou huisgodsdienste gehou. Sendingwerk is nog gereeld gedoen deur mnr. Dawid Roux. Ds. Rudman was bekommerd oor die gebrek aan geskikte koshuise. (44) Die Anglo-Boereoorlog wat in 1899 begin het, het ook sy ongunstige uitwerking op die gemeente gehad. Ds. Rudman het in 1900 opgemerk dat die omstandighede ongunstig was vanweë die oorlog. Die land en volk het geween. Gapende klowe het ontstaan tussen die partye in die kerk en staat, sê hy in 'n godsdienstverslag. (45)

Ten spyte van hierdie toestande, het die kerkraad nie sy sendingtaak verwaarloos nie. Hulle het besluit om die plaaslike sendingling £30 jaarliks toe te ken, i.p.v. £10. Hulle wou ook graag 'n gestig vir die kleurlinge oprig. (46) Die blanke kerkraad het in daardie dae nog beheer uitgeoefen oor die sendinggemeente. Tydens 'n vergadering in September 1900 het dit geblyk dat die sake van die

op die gebied van geestelike onderwys. Die Kinderbybel en Kategismus was bv. handboeke op skool. Hollandse liedere is gesing. (49)

So het die gemeenskap die beste opvoeding aan hulle kinders probeer gee wat in die omstandighede moontlik was. Die Anglo-Boereoorlog was 'n tydelike terugslag vir die onderwys in S.A. oor die algemeen. Die Afrikanerdom het egter net sterker na vore gekom. "Hierdie oorlog het op die opvoedingstrewe van die Afrikaner 'n invloed uitgeoefen wat nie maklik oorskat kan word nie. Dit het vir hom 'n saak geword van lewe en dood om dit wat hy as sy eie beskou het, te behou." (50)

Wat die bediening betref, het die prentjie teen 1902 nie goed gelyk nie. Die uitwerking van die oorlog is wel deeglik gevoel. Krygswet het baie gemeentelike aktiwiteite belemmer. In Riebeek-Oos is die werksaamhede in die buitewyke geheel en al gestaak. Die gewone biduur, die buitedienste en die huisbesoek is nie gehou nie. Die siekes is in vele gevalle nie besoek nie. Daar was geen gesellige basaar nie. Selfs die opkomste na die openbare eredienste op doop-Sondae en op die gewone feesdae was in die reël klein. Die gevolg van alles was dat 'n groot deel van die gemeente agteruitgegaan het in hulle geestelike en sedelike lewe. Daar was egter baie lidmate wat die knieë nie voor Baäl gebuig het nie. (51)

So het die gemeente Albanie dus aan die einde van die eeu na 69 jaar van gemeentewees, weer moeilike dae geken. Die geskiedenis van die gemeente tot hiertoe is gekenmerk deur stryd teen magte van buite. Dit het daartoe bygedra dat die gemeente verenig gestaan het in hulle pogings om te verseker dat die Woordverkondiging en onderwys kan voortgaan. Op sendinggebied was die ontwikkeling

stadig, maar die vlam is brandend gehou. Die gemeente was gelukkig om leraars van formaat te hê wat goed leiding gegee het. Deur alles was God werksaam en het Hy self voor sy kudde uitgeloop.

Daar was sekere tendense en faktore waarmee die gemeente nie rekening gehou het nie. Riebeek-Oos was nie 'n groeipunt nie. Dit was een van die redes waarom die gemeente nie veel vooruitgang getoon het nie. Hulle het aan hulleself as die kerklike hoofpos gedink, terwyl hulle in die hele proses van ontwikkeling in die land, verbygegaan is. Alicedale, 'n buitewyk van die gemeente, het meer moontlikhede van groei getoon a.g.v. die spoorlyn wat daar aangedoen het. Riebeek-Oos was dus besig om van 'n kerklike hoofpos oor te gaan in 'n buitepos.

VOETNOTEHOOFSTUK 5

1. Du Toit, P.: Die salf van eie gom, 160
2. Dies., 161
3. Dies., 160
4. Ferreira, I.L.: Die eerste vier studente aandie Kweekskool, 11
5. Dreyer: a.w., 55
6. De Kerkbode 1903, 369
7. Dreyer: a.w., 55
8. Ferreira: a.w., 14, 94 - 95, 120
9. Jaarboek van die Ned. Geref. Kerke 1967, 541; Dreyer; a.w., 56
10. Dreyer: a.w., 56 - 57
11. Acta Synode 1880, 5, 1/15 KKA, 51, 700 a, 700 b
12. Scholtz: Fraserburg en sy kerk, 96; Schreiner: De Orde der Goede Tempeliers, 29.
13. Acta Synode 1880, 5, 1/15 KKA, 51
14. Acta Synode 1880, 5, 1/15 KKA, 700 a, 700 b
15. Ferreira: Die Teologiese Seminarium van Stellenbosch 1858-1963 163-4
16. Notule, Ring van Beaufort 1880, R9/1 KKA, 2; De Christen, 10/9/1880, 350
(Dreyer: a.w., 56 sê dat ds. Rousseau vrywillig bedank het)
17. Dreyer: a.w., 56 - 57
18. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/4 KKA, 76
19. Dreyer: a.w., 58 0 61
20. Du Toit, G.D.: Spesiale evangelieprediging, 6 - 10. 27 - 31, 50
21. Dies.

22. Du Toit: Die salf ..., 160
23. Dreyer: a.w., 60
24. Dies., 58 - 61. Die godsdiensverslae van 1880 - 1891 was nie beskikbaar nie.
25. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/2 KKA, Junie 1890
26. Ferreira: Die eerste vier, 142
27. Dies.; De Kerkbode 1903, 369
28. Godsdiensverslag, Albanie, R5/6(a) KKA, 1891 - 92
29. Badenhorst: n Histories-sonologiese, 36 - 37
30. Dies., 37
31. Dreyer: a.w., 86
32. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/3 KKA, Maart 1893
33. Malherbe, E.G.: Onderwys en die armblanke. Die armblanke-vraagstuk in S.A. III, 47
34. Malherbe: Education, 117
35. Ferreira: Die eerste vier, 142
36. De Kerkbode 1897, 751, 783
37. Dreyer: a.w., 60
38. Ferreira: Die eerste vier, 143, 145 - 6
39. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/3 KKA, 4/4/1898
40. Dreyer: a.w., 66 - 68
41. Jaarboek van die Ned. Geref. Kerke 1967, 541; Dreyer: a.w., 65
42. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/3 KKA, 2 Jan. 1899
43. Dies., 2 April 1899
44. Godsdiensverslag, Albanie, R5/6 (a) KKA, 1899
45. Dies., 1900
46. Dies..
47. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/3 KKA, 1 September 1900.

48. Byvoegsel tot Die Burger, 21 April 1962, 10.
49. Onderwysverslag, Albanie, R5/6 (a) KKA, 1900
50. Badenhorst: n Histories-sonologiese, 61
51. Godsdiensverslag, Albanie, RA 1/2 KKA, 1902, 1978 - 9; Notule
Ring van Albanie, R5/7 (d) KKA, Nov. 1902

HOOFSTUK 6NA-OORLOGSE AANPASSINGS DEUR DIE KERKRAAD1. GEVOLGE VAN DIE ANGLO-BOEREORLOG

Die Anglo-Boereoorlog het begin op 11 Oktober 1899 en is beëindig met die Vrede van Vereniging op 31 Mei 1902, en het die Afrikaners verder verarm! In die twintigste eeu sou dit tot 'n armblanke vraagstuk kom. Die Afrikaner boer was die lydende party. Dit is bereken dat ± 30000 plase afgebrand is en dat ongeveer $\frac{4}{5}$ van die veestapel verwoes is. (2) Suid-Afrika was in 1902 skerp verdeel in twee groepe, nl. die verarmde Afrikaanse landelike mense, teenoor die welgestelde Engelse stedelinge. (3) In die stede was daar byna geen verwoesting van eiendom nie. Die stedelinge kon feitlik net so na hulle huise en beroepe terugkeer. By die kustede het dit goed gegaan. Die jare 1902 - 1903 word gereken as een van die uitstaande tydperke van voorspoed en ekonomiese opbloei. Heelwat verarmde boere het gevolglik na die stede getrek om hulle heil daar te probeer vind. Die openbare dienste, soos spoorweë en polisie, is deur lord Milner byna volledig verengels. (4) Op politieke gebied het lord Milner gewerk in die rigting van 'n federasie van S.A. waarin die Britse element sou domineer. Hy het Britse immigrasie aangemoedig. Teen die einde van 1903 het al omtrent 31000 Britse immigrante in S.A. aangekom. Milner wou ook graag die platteland verengels en het engelse op plase geplaas. (5)

2. DIE AANDRANG OP BESTENDIGE BEDIENING IN DIE GRAHAMSTAD-WYK

In hierdie moeilike jare moes baie opgeoffer word en aanpassings gemaak word. Nuwe eise is aan die kerk en die gemeentes gestel.

Albanie-gemeente het sy versoeke om aanpassings gehad.

Enkele lidmate woonagtig te Grahamstad, het aandag begin vra.

Daar is reeds in 1887 aandag aan hierdie mense gegee toe ds. W.P.

Rousseau in verskillende sale en selfs in 'n losieshuiskamer dienste gehou het. (6)

Hierdie bediening was egter nie op gereelde basis nie. Tydens 'n kerkraadsvergadering op 5 September 1903 het ds.

Rudman bekend gemaak dat hy die gemeentede te Grahamstad gaan besoek. Die kerkraad het by daardie geleentheid ook die versoek van

mnr. J. Muller (broer van dr. Tobie Muller) toegestaan, nl. dat 'n sekere teologiese student gedurende sy vakansies die lidmate in

Grahamstad kan bearbei. Mnr. J. Muller is later gekies as diaken

vir Grahamstad. (7) Twee afgevaardigdes namens die gemeentede

wat te Grahamstad woonagtig was, het op 11 Januarie 1904 by 'n kerkraadsvergadering verskyn. Hulle was mnre. J. Muller en H.J. van

Rensburg. Die heer Muller het die kerkraad versoek om, indien

moontlik, 'n hulpprediker of medeleraar met 'n werkkring te Graham-

stad te beroep. Die gemeentede te Grahamstad het £70 vir 'n jaar

gewaarborg. Die kerkraad het nie aan die versoek gehoor gegee nie,

maar wou die lidmate tog tegemoet kom. Een van die ouderlinge het

voorgestel dat ds. Rudman 'n beter salaris moes ontvang en dat hy op die laaste Sondag van elke maand dienste te Grahamstad moes hou.

Die nagmaal moes twee keer per jaar te Grahamstad bedien word.

Hierdie voorstel is aanvaar. Daar is ook voorgestel dat ds. Rud-

man 'n beroep moes doen op die gemeentes in die Kaapkolonie om gel-

delike ondersteuning ten einde 'n geskikte kerkgebou te Grahamstad

op te rig. (8) Die versoek van die gemeentede was vanselfspre-

kend, aangesien hulle vanaf die groter sentrum, Grahamstad, na die

klein dorpie Riebeek-Oos moes gaan om eredienste by te woon.

In 'n ander wyk van die gemeente, nl. die Fonteinskloofwyk, was daar ook in 1904 verwikkelinge. By 'n kerkraadsvergadering op 11 April 1904 het 'n deputasie van hierdie wyk opgedaag in die persone van mnre. van Rijn en J.H. Erasmus. Hulle het 'n versoekskrif voorgelê met 92 handtekeninge. Hulle wou hê dat die kerkraad 'n sekere huis teen £30 of £40 moes koop. Hulle het onderneem om van hulle kant die huis te vergroot om dit vir godsdiensoefeninge te gebruik. Aangesien die gebied groot was, en die mense Riebeek-Oos nie so gereeld kon besoek nie, het dit na 'n redelike versoek geklink. Die kerkraad het dan ook sy goedkeuring aan die saak verleen. (9)

Intussen was sake in Grahamstad nog nie na wense nie. In Maart 1905 het 'n versoek van 25 lidmate, woonagtig te Grahamstad, voor die kerkraad gedien. Daarin is die raad meegedeel dat as hy nie gou 'n plek vir godsdiensoefeninge beskikbaar stel nie, baie lidmate hulle by ander kerke sal aansluit. Dit was 'n baie ernstige dreigement van die kant van die lidmate. Moontlik was dit al manier om die trae kerkraad tot aksie te beweeg. Die raad het toe 'n permanente kommissie aangestel om verder te handel met die probleem. (10) Die probleem was inderdaad ernstig, want in 'n groter dorp soos Grahamstad was daar sekerlik proselietmakery. Om egter aanpassings te maak gedurende die depressie van 1905 tot 1909 was nie so maklik nie. Altans dit is as rede aangevoer. (11) In Riebeek-Oos was daar tog geld vir noodsaaklike geboue - te midde van aanpassing. Was dit 'n kwessie van voorrang, in die sin dat oor die gemeente in terme van die kerkdorp Riebeek-Oos gedink is?

3. DIE AANDRANG OP PLAASLIKE BESTUUR

Die kerkraad het sedert die stigting van die gemeente en die uitlê van die dorp, alles behartig i.v.m. plaaslike dienste. Op die lange duur het dit al moeiliker geword om dit kerklik waar te neem - veral na mate die dienste uitgebrei moes word --- en mense direk betrokke wou wees. Buitendien, algaande het dit duidelik geword dat leibeurte en weikampe nie tuishoort op die agenda van 'n kerkraad nie. Die raad se aandag is noodwendig verdeel en die moontlikheid het bestaan dat sekondêre aangeleenthede te veel aandag ge- verg het. Daar sou 'n aanpassing moes kom. Tydens 'n vergadering op 21 Mei 1906 het ouderling Marthinus Bester voorgestel dat 'n plaaslike bestuur ingestel word. Hierdie bestuur moes verantwoordelik wees aan die kerkraad. (12) Die voorstel is algemeen aan- vaar. Hoe vas die kerkraad nog aan eie bestuur gehou het, blyk uit die aanbevelings van 'n kommissie van die raad in Julie 1906. Die voorstelle was soos volg:

- 1) die plaaslike bestuur sou verantwoordelik wees aan die kerk- raad en jaarliks skriftelik rapporteer oor sy werksaamhede;
- 2) die bestuur moes hom onderwerp aan die bepalinge van die kerk- raad. Daar is aanbeveel dat die plaaslike bestuur uit 5 lede moes bestaan. Die kerkraad sou 8 persone benoem uit wie die erf- houers 5 moes kies met geslote stembriefies;
- 3) die werksaamhede van die plaaslike bestuur sou wees om die dorp namens die kerkraad te bestuur, opsig te hou oor die dorpsveld, die draadheininge, die kerkhof, lokasie, ens.;
- 4) die volgende persone is deur die kerkraad benoem: J.W. Swem- mer, J.F. Lombard, D. Rensburg, H. Engelbrecht, P. Norden,

C. Roux, W. Rensburg, H.C. Bosch en 'n negende persoon, D. Young.⁽¹³⁾

Uit die bepaling is dit duidelik dat die plaaslike bestuur feitlik geen selfstandigheid gehad het nie. Die kerkraad het net van sy werk op 'n "kommissie" geskuif, maar nie sy gesag verminder nie. Die kerkraad het prys gestel op sy dorp - en geld gehad om in sy geriewe te voorsien. Hulle was sekerlik nie gewillig om die swaartepunt te verskuiwe en die oorspronklike aanleg in die gedrang te bring nie.

4. DIE UITBOUING VAN RIEBEEK-OOS

Alhoewel die jare 1905 - 1909 aangedui word as depressiejare, is daar geld gevind vir geboue in Riebeek-Oos.⁽¹⁴⁾ In Junie 1907 het die kerkraad besluit om 'n saal te bou teen £600. 'n Kommissie is aangestel om die nodige middele te vind.⁽¹⁵⁾ Naas die saal wat opgerig is, het die gemeente 'n koshuis asook 'n nuwe pastorie ryker geword. Na die Anglo-Boereoorlog moes duisende weeskinders en die verarmde mense versorg word. Die versorging het veral die vorm aangeneem van inrigtingsorg.⁽¹⁶⁾

Die mense van Riebeek-Oos het al in 1903 voorbrand gemaak vir die verkryging van 'n koshuis. In daardie jaar het 'n afvaardiging van die Skoolkommissie voor die kerkraad verskyn en 'n stuk grond gevra om 'n meisiekoshuis op te rig. Die raad het die saak gesteun en die grond gratis beskikbaar gestel.⁽¹⁷⁾ Wat presies van hierdie projek geword het, is nie duidelik nie. In 1907 was daar nou 'n soortgelyke versoek. Ds. Rudman het 'n oplossing aangebied. Met ophaal van redes het hy aan die hand gedoen dat 'n nuwe pastorie gebou moes word, en dat die een wat hy toe bewoon het, as koshuis ge-

bruik word. Hy het daarop gewys dat die bestaande pastorie te groot was en dat die meeste kamers leeg gestaan het. Reparasie was ook nodig. Buitendien was daar geen ander plek om 'n koshuis te bou nie. Die vergadering het daarop besluit dat 'n nuwe pastorie gebou moes word. Die ou pastorie sou vir £60 p.j. verhuur word as koshuis.⁽¹⁸⁾ Die nuwe pastorie is later opgerig vir £977.10.⁽¹⁹⁾ So het Albanie gedoen wat binne sy vermoë was, nl. om die lewe en omstandighede van die meisies ten goede te verbeter. Die werk is op klein skaal begin, maar het mooi ingepas by die opheffingswerk wat landwyd gedoen is.

Ds. Rudman was 'n ywerige werker, ook wat die tydelike behoeftes van die gemeente betref. Hiervan getuig die aankoop van 'n gedeelte van die historiese plaas Mooimeisiesfontein in 1907.⁽²⁰⁾ Die plaas, destyds die eiendom van ene Kaaitjie Bosch, moes per publieke veiling verkoop word. Die gevaar het bestaan dat dit in vreemde hande kon val. Die kerkraad het gou opgetree en 'n aankoop van meer as £6000 gedoen. Die plaas is toe uitgemeet in persele, wat verkoop is. Hierdie poging was 'n groot sukses. Met die winste is die gemeente se fondse verstewig met ruim £2000.⁽²¹⁾

Op onderwysgebied is daar in daardie jare ook hard gewerk vir die opheffing van die Afrikaner. Die onderwysgeriewe op die platteland het wel afgesteek by die van die stede, maar die belang van die kind is oral na vermoë gedien. Op Riebeek-Oos is mnr. A.C. van der Byl Nelson tot prinsipaal benoem en mnr. J.W. Swemmer tot vise-prinsipaal. Die graad van die skool is toe verhoog na "A2".⁽²²⁾ Mnr. Nelson het later by die kerkraad aansoek gedoen om 'n stuk grond, grensend aan die skoolgronde, te koop om vir

homself daar 'n woonhuis te bou. Die aansoek is toegestaan - vir £10.⁽²³⁾ Die sink en hout gebou wat in ds. Rousseau se tyd van oorsee bestel is, het as skool gedien tot 1907, toe 'n ander gebou opgerig is. Riebeek-Oos se inwoners het, onder leiding van die kerkraad, die waarde van onderwys aan die kind al hoe meer besef, en hulle steun aan verdere ontwikkeling gegee.

5. VOORTGESETTE VERSOEKE OM AANPASSINGS

Die lidmate van Grahamstad het voortgegaan om op meer bestendige en gereelde voorregte aan te dring. Die kerkraad het probeer om iets te doen en het in Junie 1907 besluit om mnr. Dawid Roux, die blinde evangelis, te Grahamstad te plaas. Hy moes die gemeente-lede daar bearbei en Sondae dienste hou. Dit sou slegs kon geskied mits die A.C.V.V. bereid sou wees om die kerkraad met £50 per jaar "tegemoet te kom". Die kerkraad sou mnr. Roux dan 'n salaris van £130 p.j. waarborg.⁽²⁴⁾ 'n Ooreenkoms is bereik en mnr. Roux het begin met gereelde dienste in die "Stow Hall" (moontlik Shawsaal) van die Wesleyane.⁽²⁵⁾ 'n Mens kan die motief van die kerkraad om 'n blinde man aan te stel nie mooi begryp nie. Die swartes is ontnem van hulle "leraar" en die blankes sou nie op die lang duur met hierdie reëling tevrede wees nie. Gedurende die Anglo-Boereoorlog was daar geen half-dosyn Afrikaanssprekende families in Grahamstad nie. Vanaf 1908 - 1910 is 'n opkoms van dertig na die eredienste as goed beskou. Die meeste van hierdie mense was kinders. Die dienste is toe meestal in die Shawsaal gehou, maar somtyds ook "weens gebrek aan kontant of ander redes" in die Good Templar's Lodge in Hillstraat.

Langsamerhand het meer en meer Afrikaner families na Grahamstad

getrek op soek na 'n verdienste. Die meeste van hulle was ongeletterd en los van die kerk.⁽²⁶⁾ Vir hulle het die kerk probeer voorsiening maak deur die gereelde dienste van evangelis Roux aan te bied, met 'n mindere mate van sukses. Dit het nie lank geduur voordat ontevredenheid uitgespreek is nie. In September 1909 is aan die kerkraad gerapporteer dat die lidmate te Grahamstad nie tevrede was met mnr. Roux se dienste nie. Hulle wou 'n hulpprediker hê. Die saak is in bespreking geneem, maar die raad was nie te vinde vir 'n hulpprediker nie. Om kerkraadslede vir Grahamstad te vind, het 'n probleem geword. Die vorige gekose lede het bedank. Verder is gesê dat die sinode in die verlede nie wou help nie, aangesien die getal lidmate te Grahamstad te min was. Albanie kon ook nie twee predikante bekostig of twee kerkgeboue in stand hou nie. Om die gemeente te verdeel, sou beteken om dit te vernietig. Aangesien die gemeentelêde te Grahamstad onwillig was om by te dra tot die kerkfondse, het die vergadering nie kans gesien om mnr. Roux langer in Grahamstad te hou nie. Hy moes teen Desember 1909 sy dienste beëindig.⁽²⁷⁾ Dit blyk dat die kerkraad bang was dat die gemeente verdeel sou word as die lidmate te Grahamstad half op hul eie 'n hulpleraar sou hê. Moontlik was dit die rede hoekom die raad so traag was in sy handelinge. Die behoud van die kerkdorp Riebeek-Oos het by alle oorwegings swaar geweeg.

En, in Riebeek-Oos was die inwoners nie tevrede met die voortgesette kerklike beheer van die dorp nie. In September 1909 het daar 'n deputasie van die dorpsbestuur voor die raad verskyn. Die klagte was voorspelbaar. Hulle het naamlik gesê dat die bestuur magtelos was en dat dit tyd geword het dat 'n "Village Board", onder die

regering, te Riebeek-Oos tot stand gebring moet word.⁽²⁸⁾ Hierop is 'n kommissie aangestel om ondersoek in te stel na die moontlikheid van so 'n bestuur sonder om die vernaamste regte van die kerkraad in te kort, veral m.b.t. die verkope van sterk drank. Dit is duidelik dat die kerkraad nie sommer alle gesag wou laat vaar nie. Vir die kerkraad was dit belangrik om deur sy beheer oor die openbare lewe te waak.

6. DIE GEMEENTE AS WAGTER OOR DIE OPENBARE SEDES

Na die oorlog het die land te doen gehad met die armblankevraagstuk. Baie van die armes het na die stede getrek om daar 'n heenkome te vind. Hulle sou daar aanpassingsprobleme belewe en onder die invloed van verskillende vreemde elemente kom. "n Eerbare, godsdienstige landelike omgewing word in die stad verwissel vir 'n gemeenskap wat veral totaal onverskillig staan teenoor die godsdienste en sedelike sanksies.⁽²⁹⁾ So belangrik as wat die kerk, godsdienste en die algemene eerbied vir God se Woord onder die boere was, so onverskillig was die meeste stadsmense daaroor. Daar was ook in die stad 'n groot verskeidenheid van gelowe.⁽³⁰⁾

Op die platteland was die tradisionele godsdienste sin nog sterk. Ds. Rudman was in 1910, die jaar van Uniewording, redelik optimisties oor die geestelike toestand van die gemeente Albanie. Daar was volgens hom baie stof tot dankbaarheid. Daar was wel dinge wat kommer gewek het. Hy het dit betreur dat meer mense die nuusblaai gelees het as die Bybel. Dalk het die nuus rondom Uniewording iets daarmee te doen gehad! Nagmaal het ook heelwat van sy plek in die lewens van gemeentelike ingeboet. Die armes het in getal toegeneem.⁽³¹⁾ Wat die oorsaak van die verarming te Riebeek-

Oos is, word nie gesê nie. Volgens die Carnegie verslag was: "die ekonomiese agteruitgang veral die gevolg van onvoldoende aanpassing aan moderne ekonomiese voorwaardes by 'n deel van die ouer Suid-Afrikaanse blanke bevolking". Dit kon een van die faktore gewees het wat by Riebeek-Oos 'n rol gespeel het.

Dat die kerkraad sy oog op die sedelike lewe gehou het, en 'n wyer visie as net die gemeentegrense gehad het, het duidelik geword tydens 'n vergadering op 23 Januarie 1911. By hierdie vergadering is daar voorgestel dat die voorsitter namens die kerkraad die regering eerbiedig moes versoek en die wens uitspreek dat sekere bepalinge vir die konsep-huweliksakte nie daarin opgeneem sal word nie. Die parlement het die akte juis toe in behandeling gehad. Die bepaling waarteen die kerkraad beswaar gemaak het, was nl. die wettiging van die huwelik van 'n vrou met die broer van haar oorlede man, en die huwelik van twee getroude persone, wat nadat hulle met mekaar ower-spel gepleeg het, van hulle wettige eggenote geskei is. Die kerkraad het hierdie voorgestelde veranderinge in die huwelikswet beskou as baie skadelik vir die sedelike lewe van die volk en het die diepe oortuiging gehad dat veral die tweede bepaling in stryd is met die onfeilbare Woord van God.⁽³²⁾ Die kerkraad het hiermee getuigenis gelewer dat hy hom deur die Skrif wou laat lei en begerig was dat die burgerlike lewe ook daarvolgens gewettig sou word. Daarmee het hy saam met die kerk in breëre verband standpunt ingeneem.

7. AFSTIGTING KAN NIE VOORKOM WORD NIE

Vanaf 1910 het 'n sekere prof. Dingeman, woonagtig in Grahamstad, die dienste van mnr. Roux in die Shawsaal bygewoon. Hy het soms self as prediker daar opgetree. Mnr. Jaap Potgieter is in hierdie

tyd as ouderling vir Grahamstad gekies en moes vir die volgende ses jaar dienste hou, Sondagskool en kategeese behartig, asook begrafnisse waarneem. Dit is duidelik dat die lidmate te Grahamstad aan verskeie predikers van verskillende standaard onderworpe was. Dit sou onsekerheid en ontevredenheid skep. Aan die einde van 1910 het die ring hulle die lot van Grahamstad se lidmate aangetrek. 'n Ringskommissie het die kerkraad hieromtrent ontmoet tydens 'n vergadering op 10 Maart 1911. Vooraf het die kerkraad eers self 'n vergadering gehou. In 'n verslag wat daar behandel is, het dit geblyk dat daar 239 siele te Grahamstad was wat aan die Ned. Geref. Kerke verbonde was. Die samesprekings met die ringskommissie het nie tot 'n plan van aksie gelei nie. (33)

Die kerkraad het voortgaande probleme gehad met die bediening van lidmate te Grahamstad. Hierdie keer het die ring hom laat geld teen die kerkregtelike weg in. In Desember 1911 is daar eenvoudig aan die kerkraad gerapporteer dat die ring besluit het om 'n hulpleraar te Grahamstad te plaas vir 3 jaar. By die vergadering is ook 'n versoekskrif, onderteken deur 41 persone, gelees. Hulle het geprotesteer teen die aanstelling van 'n hulpleraar te Grahamstad. Na 'n warm diskussie is voorgestel dat die ringsbesluit nie die goedkeuring van die kerkraad weggedra het nie. Ds. Rudman moes die kerkraad se siening aan die ringskommissie oordra. Die kerkraad het toe op sy beurt besluit om 'n hulpleraar voorlopig vir een jaar te beroep. (34)

Gedurende 1912 was 'n mnr., later ds., C.G. Ochse behulpzaam met die eredienste te Grahamstad. (35) Sedert die kerkraad se besluit om 'n hulpleraar te beroep, het weer 'n jaar verloop. Waaraan hierdie

vertraging te wyte is, is nie bekend nie. Moontlik was daar die vrees dat as Grahamstad op geestelike gebied goed versorg is, die gemeente te Riebeek-Oos baie skade sou ly en moontlik selfs kon op-hou om te bestaan. Die kerkraad het immers in 1909 al gesê dat om die gemeente te verdeel, is om die gemeente te vernietig.⁽³⁶⁾ Op 14 Desember 1912 is prop. S.F. Feneysey beroep as hulpleraar te Grahamstad.⁽³⁷⁾ Daar is ook gemeld dat prop. R. Theron genader sou word as Feneysey sou bedank. Prop. Theron het toe wel na Grahamstad gekom. Hy het langer daar gebly as die jaar wat die kerkraad in die vooruitsig gestel het. Gedurende drie jaar het hy teen 'n baie karige salaris sy taak verrig. Toe daar van die kant van die kerkraad twyfel was (1915) of hulle met die werk daar kon voortgaan, het prop. Theron vir hulle 'n voorbeeld gestel. Hy het aangebied om teen slegs £10 per maand sonder woningtoelaag aan te bly.

Teen Oktober 1913 is gereken dat die tyd aangebreek het om 'n bou-fonds te stig ten einde 'n kerkgebou te Grahamstad op te rig.⁽³⁸⁾

In April 1914 is 'n besluit goedgekeur om 'n gebou te Grahamstad aan te koop vir £1200.⁽³⁹⁾ Die sg. Odd Fellows Hall is dieselfde jaar nog aangekoop.⁽⁴⁰⁾

Die jaar 1914 sou nie ongemerk verbygaan nie. Op politieke gebied was daar ingrypende dinge aan die ontwikkel. Gen. Hertzog het weggebreek van gen. Botha en het die Nasionale Party gestig in Jan. 1914. Hy het vasgehou aan die beginsel van die Suid-Afrikaanse nasionalisme. Die Unioniste en die Engelssprekende gemeenskap in die algemeen was agterdogtig teenoor die N.P. Lidmate is verdeel in "sappe" en "natte". Die natte het die sappe gesien as pro-Engels. Die skeuring is ook nog vererger deur die uitbreek van

die eerste wêreldoorlog op 4 Augustus 1914. Die Britse oorlogsverklaring teenoor Duitsland het die hele ryk in die oorlog getrek. Op 10 Augustus het die Britse regering S.A. gevra om Duits-Suid-Wes-Afrika binne te val. Die S.A. regering was gewillig om dit te doen. Manie Maritz, bevelvoerder van die militêre kamp op Upington, het die Unie 'n onafhanklike republiek verklaar op die 9de Oktober, en het die grens oorgesteek na Duits-Suid-Wes-Afrika om die hulp te soek van die Duitsers teen Gen. Botha. Toe het openlike rebellie ontstaan. Die regering het besluit om S.W.A. binne te val. Die Rebellie was swak georganiseer en is uiteindelik onderdruk. Na die Rebellie is S.W.A. aangeval. Die Duitsers het binne ses maande, op 9 Julie 1915 oorgegee.⁽⁴¹⁾ Hoe al hierdie gebeure die distrik Albanie beïnvloed het, word nie in die kerkraadsnotules weergegee nie. Die kerk het sover moontlik hom weerhou om by partypolitiek betrokke te raak. Buitendien was daar soveel onmiddellike aangeleenthede waaraan aandag gegee moes word. In die stryd teen die verarmingsvraagstuk het die kerk in 1915 'n sterk bondgenoot gekry. Op 26 Julie 1915 het die eerste uitgawe van Die Burger verskyn. Dr. D.F. Malan, 'n eertydse leraar, was die redakteur.⁽⁴²⁾ Hier het iets begin wat verreikende gevolge sou hê. Die Burger en dr. Malan sou die Afrikaner se saak sterk steun en bevorder.

Dit het vir die kerkverband duidelik geword dat sy gemeentes intensief bearbei moes word. Op 11 September 1915 het die ringskommis-sie voorgestel dat Grahamstad as gemeente afgestig moes word.⁽⁴³⁾ Dit het gebeur op 2 Oktober 1915. Ds. R. Theron het op 22 Oktober 1916 afskeid geneem van die gemeente, na drie jaar van onbaatsug-

tige diens.⁽⁴⁴⁾ Die eerste vaste leraar van Grahamstad is eers op 3 Februarie 1917 bevestig. Hy was ds. M.J. de Kock. Met die afstigting het die gemeente reeds 'n eie kerkie gehad, 'n gebou wat van die Vrymesselaars gekoop is.⁽⁴⁵⁾

8. DIE VOORTGAANDE VERARMING VAN DIE AFRIKANER

Intussen het die armoede onder die Afrikaners voortgegaan. 'n Volkskongres oor hierdie saak is op 22 November 1916 te Cradock gehou. Daar is o.a. die vier hoofoorsake van die verarming van die Afrikaner beklemtoon, nl.: natuurrampe, die Anglo-Boereoorlog, gebrekkige onderwys en ongelyke mededinging tussen die ou gevestigde bevolking en die nuwe bevolking wat gedeel het in die nywerheidsontwikkeling. Die kongres het die lidmate van die stede opgeroep om na die platteland terug te gaan.⁽⁴⁶⁾ Die platteland is almeer ontvolk en die gemeentes aldaar se voortbestaan het almeer in die gedrang gekom.

In Oktober 1918 is die land geruk deur die griep epidemie wat baie lewens geëis het.⁽⁴⁷⁾ Hoe dit die gemeente Albanie getref het, is onbekend aangesien die notules nie noemenswaardige inligting gee nie. 'n Mens kan aanneem dat daar wel van die lidmate gewees het wat familie plaaslik of elders verloor het. Daar was weereens talle weeskinders wat versorg moes word. Hiermee sou Albanie help en sy skool uitgebou word.

Die Kerk het alles in die stryd gewerp om die Afrikaner en sy lidmate op te hef. Hierin is hy grootliks gehelp toe Afrikaans wetlik erkenning gekry het en onderwys in die moedertaal kon plaasvind (1920).⁽⁴⁸⁾ In sy eie geledere sou Afrikaans ewe eens tot sy

reg kom In hierdie jaar moes Albanie afskeid neem van sy leraar.

9. DS. RUDMAN VERTREK NA 22 JAAR

In 1920 het ds. Rudman 'n beroep na Hanover ontvang en dit aange-
neem.⁽⁴⁹⁾ Hy het Albanie twee-en-twintig jaar gedien. In hierdie
taak is hy ondersteun deur sy eggenote, Dora Theunissen van Somer-
set Wes. In aansluiting by die besef van die kerk en staat, het
hy hom vir die onderwys en opvoeding beywer.⁽⁵⁰⁾ In sy tyd is in
1917 verpligte onderwys tot 15 jaar of St. 5 verhoog en in 1919 tot
16 jaar of St. 6.⁽⁵¹⁾ As lid van die skoolraad van Riebeek-Oos
het ds. Rudman gereeld hulle vergaderings te Grahamstad op eie kos-
te bygewoon. Hy was ook voorsitter van die plaaslike skoolkommis-
sie. By sy vertrek het die skoolraad, wat meestal uit Engels-
sprekendes bestaan het, hom spesiaal bedank vir sy werk.⁽⁵²⁾

Gedurende sy tyd is Riebeek-Oos verder uitgebou. Die kerkgebou is
vernuwe. Op sy aandrang het die Provinsiale Raad 'n doeltreffende
bergpas laat bou, waardeur kerkbesoek, wat deur die berge rondom
die dorp bemoeilik is, vergemaklik is.⁽⁵³⁾

Ds. Rudman was in sy jong dae 'n begaafde atleet. Hy was etlike
jare lid van Stellenbosch se eerste voetbalspan en die hoogspring-
nommer het hy verskeie kere by die jaarlikse sportbyeenkomste ver-
ower. Dit is egter die leraar en pastor wat die gemeente sou
onthou.

In sy tyd was die gemeente gedwing om aanpassings te maak en het sy
voortbestaan vanuit Riebeek-Oos in die gedrang gekom. Waar sou
die gemeente van Albanie gevestig wees? In Riebeek-Oos of Graham-
stad? Nog in 1920 kom die vraag weer ter sprake tydens 'n kerk-

raadsvergadering in Oktober. 'n Deputasie van die Fonteinskloofwyk het hulle saak gestel. Hulle wou hê dat die gemeentes Albanie en Grahamstad weer moes saamsmelt. Grahamstad moes dan die setel van die kerkraad word. Hierdie versoek het gekom in die tydperk nadat ds. Rudman vertrek het en voordat sy opvolger bevestig is. Die kerkraad het die versoek geweier.⁽⁵⁴⁾ Na die lang gesukkel om Grahamstad af te stig, is dit te verstane dat samesmelting nie gunstig oorweeg sou word nie. Die kerkraad het vasgehou aan die gemeente op die platteland. Immers, die kerkverband het die lidmate aangespoor om uit die stede terug te keer na die platteland. Die ideaal sou nie verwesenlik word nie.

Die platteland was ook nie sonder die onmisbare losbandighede van die stad nie, en die dwaallering van die sektariërs nie. By 'n vergadering in 1906 het daar 'n klag voor die kerkraad van Albanie gedien oor "jonglieden" wat op 'n Sondag 'n stoornis was. Hulle het rytuie rondgetrek, rieme gesny, ens.⁽⁵⁵⁾ Die kerkraad het nie gehuiwer om op te tree nie, en twee seuns het later briewe van ver skoning aan die kerkraad geskryf. Benewens die minder ernstige gevalle was daar ook gevalle van ontug en owerspel wat met gereelde tussenposes voorgekom het. Hierdie gevalle is deeglik deur die kerkraad ondersoek en tugstappe is gedoen.

Na die eis van die gereformeerde leer is die Skrif verkondig en die nagmaal gereeld bedien. Dit is net so jammer dat daar nie bronne nagelaat is nie waarin vasgestel kon word wat uit, en hoe, die Woord bedien is nie. Maar met die byeenkoms in die erediens is na die eis van die gereformeerde geloof erns gemaak. So skroom 'n kerkraadslid nie om 'n sekere lidmaat aan te spreek oor sy langdu-

rige afwesigheid van die eredienste nie. Die lidmaat het hom nie na die kerk gewend nie, maar by 'n sekte aangesluit.⁽⁵⁶⁾ Dit is duidelik dat die kerkraad die opsienerstaak aanvaar het en dat hulle optrede meestal positiewe gevolge gehad het.

25. Dreyer: a.w., 83
26. Die Ned. Geref. gemeente Grahamstown, 6
27. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/3 KKA, 4 Sept. 1909
28. Dies..
29. Albertyn, Du Toit, Theron: Kerk en Stad, 46
30. Dies..
31. Godsdiensverslag, Albanie, RA 1/6 KKA, 10 - 12
32. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/3 KKA, 23 Jan. 1911
33. Die Ned. Geref. gemeente Grahamstown, 3, 6 - 7; Notule, Kerk-
raad Albanie, G21, 1/3 KKA, 10 Maart 1911
34. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/3 KKA, 2 Des. 1911
35. Dreyer: a.w., 83
36. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/3 KKA, 4 Sept. 1909
37. Dies., 14 Des. 1912
38. Dies., 11 Okt. 1913
39. Dies., 27 April 1914
40. Die Ned. Geref. gemeente Grahamstown, 12
41. Van Jaarsveld: a.w., 235 - 237
42. Du Toit: Die salf, 162
43. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/3 KKA, 11 Sept. 1915
44. Die Ned. Geref. Gemeente Grahamstown, 19
45. Dreyer: a.w., 85
46. Du Toit: Die salf ..., 162
47. Dies., 28
48. Pauw: a.w., 176
49. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/3 KKA, 27 September 1920
50. Dreyer: a.w., 66 - 68
51. Badenhorst: Die aandeel van die kerk, 63

52. Dreyer: a.w., 66
53. Dies., 66 - 68
54. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/3 KKA, 23 Okt. 1920
55. Dies., 22 Jan. 1906
56. Dies., 9 Sept. 1916

HOOFSTUK 7’n TOENEMENDE ONSEKERHEID OOR DIE TOEKOMS EN ’n TERUGGRYPE NA DIE VERLEDE1. MET DIE KOMS VAN ’n NUWE LERAAR

Op 15 Januarie 1921 is ds. H.A. Hanekom na Albanie beroep. Hy het die beroep aangeneem.⁽¹⁾ Hendrik Andries Hanekom is op 17 Maart 1878 op die plaas Constantia in die Moorreeseburgse distrik gebore. In 1898 het hy sy studies as onderwyser voltooi aan die ou Normaal Kollege in Kaapstad. Daarna was hy drie- en-n-halwe jaar onderhoof van die eersteklas skool te Adelaide. In die tweede helfte van 1902 het hy sy studie aan die S.A. Kollege hervat. Die volgende jaar het hy die Universiteits intermediêre- en admissie-eksamen afgelê. Sy studie aan die Kweekskool is in 1907 voltooi toe hy ge-legitimeer is. Hy is op 25 April 1908 georden op Oudtshoorn as hulpprediker. Op 17 Augustus 1908 het hy in die huwelik getree met mej. Nettie Boonzaaiër van Piketberg. Sy eerste vaste gemeente was Clocolan (1909) en daarna Alexandria (1912).⁽²⁾

Ds. Hanekom is op 28 Mei 1921 in Albanie bevestig deur ds. J.H. van Wyk van Adelaide. Sy intreerede was uit Hand. 10:29 b: "Ek vra dan om watter rede julle my laat haal het?"

Hy het dadelik met probleme te doen gekry. Die Maandag na sy bevestiging het daar twee petisies voor die kerkraad gedien. Die strekking van die petisies was dat die Fonteinskloofwyk graag by Grahamstad gemeente wou inskakel.⁽³⁾ Hierdie versoek volg dan op hulle vorige een, wat gedurende die vakature geweier is, nl. dat die gemeentes van Albanie en Grahamstad moes saamsmelt. Dit was

duidelik dat die lidmate te Fonteinskloof graag by Grahamstad wou inskakel. Grahamstad was aan die ontwikkel en daar sou meer voordele wees as op Riebeek-Oos. Beter skole, winkels en ander geriewe was ook tot die mense se beskikking. Sou die wyk die aanvoeling gehad het dat ds. Rudman hulle versoeke weerstaan het of het lidmate van die wyk die nuwe leraar getoets? Ds. Hanekom het dadelik gesien dat die petisies nie wettig was nie, omdat baie van die persone nie self hulle name geteken het nie! Die name is deur die stemopnemer neergeskryf. Die saak is dus nie tot stemming gebring nie. Na 'n tyd van bearbeiding was die wyk tevrede om deel van die gemeente te bly. So het die gemeente bly vashou aan sy lidmate, moontlik uit vrees vir 'n stadige dood. Te Fonteinskloof is buitekerk gehou en twee keer per jaar nagmaal bedien.⁽⁴⁾

2. DIE MEISIEKOSHUIS IN ONGUNSTIGE LIG

Na die oorlog en met die voortgaande verarming het die kerk hom meer en meer toegespits op inrigtingsorg. Die kerk het veral aandag gegee aan die weeskind en die sorgbehoewende kind. Nuwe tehuse is opgerig om hulle te help, veral na die griep epidemie van 1918.⁽⁵⁾

Maar sedert 1917 het die kerk, ewe eens armkoshuise in samewerking met die regering opgerig. Dit het in 'n groot behoefte van die minder gegoedes voorsien.⁽⁶⁾

Ds. J.H. van Wyk, wat ds. Hanekom bevestig het, is deur die Onderwysdepartement as inspekteur van armkoshuise en Industriële inrigtings aangestel en het in 1920 'n rapport oor hierdie inrigtings uitgebring. Die armkoshuise wat hy besoek het, is feitlik almal begin deur die kerkrade of die Algemene Armesorgkommissie van die Ned. Geref. Kerk.⁽⁷⁾ Van die 182 bestaande inrigtings in 1922, was 178 deur die Ned. Geref. Kerk

opgerig. Meer as 90% van die kinders het aan die Ned. Geref. Kerk behoort.⁽⁸⁾

In 1923 was daar 170 sulke koshuise met naastenby 7145 kinders. Hiervan word o.a. gesê: "a great deal of the success of this measure is due to the fact that it has enlisted the co-operation of the Dutch Reformed Church which exercises local supervision and provides some of the boarding facilities."⁽⁹⁾

In sy ondersoek het ds. van Wyk baie van hierdie inrigtings swak bevind. Die toestande het teen 1920 egter verbeter sodat die meeste koshuise modelinrigtings was. Swak geboue is nog soms aangetref.

Die gebrek aan geskikte personeel was 'n groot probleem.⁽¹⁰⁾ "n

Mens kan aanneem dat die salaris van die personeel dikwels veel te wense oorgelaat het, veral in die platteland waar die kerkrade nie oor groot fondse beskik het nie. Buitendien was daar destyds nog nie genoeg mense met die nodige kwalifikasie om die kinders te kon hanteer nie.

Baie boere was teen die inrigtings gekant, want terwyl hulle kinders daar was, het hulle hulle arbeid verloor. In die twintigerjare was daar van verskillende kante beswaar teen die oprigting van armkoshuise. Daar is bv. gesê dat daar te min geleentheid en verpligting tot handearbeid was tydens die kinders se verblyf in die skole en koshuis. Ander het gesê dat daar geen voorsiening gemaak is vir vakonderwys nadat die kind die koshuis verlaat het nie. Daar is beweer dat die stelsel 'n te hoë koste vir die staat meegebring het. Die kinders is van die boerelewe vervreem en die ouers se verantwoordelikheidsgevoel is afgestomp. Baie van hierdie besware is as ongegrond bewys. Daar is goeie werk gedoen, en volgens ds. van Wyk moes daar erken word: "dat vele jongelinge, van onkunde en armoede

gered, tot de dag huns doods gegronde redenen hebben zullen hun moeder-kerk zalig te beten". Die instandhouding van die onderwysinrigtings het ds. van Wyk as die taak van die staat beskou. (11)

In Julie 1921 het ds. van Wyk in 'n brief dit aan die kerkraad van Albanie genoem dat die koshuis vir behoeftige kinders nie so goed vertoon het nie. Hy het verwys na die meisiekoshuis te Riebeek-Oos. Dit het 'n ongunstige indruk gemaak en nie genoeg kinders getrek nie. Hy het geskryf: "in die reël trek 'n koshuis nie kinders nie, of omdat dit nie behoorlik ingerig is nie, of omdat die personeel "ongewens" is." Aan die gebou en uitrusting kon baie verbeter word. Die huisouers was ook, volgens ds. van Wyk, nie bekwaam nie. Weens die slegte finansiële toestand van die land en die ontvolking van die platteland, het die inrigtings die gevaar geloop om gesluit te word as dit nie die minimum aantal leerlinge kon vind nie. Die minimum van 20 kinders is nie bereik nie, terwyl daar nagenoeg 40 kinders in die gemeente was wat in die inrigting opgeneem kon word. (12)

Vir die gemeente wat besig was om te ontvolk, was dit belangrik dat sy skole nie sou kwyn nie. Die gemeente moes intensief bearbei word om staande te bly.

3. 'n MOTOR OM DIE GEMEENTE TE BEARBEI

Die motor het die lidmate in staat gestel om vinniger oor die weg te kom. Daarmee kon hulle makliker groter sentra bereik, en is by Riebeek-Oos verbygery.

Die herder het die leisels gehou in die gemeente. Om van een punt na 'n ander te beweeg, moes hy tot dusver sy eie kar en perde ge-

bruik. Dit was 'n stadige en tydrawende proses en het uit pas begin raak met die koms van moderne mobiliteit. Tydens 'n kerkraadsvergadering op 3 September 1921 het die kerkraad die saak nader ondersoek en bespreek. Hulle moes besluit of perde of perdekrag voortaan die dominee sou aandryf. Moes hulle aan hom 'n kar en perde verskaf of 'n motor? Daar is besluit op 'n "self-starter Ford".⁽¹³⁾

Ds. Hanekom sou voortaan op 'n ander manier aan die stuur van sake wees. Hy sou die buitewyke vinniger en meer gereeld kon bereik. Daarmee is die gemeente beter bedien. Dit was nodig want die samestelling van die gemeente was weereens versteur.

4. DIE SPOORLYN, EN DIE ONTWIKKELING VAN ALICEDALE

Met die ontwikkeling van die spoorweë is die platteland self en die platteland met die stede verbind. Met die stasies en aansluitings het dit mense na die platteland teruggebring. Die spoorlyn het egter vir Riebeek-Oos verbygegaan. Daarmee is die dorp se ontwikkeling geknou - en is in die gemeente ander punte van konsentrasie geskep. Die dorp het verder gekwyn. Die gemeente het lidmate bygekry wat nie by die dorp belang gehad het nie en elders bediening gevra het. Die spoorlyn het Alicedale bevoordeel. Alicedale, 'n dorp op sy eie, maar 'n buitewyk van die gemeente Albanie, het destyds meestal spoorwegamptenare as inwoners gehad.⁽¹⁴⁾ Alicedale is algaande byna as 'n afsonderlike gemeente bearbei. Ds. Hanekom het besef dat hy dit in belang van die wyk en die gemeente as 'n geheel moes doen. Daarom het hy daar gereeld nagmaal bedien en belydenis van geloof afgeneem. In die begin is die Wesleyaanse kerkgebou aldaar gebruik.⁽¹⁵⁾ By 'n kerkraadsvergadering op 3 Junie

siesfontein Fonds" beheer het, het aan die skriba van die ring van Albanie berig dat die plaas gekoop is onder die volgende terme:

1) £600 kontant teen kaart en transport; 2) die kommissie moet n tans bestaande verband van £600 oorneem van die houters, Bell en Hutton van Grahamstad, teen 6% en die oorblywende £50 ook teen 6% per jaaar. Die kommissie het £750 gehad en was van voorneme om weer n algemene oproep oor die hele land te maak vir fondse. (21)

Uit n brief wat ds. Hanekom aan dr. Viljoen, departement van openbare onderwys, geskryf het, blyk dit dat die kommissie vir die aankoop van die plaas uit die volgende persone bestaan het: kol. M. du Toit, oud kaptein staats artillerie Z.A.R.; ds. H.S. Bosman; dr. H.D. van Broekhuizen; Gustaf S. Preller en Wouter J. Geerling. Hulle het die bestemming geniet van o.a. manne soos sir John Frasen, minister F.S. Malan, senator H.J.H. Claasens, president F.W. Reitz, generaal J.B.M. Hertzog en advokaat T. Roos.

Om meer belangstelling te wek en die plaas meer prominent onder die aandag van die publiek te bring, is daar in 1923 n groot volksfees georganiseer. Die Geloftefees is vanaf 14 tot 16 Desember 1923 op Mooimeisiesfontein gehou. Oud president F.W. Reitz was een van die gassprekers. Kolonel du Toit het per geleentheid aan ds. Hanekom geskryf dat hy van plan was om n faksimilee van een van die oorspronklike briewe van Piet Retief te laat druk en dit by die fees te verkoop. Hy het verder gemeld dat Jan Cilliers spesiaal n mooi gedig vir hom geskryf het oor Mooimeisiesfontein. (22)

By hierdie groot fees was daar omtrent tweeduisend mense. By een van die byeenkomste het sir George Cory, professor in sielkunde aan die Rhodes Universiteit en iemand wat ook in die geskiedenis van

S.A. belanggestel het, verklaar dat die Piet Retief-traktaat eg was en nie vals soos hy gemeen het nie.⁽²³⁾ Daar word vertel dat sir Cory 'n verskriklike snorker was en om 'n slaapplek in 'n buitekamer gevra het tydens die naweek van die fees!⁽²⁴⁾

Die organiseerders van die fees se moeite is beloon. Die plaas is onder die aandag van die volk gebring. So is die verlede geïdealiseer en is sekerheid gesoek uit die verlede. Daar is gehoop om met hierdie grootse poging weer lewe te blaas in Riebeek-Oos.

Afrikaner nasionalisme sou hierin 'n rol speel. Die Afrikaner wou dit wat sy eie was, erken en bewaar. Dit was die begin van sy wil om homself op te hef.

In 1924, die jaar van die fees op Mooimeisiesfontein, het 'n algemene verkiesing plaasgevind. Die Nasionale Party het gewen en generaal J.B.M. Hertzog het eerste minister geword. Hiermee is 'n nuwe hoofstuk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis begin. Afrikaans sou onder sy leiding tot sy reg kom. In 1924 het die vier Provinsiale Rade offisiële erkenning aan Afrikaans in die skole gegee. Gedurende die Hertzog era is vier groot doelstellings vir die Afrikaanse taal en kultuur bereik. Op 8 Mei 1925 het Afrikaans een van die offisiële tale van die Unie geword. Die tweede stap was die publikasie van 'n Afrikaanse woordeboek, met die hulp van die regering. Die derde stap was die stigting van die federasie van Afrikaanse kulturele organisasies, die F.A.K., in 1929. Die vierde gebeurtenis was die vertaling van die Bybel in Afrikaans in 1933.⁽²⁵⁾ So is die Afrikaner se saak gedien.

6. RIEBEEK-OOS EN DIE ONDERWYS

Op onderwysgebied het ds. Hanekom, die eertydse onderwyser, gesorg dat daar vooruitgang op Riebeek-Oos was. Sedert 1922 het die skool bekend gestaan as die "sekondêre" skool. Na mnr. Nelson het die volgende persone as hoofonderwysers gedien: J. Boshoff (1910); J.H. Pienaar (1912); J.F. Swanepoel (1913), later inspekteur van skole; R.J. van Huyssteen (1915); H.B. Truter en sedert 1923 mnr. S.L. Stassen. Sedert 1924 het die skool sy eie kleure gehad. Dit was in die vorm van 'n hoedband met 'n wapen en motto daarop. Die wapen was 'n aalwyn en twee bye. Die leuse was "arbeid adel".⁽²⁶⁾

Die toestande by die meisiekoshuis, wat in 1921 as swak aangegee is, het intussen baie verbeter. Op 10 Julie 1925 het die kontroleur van onderwysfinansies aan die voorsitter van die arm-koshuis-kommissie geskryf. Hy het o.a. gesê: "dat die Departement met groot genoë sy waardering uitdruk vir die wyse waarop die inrigtings te Riebeek-Oos bedryf word en die pogings van die outoriteite verdien dus die hoogste lof."⁽²⁷⁾ Hier kan net vermeld word dat 'n tweede koshuis, nl. die vir seuns, intussen gebou is. Dit is onbekend wanneer daarmee begin is. Die kommissie wat daarvoor verantwoordelik was, het op die een of ander manier die nodige middele gevind. Die gebou en die grond het die eiendom van die gemeente geword sonder dat geld uit die kerkkas gebruik is.⁽²⁸⁾ So is die sorgbehoevende kind se nood raakgesien en het die gemeente sy plig en roeping ook in hierdie verband vervul.

Een van die groot probleme gedurende die jare 1921 - 1927, was om die getalle in die dorpskool te vermeerder. Rondom Riebeek-Oos was daar 'n aantal hoërskole wat ondertussen na vore gekom het en

sterk kompetisie gebied het.⁽²⁹⁾ Ironies is die feit dat die mense van Riebeek-Oos bewus gemaak is van die belangrikheid dat hulle kinders die nodige kwalifikasies moes verwerf vir vooruitgang. Dit was deel van die opvoedingsproses van die Afrikaner waaraan Riebeek-Oos 'n deel gehad het. En toe is die dorpie almeer verbygegaan. Daar was min ontwikkeling. Die spoorlyn het by die dorp verbygegaan en Grahamstad het die middelpunt geword. Daar was beter skole en meer geleenthede vir die jeug. Nietemin het die dorpsmense en plaasmense probeer vashou wat hulle opgebou het en die beste gebied wat hulle kon. Die behoud van die kinders wat sorgbehoewend was, was ook die behoud van die Afrikaner en sy kerk. Met hulle versorging het die gemeente belangrik gebly - en is sy voortbestaan enigszins verseker. Mnr. Stassen, skoolhoof sedert 1923, het sy deel gedoen om die onderwys op Riebeek-Oos te verbeter. Hy het heelwat skoolkonserte en debatsbyeenkomste laat organiseer. Hy het 'n eie trots by die leerlinge aangewakker met eie skoolkleure en wapen wat hy self gekies het. Die kleure was "maroon", groen en goud. Die skoolterrein is ook verfraai. Dennebome is in 1926 rondom die terrein aangeplant. Die werk is deur die kinders gedoen en die bome is natgemaak deur water wat emmersgewys uit 'n drifpie aangedra is.⁽³⁰⁾ Mnr. Stassen is opgevolg deur mnr. Oberholzer waarvan niks verder bekend is nie.

'n Kwynende dorp het hom op die jeug toegespits.

7. OM DIE JEUG EN DIE GEMEENTE SE BEHOUD

Ds. Hanekom het alles in belang van die jeug gaan doen. Onder sy leiding is die kinderkrans gestig, iewers tussen 1921 - 1927. Riebeek-Oos het dus lank gewag, want dit is bekend dat mej. Spijker

van die Hugenate Seminarie so vroeg as 1890 reeds 'n kindersendingkrans gehad het. Offisieël word die stigtingsjaar van die kinderskrans as 1911 aangegee.⁽³¹⁾ Ds. Hanekom het later oor die kinderskranstak te Riebeek-Oos geskryf: "en hoe inspirerend het die kinderskransvergaderinge elke Sondagmôre op die besoeker gewerk. Dit was 'n genot om met die kindertjies saam te wees."⁽³²⁾

Die Christelike Stewersvereniging het ook onder sy leiding ontstaan op Riebeek-Oos. Hierdie jeugvereniging het sy ontstaan gehad in Portland, V.S.A. waar dr. Francis Edward Clark predikant was. Tydens die week van gebed in Januarie 1881 is 'n kragtige werking van die Heilige Gees in sy gemeente ondervind. Meer as 30 jongmense het tot bekering gekom. Dr. Clark wou dat hulle saamgesnoer word as belyers en werkers vir Christus en sy kerk. Op 2 Februarie 1881 is die eerste Stewersvereniging gestig. Vier jaar later was daar reeds 253 takke in die V.S.A. In 1887 het die beweging posgevat in die Hugenate Seminarie te Wellington. Die eerste Stewersvereniging i.v.m. die Ned. Geref. Kerk is waarskynlik in 1892 op Graaff-Reinet gestig. In 1894 het die eerste Stewersunie tot stand gekom. Dr. Andrew Murray was die president.⁽³³⁾ Met die stigting van hierdie vereniging te Riebeek-Oos is die jeug die geleentheid gegee om deel te hê aan Bybelondersoek en alles wat daarmee gepaard gaan.

8. DS. HANEKOM AANVAAR DEMISSIE

In 1927 is ds. Hanekom na Jacobsdal beroep en het dit aangeneem. Tydens sy kort verblyf het hy alles gedoen om die gemeente se voortbestaan te verseker. Onder sy leiding is verder die A.C.V.V. koffiehuis opgerig en boorgate aangebring om watervoorsiening te ver-

beter. Met sy vertrek was hy besig met voorbereiding vir die totstandkoming van die Piet Retief Weeshuis. Hy het die gemeente ook opgewek tot 'n groter sendingbelangstelling. (34)

Op Saterdag 12 November 1927 is in die kerksaal 'n afskeidsfunksie vir hom en sy gade gehou. Adresse en geskenke is aangebied deur die A.C.V.V., V.S.B., Skoolkommissie, Sondagskool, Kinderkrans, die Stewers en die twee koshuise vir behoeftige kinders. Die Sondagoggend het hy afskeid geneem met 'n preek uit Hand. 20:32: "En nou broeders, dra ek julle op aan God en aan die woord van sy genade, wat magtig is om julle op te bou en julle 'n erfdeel te gee onder al die geheiligdes". Hy het daarna die Sendinggemeente gaan groet. (35)

Ds. Hanekom het later, tydens die eeufeesvierings van die gemeente, 'n boodskap aan hulle geskryf en na enkele gebeure in sy bediening aldaar verwys. Daarin sê hy: "ons het heerlike geestelike verkwikking en lewe gehad. Die spesiale dienste van ds. Pieter van der Merwe was baie geseënd". (36) Tog moes hy dit beleef wat vandag ook nog leraars laat wonder of hul boodskappe ooit ingang gevind het. Op die vraag: "behoort u al de Here Jezus toe?", so merk hy op, is die antwoord dikwels: "ik weet het niet" of "ik ben er niet zeker van". "n Mens sou liever ja of nee wou hoor", was sy versugting. (37)

Albanie het in 1927 'n man met ondernemingsgees verloor, maar sy handewerk het agtergebly sodat hulle daarmee kon voortgaan. Baie later is 'n oorkonde aan mev. Hanekom oorhandig deur die F.A.K. Dit het gebeur op 10 Februarie 1967 en was om dankie te sê vir die groot werk wat sy en haar man, toe al oorlede, op Mooimeisiesfontein gedoen het. (38) Hier is veral gedink aan die Volksfees en

die inrigtings vir behoeftige kinders op Riebeek-Oos. In verband hiermee meld dr. P. du Toit dat hulde en dank gebring moet word aan mense soos mev. (ds.) Hanekom van Riebeek-Oos, ds. A.P. Kriel van Langlaagte, ds. J.D. Kestell, ds. M.T.R. Smit van Ugie, dr. A.D. Lückhoff en ds. J.A. Beyers van George.⁽³⁹⁾ Die Hanekoms het dus getel onder die mense wat hulle beywer het om die armblanke kind op te hef.

9. DIE STIGTING VAN DIE PIET RETIEF WEESHUIS (1928) EN ONTVANGS
VAN 'n NUWE LERAAR, DS. W.F.P. MARAIS

Tydens die groot Volksfees in 1923 op Riebeek-Oos is teruggegryp na die afrikaner se verlede. Piet Retief se plaas is onder die aandag van die publiek gebring. Later is daar blykbaar gevoel dat dit die regte plek sou wees om 'n weeshuis op te rig. So sou Retief in herinnering bly. Die dorpie kon baie ruimte en vars lug bied. 'n Gesonde plattelandse lewe was moontlik. En op die platteland het die armesorg van die kerk hom gerig. Of die onderneming lewenskragtig sou wees, moes nog gesien word. Die moontlikhede van ontwikkeling te Riebeek-Oos was skraal. Nogtans is besluit om 'n weeshuis op te rig. Dit het bekend gestaan as die Piet Retief Weeshuis. Die weeshuis is geopen op 12 Januarie 1928 met vier seuns.⁽⁴⁰⁾ 'n Ander bron meld dat die weeshuis geopen is op 19 Januarie 1928 met ses seuns.⁽⁴¹⁾ Eersgenoemde datum is blykbaar die korrekte een, aangesien 'n verslag van die weeshuiskommis-sie aan die ring in 1929, ook 12 Januarie 1928 as openingsdatum vermeld. Dit was voorwaar 'n nederige begin. Die kinders is aanvanklik ontvang deur die egpaar Kerneels en Bettie Niemand wat na hulle omgesien het totdat die eerste vaste hoof van die inrigting

die bevel oorgeneem het. Vanaf Julie 1928 was mnr. J.B. Griessel die hoof van die inrigting.⁽⁴²⁾ Aanvanklik is die kinders in die woonhuis op die plaas Mooimeisiesfontein gehuisves.

Tydens 'n vergadering op 4 Februarie 1928 is ds. W.F.P. Marais van Barrydale na Albanie beroep.⁽⁴³⁾ Hy het die beroep aangeneem. Op 13 Mei 1928 is hy bevestig. Die Saterdagoggend is dankfees ge- hou en die aand het die bevestiging plaasgevind. Die teks vir sy intrepreek was 2 Tim. 2:3: "ly dan verdrukking soos 'n goeie krygs- man van Jesus Christus".⁽⁴⁴⁾ Willem Francois Petrus Marais is op 25 November 1866 te Ceres gebore.⁽⁴⁵⁾ Nadat hy in 1888 matriek geskryf het, het hy die admissie-kursus begin. In 1891 het hy be- gin met sy teologiese studie. Op 27 September 1894 is hy toege- laat tot die bediening. Hy het op Oudtshoorn gedien as hulpleraar saam met ds. George Murray. Op 12 Oktober 1894 is hy te Ceres ge- orden. Sy eerste gemeente was Du Toitspan (Beaconsfield), waar hy in 1896 bevestig is. Ds. Marais was getroud met Jacoba Roux van Villiersdorp. In 1912 het hy vertrek na Barrydale en vandaar na Albanie.⁽⁴⁶⁾

Ds. Marais sou die eerste leraar van die gemeente wees om in 'n nuwe "geslote" motor te reis! Ds. Hanekom het die eerste motor in 1921 ontvang en ook 'n nuwe motor in 1926.⁽⁴⁷⁾ Die kerkraad het in 1929 'n "geslote" motor aangekoop vir £340.⁽⁴⁸⁾ Dit sou die ritte na die buitewyke veel aangenamer maak het.

10. DORPSBESTUUR - AANPASSING ONDER DRUK

Tot aan die einde van 1928 het die kerkraad eintlik volle beheer gehad oor die bestuur van die dorp. In die verlede is pogings

aangewend om 'n beter bedeling in die dorpsbestuur te kry, maar daar was baie probleme en weinig vordering is gemaak. In 1914 is die destydse dorpsbestuur deur die Administrateur afgeskaf.⁽⁴⁹⁾ Die rede hiervoor is nie bekend nie. Wat intussen gebeur het, is ook nie duidelik nie.

By 'n vergadering op 9 Desember 1922 het ds. Hanekom gemeld dat die erfhouers begerig was om 'n dorpsbestuur te stig.⁽⁵⁰⁾ In 1923 het die Administrateur geweier om die dorpsbestuur te proklameer soos deur die kerkraad verlang is.⁽⁵¹⁾ Teen Desember 1924 is daar weer by 'n kerkraadsvergadering gesê dat die mense 'n dorpsbestuur wou hê.⁽⁵²⁾ Dit is dus duidelik dat die dorpsbewoners ontevrede was met die toestand en hulle hoop gevestig het op 'n volwaardige dorpsbestuur. Sedert 1928 was daar eindelijk iets aan die gebeur. Toe is dit goedgevind om die beheer van die dorp oor te dra aan 'n Dorpsbestuur onder beskerming van die Provinsiale Administrasie van die Kaapprovinsie. Die kerkraad het sy besittings aan die nuwe liggaam verhuur. Eindelijk het die Administrateur sy goedkeuring verleen en het die Dorpsbestuur verantwoordelikheid aanvaar op 1 Januarie 1929. Die eerste lede was mnr. W.A.J. van Rensburg, voorsitter, A.O. Wood, S.W.J. van Rensburg. Hierdie skikking was 'n finansiële verlies in die gemeente, maar die gemeenskap sou baat vind by die verandering.⁽⁵³⁾ Die kerkraad het te lank aan die bestuur van die dorp vasgehou, moontlik om finansiële redes en ook uit die vrees dat 'n onafhanklike dorpsbestuur dalk drankverkope kon toelaat. Hoe die nuwe bedeling sou werk, sou die toekoms moes leer. Aangesien die kerkraad sy besittings aan die dorpsbestuur verhuur het, het hulle dalk nog 'n te groot sê gehad in die bestuur van sake.

Die bronne meld verder egter van geen ontevredenheid onder die inwoners nie.

Met die bediening van ds. Marais was die kerkraad gewillig om veranderinge te maak, in aansluiting by die kerkverband.

11. NAGMAAL - DIE INVOER VAN KELKIES

Die Sinode van 1915 het reeds in verband met die kwessie van kelkies en bekere by die nagmaal soos volg besluit: "het worde aan de discreti van kerkeraden overgelaten welke wijze van avondmaalviering gevolg sal worden".⁽⁵⁴⁾

Albanie het versigtig te werk gegaan met die nuwigheid van die gebruik van kelkies. Eers op 'n vergadering van 7 Desember 1929 het die kerkraad insake die gebruik van afsonderlike kelkies eenparig besluit dat naas die groot bekere daar ook kelkies gebruik sal word. Lidmate sou van die kansel af gevra word om skriftelik kennis te gee of hulle met die groot beker of met die kelkies bedien wou word.⁽⁵⁵⁾

Sedert 1930 is die nagmaal bedien met afsonderlike kelkies. Dit was 'n geskenk van die diensdoenende kerkraadslede van daardie jaar.⁽⁵⁶⁾

12. DIE STIGTING VAN 'n TAK VAN DIE M.S.A.

Die belangstelling in sending het deurgedring tot die jeug. Op 4 November 1929 het die jong susters van Albanie bymekaar gekom om 'n Medesendingarbeidsterstak te stig.⁽⁵⁷⁾ Die M.S.A. het ontstaan omdat die jong dogters hulle nie volkome kon uitleef as lede van die V.S.B. nie. In sekere gemeentes is gevolglik hierdie afsonder-

like vereniging vir dogters gestig. Die eerste M.S.A. tak is blykbaar in 1901 deur mev. ds. W. Murray op Worcester gestig. Die M.S.A. het sy beslag gekry op 'n konferensie wat vanaf 30 September tot 10 Oktober 1925 op Victoria-Wes gehou is. By die eerste hoofbestuursvergadering te Friedenheim op 7 Desember 1925 is die naam Medesendingarbeidsters finaal vasgestel. (58)

Hoe lank die M.S.A. tak op Riebeek-Oos bestaan het, is nie bekend nie. In 1931 het ds. Marais nog melding gemaak van die werk van die tak. (59) Oor die algemeen was die hoogtepunt van die M.S.A. in die kerk in 1934. Daarna was daar 'n afname. Die verskyning van die K.J.V. het die M.S.A. beïnvloed. (60)

In die land het die Afrikaner en sy kerk al hoe sterker na vore gekom en alles gedoen om homself en sy kultuur te handhaaf. Maar ekonomies sou die Afrikaner en sy kerk 'n moeilike tyd belewe.

13. DEPRESSIE EN DIE KERK

Vanaf 1929, met die stigting van die Handhawersbond en die F.A.K., was daar nuwe oplewing en 'n kragtiger strewe om die Afrikaner en sy taal, veral in die stede, te laat geld. (61) As gevolg van die voorspoed van die jare vanaf 1924 - 1929, het gen. Hertzog die algemene verkiesing van 1929 maklik gewen. Gedurende sy tweede termyn is sy posisie verswak deur verskeie faktore. Ekonomiese voorspoed het afgeneem. Ekonomiese probleme het begin kopuitsteek. 'n Ernstige depressie het S.A. getref met die ineenstorting van die Amerikaanse aandelemark. Hertzog het nie in 1931 van die goudstandaard afgestap nie. In 1932 is die situasie vererger deur die ergste droogte in die geskiedenis. Die boere en die platteland

het baie gely.⁽⁶²⁾ Daar was groot verarming, so groot dat dit later 'n saak was van volksredding.⁽⁶³⁾ "Onder leiding van die kerk-en-Volksman, min. C.W. Malan, is groot getalle verarmdes deur die departement Spoorweë in diens geneem. Baie het op die paaie gewerk teen 35 sent per dag."⁽⁶⁴⁾ Volgens die Carnegie ondersoek was ± 300000 van die blanke bevolking "baie arm" en ruim 48% "arm".⁽⁶⁵⁾

Die distrik Albanie sou aan hierdie invloede nie ontkom nie. Verarming van die mense het ook hier ingetree. Hierdie treurige omstandighede is vir 'n wyle opgehelder deur die gemeente se eeufesvierings.

14. DIE EEUFES VAN DIE GEMEENTE

In 1931 was die gemeente Albanie honderd jaar oud. 'n Dankbare gemeente het besluit om fees te vier. Vir die geleentheid is 'n netjiese traliewerk rondom die kerk opgerig. Om dit te kon bekostig, het die A.C.V.V. hard gewerk en 'n aansienlike bedrag bygedra.⁽⁶⁶⁾ Dit sê baie vir mense wat met die gevaar van verarming saamgeleef het. Eerwaarde A. Dreyer, argivaris van die Ned. Geref. Kerk, het die gemeentegeskiedenis saamgestel. By die aanvang van die fees op Vrydag 25 September is die traliewerk "ingewy". Ds. H.A. Hane-kom, toe van Trompsburg, het die diens gelei na aanleiding van Ex. 3:5. Die Sondagoggend is die feesrede gelewer deur ds. G. Rudman, destyds van Hanover. "Gedenk de dagen van ouds", was sy boodskap. Die rede is in Hollands (Nederlands) gelewer. Al die ander verrigtinge was in Afrikaans. Die eeufeskommissie het bestaan uit: ds. W.F.P. Marais, mnre. S.L. Stassen, W.A.J. van Rensburg, S. Jansen, J.C. Els, F.J. Nel, E.A. Bester, J.F. Bouwer en

G. Naude.⁽⁶⁷⁾

In daardie naweek is 'n honderd jaar van die gemeente se geskiedenis afgesluit. 'n Maklike eeu was dit nie vir hierdie gemeente nie. Dit was 'n mooi begin wat oorgegaan het in 'n stryd om te bestaan. Tog het die gemeente, getrou aan sy roeping, sy plig probeer doen op die gebied van die Woordbediening, onderwys, sending en diens van barmhartigheid. Huisbesoek is gedoen en tug is toegepas, die prediking het plaasgevind en die sakramente is bedien. Na die uiterlike het die gemeente as liggaam van Christus gefunksioneer. Na die oordeel van die leraar was innerlik alles nie plus nie. Ds. Marais het berig dat die geestelike lewe van die gemeente nie op 'n hoë pyl was nie. Openbare eredienste op die dorp is swak bygewoon. By die buitendienste was die opkomste meer bevredigend.⁽⁶⁸⁾ Ds. Marais het nie redes gegee vir die geestelike toestand van die gemeente nie. Moontlik het daar 'n mate van verbittering ingetree a.g.v. die armoede. Hiervoor is daar egter geen bewyse nie. Daar word deurgaans deur die leraars daarna verwys dat die buitewyke se opkomste na die eredienste ens. beter as die van die dorp was. Maar dan moet in gedagte gehou word dat daar meer lidmate in die buitewyke woonagtig was as in die dorp.

Die eerste honderd jaar was verby. Die gemeente sou nie op haar louere kon rus nie. Nuwe uitdagings het vorentoe gewag en het ander benaderings gevra as in die verlede.

VOETNOTEHOOFSTUK 7

1. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/3 KKA, 15 Jan. 1921
2. Jaarboek van die Ned. Geref. Kerke 1967, 528; Dreyer: a.w., 71
3. Dreyer: a.w., 73
4. Dies..
5. Du Toit: Die salf ..., 162
6. Badenhorst: n Histories-sosiologiese ondersoek ..., 60
7. Badenhorst: Die aandeel van die kerk ..., 63 - 67
8. Badenhorst: n Histories-sosiologiese ondersoek, 60
9. Malherbe: Education in S.A., 168
10. Badenhorst: Die aandeel van die kerk ..., 63 - 67
11. Dies..
12. Ds. J.H. van Wyk - Kerkraad Albanie, 4 Julie 1921, (privaat-
versameling)
13. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/4 KKA, 27, 33
14. Rossouw - Nel, 2/8/52 (in besit van ds. Nel)
15. Dreyer: a.w., 73
16. Notule, kerkraad Albanie, G21, 1/4 KKA, 52
17. Dies., 76
18. Dreyer: a.w., 74 - 75
19. Ned. Geref. Kerk in Oos-Kaapland: a.w., 1 (privaatversameling)
20. Kol. du Toit - ds. Hanekom, G21, 4/2 KKA, 29/4/23; Ds. Hanekom-
Dr. Viljoen, G21, 4/2 KKA, 18/9/1922
21. Notule, Ring van ALbanie, R5/6 (b) KKA, spesiale bylae 28/8/23
22. Kol. du Toit - ds. Hanekom, G21, 4/2 KKA, 29/4/23; Ds. Hane-
kom - Dr. Viljoen, G21, 4/2 KKA, 18/9/1922.

23. Dreyer: a.w., 74 - 75
24. Oosterlig: Land en sand deur Stoffel, 27/2/67, in G21, 4/2
KKA
25. Van Jaarsveld: a.w., 240 - 242; Du Toit: Die salf ..., 41
26. Dreyer: a.w. 89
27. Kontroleur onderwysfinansies - voorsitter koshuiskomitee,
10 Julie 1925 (privaatversameling)
28. Dreyer: a.w., 74
29. Dies., 73
30. Skool Riebeek-Oos - skrywer, 11/11/80, (privaatversameling)
31. Van Wijk: V.S.B. Kaapland, Na 75 jr. 1889 - 1964, 45
32. Dreyer: a.w., 72, 75
33. Verslag van die jeug-studie kommissie van die Ned. Geref. Kerk
1966, 158
34. Dreyer, a.w., 71 - 72; De Kerkbode 1927, 738, 742
35. Dies.; De Kerkbode 1927, 738, 742
36. Dreyer: a.w., 75
37. Godsdiensverslag, Albanie, RA1/2 KKA, 15, 17
38. Ned. Geref. Kerk in Oos-Kaapland: a.w., 6; Oosterlig: a.w.,
27/2/67
39. Du Toit: Die Salf ..., 162
40. Rapport Retief Weeshuis - Ring van Albanie, 12/9/59 (privaat-
versameling)
41. Die Ned. Geref. Kerk in Oos-Kaapland: a.w., 2 (privaatversa-
melings)
42. Notule, Ring van Albanie, R5/6(a) KKA, spesiale bylae, 1929;
Niemand - skrywer 26/9/81 (mondelinge mededeling)
43. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/4 KKA, 187
44. De Kerkbode 1928, 854 - 855; Notule, Kerkraad Albanie, G21,
1/5 KKA, 123 - 4

45. Dreyer: a.w., 77
46. Dies., 71 -78; Jaarboek van die Ned. Geref. Kerke 1967, 535
47. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/4 KKA, 138
48. Dies., 246
49. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/3 KKA, 12 Okt. 1914
50. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/4 KKA, 61
51. Dies., 81
52. Dies., 106
53. Dreyer: a.w., 81 - 82
54. Acta Synodi 1915 - 1924, 25/10/1915, 27
55. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/4 KKA, 245
56. Dreyer: a.w., 82
57. Notule, M.S.A.-tak Albanie, 4 Nov. 1929 (privaatversameling)
58. Van Wijk: a.w., 53 - 54
59. Dreyer: a.w., 81
60. Van Wyk: a.w., 53 - 54
61. Pauw: a.w., 179
62. Van Jaarsveld: a.w., 243; Muller: 500 years ..., 366
63. Du Toit: Die self ..., 62
64. Dies., 64
65. Dies., 65
66. Dreyer: a.w., 83
67. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/5 KKA, 29 - 31; Dreyer: a.w.,
93
68. Godsdiensverslag, Albanie, RA1/15 KKA, 1931, 9 - 10

HOOFSTUK 8n TWEEDE SKOF WORD ONDERNEEM TERWYL IN DIE TOEKOMS BEPLAN WORD

n Finansiële depressie in die begin van die dertigerjare het sy tol geëis. n Grootskaalse verarming het weereens landwyd ingetree.⁽¹⁾

"Die ineenstorting van die wol- en veemarkte het n groot geldskaarste veroorsaak. Die inkomste van die gemeente Albanie het a.g.v. die depressie baie afgeneem. Die jaarlikse dankfeeste het baie minder geld ingebring. Verarming het oral gedreig. Die distrik het egter reën gekry sodat die diere genoeg voedsel gehad het. Kos was gelukkig volop, maar geld skaars."⁽²⁾

1) VOORTGANG IN DIE ONDERWYS

Ondanks die armoede wat blank en nie-blank geraak het was daar tog voortgang in blanke sowel as nie-blanke onderwys. In 1931 was daar n sendingskool op Riebeek-Oos wat toe bygewoon is deur 80 leerlinge. Dit is onseker of Kleurlinge en Swartes apart of te-same hier skoolgegaan het.⁽³⁾ In 1841 is die sg. sendingskole gestig. Dit was hoofsaaklik bedoel vir die Kleurlinge en "naturrelle" van die Kaapprovinsie.⁽⁴⁾ "Die Ned. Geref. Kerk se standpunt t.o.v. nie-blanke onderwys was in die tydperk tot 1922 waarskynlik hoofsaaklik dat die nie-blanke bevolking godsdiensoonderrig volgens die belydenis van die kerk moes ontvang."⁽⁵⁾ Dit was blykbaar ook ná 1922 die gedagte. Velapi, n Xosa, wat n tydperk aan die Stofberg Gedenkskool was, het teen 1931 goeie werk gedoen in die skool, onder toesig van die plaaslike leraar.⁽⁶⁾

2. BETER TYE, EN DIE GEESTELIKE STAND VAN DIE GEMEENTE

Op ekonomiese en politieke terrein was daar verdere ontwikkeling

in die land. Die ekonomiese posisie was nog swak. Gen. Hertzog het nie in 1931 van die goudstandaard afgestap nie, soos Brittanje wel gedoen het nie. Daarmee wou Hertzog en Havenga aantoon dat hulle oortuig was dat die Unie voordeel sou trek as 'n goudproduserende land, en wou hulle ook die land se ekonomiese en politieke afhanklikheid demonstreer. Die gevolg was dat baie kapitaal die land uit gestuur is deur spekuleerders, wat gehoop het om 'n wins te maak deur dit na S.A. terug te bring as die land sou afstap van die goudstandaard. Ná Desember 1932 is wel van die goudstandaard afgestap en het die ekonomiese toestand van die land verbeter. Geld het begin terugvloei na die land. (7)

Die gedagte van 'n koalisie is deur sommige gehuldig. Dit sou help om die Rand se depressieprobleem op te los. Smuts en Hertzog wou saamspan. 'n Algemene verkiesing is op 17 Mei 1933 gehou. Op 5 Desember 1934 het Hertzog en Smuts se partye saamgesmelt, en die nuwe party was bekend as die Verenigde S.A. Nasionale Party, of in kort, die Verenigde Party. Smuts het nou as't ware die toon aangegee in die V.P. Die regeringstyd van die V.P. het ekonomiese voorspoed geken. Wêreldwyd was daar 'n herstel van die depressie van 1930 - 1932. Die armblankevraagstuk het begin verdwyn en die land se finansies was op 'n gesonde basis. (8)

Wat hierdie verbeterde ekonomiese toestande se uitwerking was op die distrik en gemeente van Albanie, is nie bekend nie. Op geestelike gebied het dit met die gemeente nie goed gegaan nie volgens die godsdiensverslag van 1934 - 35. Organisasories het niks gekort nie. Die dienste, ens. is gereeld gehou. Die fout het gelê, so word dit geïdentifiseer, by die gesindheid van die mense. Die

lidmate van die buitewyke het Riebeek-Oos net met nagmaal en kerk-raadsvergaderings besoek. So sou geen samehorigheidsgevoel gekweek kon word nie. Die ou klagte dat huisgodsdienste nie gereeld gehou is nie, is gehoor. Daar was 'n gebrekkige Bybelkennis by die kinders te bespeur. Die toegewyde Christene was min. 'n Gees van onverskilligheid en selfversekering het kop uitgesteek. Daar was twee gevalle van ontug en die Sondag is ook per geleentheid ontheilig.

Alles was egter nie net negatief nie. Aan die positiewe sy is gemeld dat daar twee Strewerstakke en vyf Sondagskole was. Die Sondagskool en Strewersvereniging het dus onder ds. Marais se leiding uitgebrei. Die Weeshuis en die koshuise het die belangstelling van die gemeente geniet. Daar is aandag aan die sending gegee. Daar is veral gewerk onder die Kleurlinge en Xhosas. Die dorp het 'n twee-onderwyser kleurlingskool gehad met nagenoeg 70 leerlinge.⁽⁹⁾

Op die gebied van blanke onderwys kan gemeld word dat die skoollied in gebruik was wat in 1929 al deur ds. M.L. de Villiers gekomponeer is. Mnr. Stassen, die skoolhoof, is opgevolg deur mnr. Oberholzer van wie niks verder bekend is nie. Hierna het 'n mnr. de Jong gevolg, in 1935. Hy was 'n streng en goeie onderwyser en het later inspekteur van onderwys geword.⁽¹⁰⁾ Ds. Marais, wat self 'n onderwyser was, het baie belang gestel in die onderwys. Hy was lid van die skoolraad en voorsitter van die skoolkommissie.⁽¹¹⁾

So was die stand van sake in die gemeente teen 1935. In daardie jaar sou die gemeente in rou gedompel word. Ds. Marais is op

Sondag, 27 Oktober 1935, in Port Elizabeth aan beroerte oorlede.⁽¹²⁾
Hy is in die kerkgronde te Riebeek-Oos begrawe, waar sy grafsteen
vandag nog staan.

3. n NUWE LERAAR: DS. G.P. LE ROUX, EN VOORTGAANDE ONVERGENOË
MET DIE GEESTELIKE TOESTAND VAN DIE GEMEENTE

Die gemeentewerk moes voortgaan en op 25 Januarie 1936 is n nuwe
leraar beroep. Hy was ds. G.P. le Roux van Douglas.⁽¹³⁾ Gabriel
Petrus le Roux is op 19 Julie 1896 op Brandfort gebore. Hy het
in die distrik Theunissen groot geword, op die plaas Deelfontein.⁽¹⁴⁾
Hy is in 1929 gelegitimeer en het in Boksburg en Douglas (1930) ge-
werk, voordat hy na Albanie beroep is.⁽¹⁵⁾

By hierdie beroepsvergadering het die kerkraad besluit om die des-
tydse gemeentemotor aan die nuwe leraar as geskenk te gee. Hy
sou ook n motortoelaag van £75 per jaar ontvang.⁽¹⁶⁾ Ds. le Roux
het die beroep aangeneem. Dat die motor nie die lokmiddel was nie,
is bewys toe hy die motor as geskenk aan die kerkraad teruggegee
het!

Ds. le Roux sou wel deeglik aandag aan die jeug moes gee. Daar
was bv. vyf Sondagskole met 230 kinders. Dit was ook die erns
van die kerkraad dat die gemeente se geestelike toestand moes ver-
beter. Die kerkraad het gedurende 1936 - 37 in hulleself beplan
wat hulle van die gemeente verwag het. Daar moes weer selfstan-
digheid en versigtigheid wees t.o.v. lewenswandel. Die sending-
saak het nie genoeg aandag geniet nie en daarvoor moes die gemeen-
te opgeskerp word. Die een groot begeerte vir die gemeente was n
dieper geestelike lewe.⁽¹⁷⁾ Daar word nie gemeld wat die oorsaak

van hierdie toestand was nie. Moontlik was die lidmate se lewenswandel nie na wens nie, weens die welvaart wat belowe is.

Dit is nie duidelik of die kerkraad se voornemens vir die gemeente veel vrug afgewerp het nie. Gedurende 1937 - 38 was daar steeds die klagte dat die bidure op die dorp swak bygewoon is, terwyl die bidure daarenteen in die buitewyke goed ondersteun is. Die buitendienste by Fonteinskloof, Kommadagga, en Sattaire stasie is ewe eens goed bygewoon. Na die kinders is omgesien en voor elke kerkraadsvergadering is 'n kinderdiens gehou.⁽¹⁸⁾ Dit wil soms voorkom asof daar maar deur die kerkraad voortgegaan is met die gewone aksies, sonder dat werklik ernstig gesoek is na die oorsake van afval onder die gemeentelide. Daar is in die godsdienverslae gesê wat verkeerd is, maar daadwerklike oplossings of pogings daartoe, word nie gemeld nie.

4. DIE SIMBOLIESE OSSEWATREK EN DIE REDDINGSDAADBEWEGING

Die jaar 1938 sou vir die Afrikaner-nasie nie ongemerk verbygaan nie. Dit was die jaar van die simboliese ossewatrek. "Die vertrek van die waens en ruiters van die voet van Jan van Riebeeck se standbeeld was 'n ware belewenis wat die hartsnare geroer het."⁽¹⁹⁾ Verskeie volksfeeste is by die waens gehou. Die simboliese trek het 'n opbruisende volksgevoel aangewakker. "Dit was of dié wat lam was, weer lus gekry het om te hardloop."⁽²⁰⁾

Die mense van Riebeeck-Oos het ook in hierdie gevoel gedeel. Op 27 September 1938 het die trek Mooimeisiesfontein aangedoen. Vier Unievlae het gewapper toe die waens om 2.30 nm. Mooimeisiesfontein binnegelei is. Ds. G.P. le Roux het die verwelkoming gedoen.

Mnr. Lucas, burgemeester van Grahamstad, het groete namens die Engelssprekendes oorgedra. Die leier van die hoof trek het 'n kakebeenwa van die hoof trek met die naam Piet Retief, gedoop. Die vergeelde en deels vergane vlag van die Vrystaatse Republiek, wat met die besetting van Bloemfontein van die raadsaal neergehaal is, is gebruik. Die doop is voltrek deur die vlag 3 maal oor die tent te stryk. Die skare het "Prys die Heer" gesing. Mnr. H.J. Klopers het die dooprede gelewer aangesien ds. Kestell nie teenwoordig kon wees nie. Die 75-jarige mnr. Louis Oosthuisen het dokumente oorhandig aan die trek, wat o.a. ingesluit het 'n eksemplaar van die Grahamstown Journal met Piet Retief se manifest van 22 Januarie 1837.⁽²¹⁾ By hierdie geleentheid sou menige Afrikaner in Riebeeck-Oos se volksgevoel weer versterk word. Hulle het op historiese grond gestaan en teruggekyk na die verlede.

Dr. H.F. Verwoerd het in Desember 1938 te Middelburg verwys na duisende verarmde padwerkers. Hulle was afgedruk van hulle plase. Vir hulle was daar ook geen plek in die onafrikaanse stede, nywerhede en handel van die land nie. Meer as 'n kwart van die volk was in die bitterste nood. 'n Nuwe oproep is geloots. Dit kon nie so voortduur nie. Nee: "Verafrikaans die stede en neem die regmatige plek in in die handel en nywerheid om medevolksgenote weer in die nuwe lewenskringte tot selfstandigheid te voer..."⁽²²⁾

Die gevoel wat tydens die fees opgewek is, het oorgegaan in die stigting van die Reddingsdaadbeweging. Dit het die Afrikaner se ekonomiese groei aangehelp. Daar is hulp verleen om die volk op geestelike, maatskaplike en ekonomiese gebied op te hef. Vader Kestell het die Reddingsdaad van stapel gestuur. "Ek roep ons

hele volk tot die Reddingsdaad op, ons hele volk. Daar moet godsdiens in die Reddingsdaad wees. God moet voor oë gehou word. In Sy Naam moet die Reddingsdaad aangedurf word."⁽²³⁾ Die Stellenboschse Boere-orke is gestig om fondse te help insamel. Onder leiding van oom Pietie le Roux is groot bedrae geld deur die orke ingesamel vir die Reddingsdaadfonds.⁽²⁴⁾ 'n Kulturele organisasie, die Ossewa-Brandwag, is ook in 1938 gestig.

5. DIE TWEDE WÊRELDOORLOG EN DIE BEDIENING VAN DIE GEMEENTE

Die algemene verkiesing in 1938 is deur die regering gewen. Daar was nie ooreenstemming op alle gebiede tussen die twee wit taalgroepe in die regering nie. Die Engelse het nie van die gedagte gehou dat die "Stem van Suid-Afrika" saam met "God save the King" 'n nasionale volkslied geword het nie. Die Unievlag sou die nasionale vlag wees waarby die Union Jack net by spesiale geleenthede gehys sou word. Die gedagte dat Roberts Heights vernoem is tot Voortrekkerhoogte en die duur Voortrekkermonument, het Engelssprekendes nie aangestaan nie.⁽²⁵⁾ Afrikaner nasionalisme het in 1938 weer 'n inspuiting gekry en botsings met die Engelsgesinde landgenote sou die een of ander tyd volg.

Vanaf 1939 het daar weer 'n oorlog gedreig. Smuts en Hertzog het nie saamgestem oor wat die houding van die Unie moes wees nie. Hertzog wou hê dat die Unie neutraal moes bly. Smuts was van oordeel dat die Unie Brittanje moes help. Die kabinet was hieroor verdeeld. Smuts het eindelijk die stryd gewen. Generaal Hertzog het die goewerneur-generaal gevra om die parlement te ontbind en 'n verkiesing uit te skryf, maar dit is geweier. Generaal Hertzog het as eerste minister bedank.

met 20 lede.⁽³⁰⁾ Ds. le Roux het in 1941 gemeld dat daar twee Strewerstakke in die gemeente werksaam was. Die een te Alicedale was 'n bloeiende tak en daar is veel seën ondervind. Die tak te Riebeek-Oos was die vrug van die spesiale dienste. Die lede was min in getal, maar wel innige gelowiges.⁽³¹⁾ Of die kerkraad gevra het vir spesiale dienste en of die spesiale prediker aangebied het om daar dienste te hou is onbekend. In die lig van die vroeëre geskiedenis van die gemeente moet ons aanvaar dat die kerkraad die prediker genooi het. Hoe dit ook al sy, die kerkraad het aan die gemeente die geleentheid gegee om hulle opnuut te vergewis van die basiese waarhede in hulle geloofslewe. Die vraag is egter of die kerkraad daarmee sy ampsverantwoording nagekom het? Die bediening van die gemeente kan tog nie net by spesiale geleenthede of deur verenigings plaasvind nie, maar moet deur elke ampsdraer deurlopend waargeneem word. Algaande is besef dat dié metode nie Skriftuurlik is nie - en teleurstellend is, soos die verslag oor die geestelike toestand van die gemeente aandui. Dat die kerkraad wel sy verantwoordelikheid besef het, blyk uit sy daadwerklike aandag wat in 1941 - 1942 aan die sending gegee is. In aansluiting by die aandrang in die kerkverband het hulle hulle ten doel gestel om meer plaaslike sendingwerk te doen en om 'n eie evangelis te vind.⁽³²⁾ Dit sou die sendingwerk op 'n beter grondslag plaas.

Verder is 'n wakende oog oor sy lidmate gehou en die tug gereeld toegepas. Die verskillende partye is gewoonlik die geleentheid gegee om hulle saak te stel. In hierdie tyd het daar stemme opgegaan vir kerkherstel en die beoefening van die tug. Opnuut is rekenskap van die noodsaaklikheid van die tug gegee. "Daar is almeer vanuit die plaaslike gemeente oor die kerk en kerkregering

gedink. Daar was die besef dat die plaaslike kerk na die eis van die Skrif erns moes maak met die ampsbediening van die tug. Hierdie besef gaan gepaard met die besinning oor sy wese waartoe die tweede Wêreldoorlog die kerk gedwing het. 'n Beweging vir kerkherstel het op dreef gekom. Die Transvaalse kerk het in 1940 'n kommissie benoem "om ondersoek in te stel na die uitoefening van die tug in die Geref. Kerk hier te lande in die algemeen en in die Geref. Kerke in die besonder. "Die Raad van Kerke se kommissie in Aktuele Vraagstukke bied dan in 1943 'n rapport aan oor "kerklike tug in die Gefedereerde kerke. Daarin word die formulering van 'n gesonde Gereformeerde praktyk van die tug in 'n "finale vorm" teruggevind "in die Sinode van Dordrecht" 1618 - 19." (33)

Dit lyk of die kerkraad van Albanie die doel van die kerklike tug besef het, nl. dat dit moet geskied tot eer van God, tot heil van die gemeente en tot behoud van die sondaar. (34) Daar is by 'n sekere geval spesifiek genoem dat die sensuur in liefde toegepas is. (35) Dit was die regte gesindheid. Tog was hier by dieselfde geval tekens dat die kerkraad by die uitvoering van die tug nie reg opgetree het nie. Daar was sprake van twee ouderlinge wat die sensuur moes toepas. (36) Genoegsame inligting ontbreek om 'n duidelike gevolgtrekking te maak. Oor die tug en die tydsduur daarvan moet tog 'n hele kerkraad besluit en nie net 'n paar nie. Nogtans is dit verblydend om te sien dat die kerkraad wel die moed gehad het om tug toe te pas. Uit baie gevalle in die geskiedenis van Albanie is dit duidelik dat mense hierdeur gewen is vir die kerk en koninkryk en nie verloor is soos vandag dikwels gevrees word nie.

Nog gedurende die oorlog, in 1943 het ds. le Roux 'n beroep na

Alexandria ontvang en dit aangeneem. (37)

6. VOORTGANG MET DS. P.G. ROSSOUW

In 1944 is ds. P.G. Rossouw na Albanie beroep. Hy het hom die beroep laat welgeval. Petrus Gideon Rossouw is op 31 Mei 1903 gebore. Hy het in die distrik Griekwastad grootgeword en het daar skoolgegaan. Matriek het hy in Hopetown afgelê. P.G. Rossouw is in 1932 gelegitimeer en in 1934 te George georden as hulpleraar. Sedert 1935 het hy Herold bedien en is daarvandaan na Albanie in 1944. (38)

Die kerkraad het onder sy leiding voortgegaan en meer aandag aan die sending gegee. 'n Plaaslike sendingkommissie is in die lewe geroep. Hulle sou toesig hou oor die sendingwerk. Sedert Januarie 1944 het evangelis Dawid Ruiters daar gewerk. Plaaslik was die blankes behulpzaam op sendinggebied en die leraar het die sakramente bedien. (39)

7. DIE NA-OORLOGSE PERIODE

In 1945 het die oorlog ten einde geloop. Die Unie se poging in die tweede Wêreldoorlog het die lewens gekos van 152 Suid-Afrikaners in Oos-Afrika, 2104 in Noord-Afrika en 753 in Italië. (40) Dit is 'n vraag of dinge weer na normaal teruggekeer het na die oorlog. Die samelewing het anders geword. 'n "Weeshuis" se versorging het anders geword. Dit blyk uit die sertifisering van die Piet Retief Weeshuis op 7 Julie 1942. Daarvolgens kon dit hoogstens sestig "sorgbehoewende of verwaarloosde" kinders neem. Op 26 Maart 1946 is dit weer gesertifiseer deur mnr. H.G. Lawrence, minister van Volkswelsyn in:

- a) behoeftige en verwaarloosde kinders;
- b) moeilike of probleemkinders;
- c) subnormale of agterlike kinders;
- d) weeskinders.

Daar sou heelwat van hierdie kinders wees wat die slagoffers geword het, nie net van die dood nie, maar ook van armoede en nou van die oorlog en verwaarloosing. Die ring sou volle beheer hê oor die Weeshuis. Die doel van die Weeshuis was om nie slegs versorging en akkomodasie vir blanke seuns te voorsien nie, maar om hulle te rehabiliteer. Die kinders is eers in die ou Retief-huis gehuisves, en sedert 1947 is daar nuwe geboue opgerig met plek vir byna honderd seuns. Die "Kinderhuis" was bedoel om 'n lewende monument ter ere van Piet Retief te wees. Dit was nog steeds 'n kerklike onderneming en 'n volksaak. Op die hoeksteen van die gebou is die volgende inskripsie aangebring: In dankbare nagedagtenis aan Piet Retief 1780 - 1838; Die martelaar van die Groot Trek; Hy het gesterwe sodat ons volk kan lewe.⁽⁴¹⁾ Verwaarloosde kinders is versorg en gerehabiliteer vir kerk en volk.

In 1948 is die woonhuis en tuin van Retief tot historiese monument verklaar.⁽⁴²⁾

Die Retief Weeshuis het op hierdie stadium sy bestaan geregverdig veral omdat dit verwaarloosde kinders van die stad moes opneem. Die plattelandse omgewing en invloed sou menige seun ten goede kom.

8. TOE 'n OORWEGEND AFRIKAANSE PARTY AAN BEWIND GEKOM HET, EN DIE KOMS VAN 'n ANDER LERAAR

1948 was weer verkiesingsjaar. Die H.N.P. van dr. Malan en die

Afrikaner Party van mnr. Havenga het saamgestaan. Hierdie koalisie het 'n meerderheid van vyf setels gehad na die verkiesing. Dr. D.F. Malan het die nuwe eerste minister geword. Nou was daar 'n Afrika-ner regering aan bewind. Dit was die begin van 'n nuwe era. Die Unie sou vorentoe beweeg op die pad na Republiekdag.⁽⁴³⁾

Toe hierdie bewindsoorname plaasgevind het, was die gemeente vakant. Dit was een van die langste vakatures in die geskiedenis van die gemeente - en, die notules van die kerkraad vanaf 1948 tot 1970 het soek geraak!

Na die vertrek van ds. Rossouw in 1947, is ds. J.A. Kotze beroep en op 30 April 1949 te Albanie bevestig. Johannes Augustinus Kotze is gebore op 25 Februarie 1900. In 1930 is hy gelegitimeer en op 28 Maart 1931 te Lydenburg as hulpleraar bevestig. In Augustus 1931 is hy na Port Elizabeth Suid. In 1941 het hy emeritus geword. Op 27 April 1946 het hy weer toegetree tot die bediening in Benoni-Oos. Vandaar is hy na Albanie.⁽⁴⁴⁾

Met sy swak gesondheid het die nuwe leraar dadelik 'n grondliggende probleem vasgestel: die uitgestrektheid van die gemeente het dit volgens hom moeilik gemaak om 'n samehorigheidsgevoel te kweek. In 1951 kon ds. Kotze weens swak gesondheid nie huisbesoek na wense doen nie. Hy was gedwing om die bediening neer te lê en op 5 Julie 1952 het hy se emeritaat aanvaar.⁽⁴⁵⁾

Opmerklik is die feit hoe vinnig die leraars voorts gewissel het in die gemeente. Baie eertydse sendelinge het die gemeente bedien. Duidelike uitstaande faktore of redes vir die vinnige wisseling is nie bekend nie. Maar dit is bekend dat daar nie veel ontwikkeling

op die dorp was nie; daar meer lidmate woonagtig was in die buite-
wyke as op die dorp self. Dit het die bediening bemoeilik. Die
versorging van die groot aantal sorgbehoewende kinders sou ook sy
besondere eise stel. Daar was nie meer inkomste uit die dorp nie.
n Eertydse redelik welvarende gemeente het gesukkel om kop bo water
te hou. Met die gedurige wisseling van leraars sou kontinuïteit in
die geestelike werk skade ly.

Hierdie keer het die gemeente egter nie so lank gewag vir n nuwe
leraar nie.

VOETNOTEHOOFSTUK 8

1. Du Toit: Die self..., 62
2. Dreyer: a.w., 79
3. Dies., 81
4. Badenhorst: Die aandeel van die kerk..., 27
5. Badenhorst: n Histories-sosiologiese ondersoek..., 40
6. Dreyer: a.w., 81
7. Van Jaarsveld: a.w., 243; Muller: Five hundred years...,
366 - 7
8. Van Jaarsveld: a.w., 243 - 245
9. Godsdiensverslag, Albanie, RA1/18 KKA, 11 - 14; Notule, Kerk-
raad Albanie, G21, 1/5 KKA, 123 - 4
10. Skool Riebeeck-Oos - skrywer, 11/11/80 (privaatversameling)
11. Dreyer: a.w., 83
12. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/5 KKA, 123 - 4
13. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/4 KKA, 25/1/1936
14. Mev. Jooste - skrywer, 2/2/81 (privaatversameling)
15. Jaarboek van die Ned. Geref. Kerke 1972, 539
16. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/5 KKA, 132
17. Godsdiensverslag, Albanie, RA1/19 KKA, 9 - 10
18. Dies., RA1/10 KKA, 54
19. Du Toit: Die self..., 109
20. Dies., 110
21. Mostert, D.: Gedenkboek van die ossewaens op pad van S.A.,
322 - 324
22. Du Toit: Die self..., 110
23. Dies., 111 - 112

24. Dies., 111
25. Van Jaarsveld: a.w., 246
26. Dies.
27. Dies., 250
28. Godsdiensverslag, Albanie, RA1/20 KKA, 62 - 66
29. Dies.
30. Dies., 82 - 83
31. Dies., 62 - 66
32. Dies., 70
33. Ned. Geref. Teologiese tydskrif, 1979, 295 - 6
34. Visser: Kerklike Tug (Wat sê die N.T.?), 3. 65
35. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/5 KKA, 292
36. Dies.
37. Dies., 315; Die Kerkbode 1943, 202
38. Jaarboek van die Ned. Geref. Kerke 1980, 233; Telefoongesprek met Ds. P.G. Rossouw
39. Godsdiensverslag, Albanie, RA 1/20 KKA, 82 - 83
40. Van Jaarsveld: a.w., 247 - 8
41. Byvoegsel tot Die Burger, 21 April 1962, 10
42. Ned. Geref. Kerk in Oos-Kaapsland: a.w., 6 (privaatversameling); Byvoegsel tot Die Burger 21 April 1962, 10 - sê 1937
43. Van Jaarsveld: a.w., 254
44. Jaarboek van die Ned. Geref. Kerke 1967, 59
45. Godsdiensverslag Albanie, RA 1/33 KKA, 113 - 121; Jaarboek van die Ned. Geref. Kerke 1967, 59

HOOFSTUK 9DIE GEMEENTE WORSTEL OM VOORT TE BESTAAN

Die voortbestaan van die gemeente in sy huidige samestelling het in die gedrang gekom.

1. DS. V.O. NEL HOU DIE GEMEENTE BYMEKAAR

Nadat ds. J.A. Kotze uit die gemeente vertrek het, is die jeugdige ds. V.O. Nel in 1952 na Albanie beroep. Hy het die beroep aange-
neem, slegs na twee jaar as leraar van Gordonsbaai, en is te Riebeek-
Oos ontvang gedurende die naweek van 11 en 12 Oktober 1952.⁽¹⁾

Vivianus Ovidius Nel is op 27 Augustus 1924 op die plaas Meyerskraal in die distrik van Bedford gebore. Sy ouers het in 1928 na Bedford verhuis waar hy aan die einde van 1942 gematrikuleer het aan die Hoërskool Templeton. Daarna is hy na die U.O.V.S. vir sy B.A. studie en daarvandaan na die Kweekskool op Stellenbosch. Hy is aan die einde van 1949 gelegitimeer.⁽²⁾ Op 6 Mei 1950 is hy as medeleraar te Somerset-Wes, met standplaas Gordonsbaai, bevestig deur ds. O.A. Cloete.

In Riebeek-Oos is hy bevestig deur ds. G.M. Daneel van Grahamstad. Die bevestigingsrede is gelewer deur sy broer, ds. Coligny Nel.⁽³⁾

Die destydse skoolhoof, mnr. A.M.M. Rossouw, het in 'n brief aan ds. Nel die opset van die gemeente verduidelik. Dit was voordat hy die beroep aangeneem het. Van die pastorie het mnr. Rossouw geskryf: "hier is 'n baie gerieflike kerksaal en pastorie, met groot, ruim, vrugbare gronde. Daar is 'n boorgat en windpomp op die pastoriegrond, asook 'n dubbele motorhuis, koeistal en pakka-
mers." ⁽⁴⁾

In dieselfde skrywe het mnr. Rossouw uitgewy oor die Kommadaggawyk. Daarin kom die probleem van die gemeente na vore. Dit was een met konsentrasiepunte wat nie met die "hoofkerk" op Riebeek-Oos geskakel was nie. Reëlins moes aangegaan word met hulp van buite om die gemeente te bedien. Mnr. Rossouw het daarop gewys dat die Kommadaggawyk niks te make gehad het met die Kommadagga-spoorwegdorp nie. Ds. J.A. Malherbe is aangestel om diens te doen in die spoorwegdorp. Hy het onder toesig van die kerkraad van Albanie gewerk, maar die Spoorweë het sy traktement betaal.⁽⁵⁾ Daarmee was dit bykans onmoontlik om die eenheid van die gemeente te behou.

Met sy aankoms in Riebeek-Oos in 1952 het ds. Nel dan ook gevind dat die gemeente uitmekaar wou spat. Die godsdienverslag van 1954 dui aan dat die gemeente bestaan het uit 351 gesinne, wat soos volg in die wyke versprei was: 135 in die Kommadaggakamp; 90 op Alicedale; 48 op Riebeek-Oos; 29 in die Rietrivierwyk; 25 in die Kommadagga-wyk en 24 in die Fonteinskloofwyk.⁽⁶⁾ In 1952 wou die Fonteinskloofwyk by Grahamstad, Kommadagga by Somerset-Oos, Alicedale by Patterson en die Rietrivierwyk by Bedford aansluiting vind.⁽⁷⁾

Dit sou vir hulle geriefliker wees om by die groter dorpe in te skakel en hulle sou baat vind by meer gereelde bediening. Dit is jammer dat die kerkraadsnotules vanaf 1948 - 1970 soek is en die probleem nie daaruit bestudeer kon word nie. Daarmee is daar nie 'n deurlopende bron waaruit die geskiedenis van die gemeente afgelees kan word nie. Die godsdienverslae en ringsnotules het nie meerdere lig op hierdie moeilike situasie gewerp nie.

Hierdie toestand in die gemeente het geweldige eise gestel aan ds. en mev. Nel. Hulle wou graag die gemeente red en het die uit-

het allerhande pogings aangewend om die skool aan die gang te probeer hou. Hy het leerlinge vir die skool probeer verwerf en wou die skool verbeter. 'n Tennisbaan is in sy tyd gebou. In 1956, na 18 jaar diens op Riebeek-Oos, het hy vertrek. Hy het ook goeie dienste aan die gemeente gelewer as skriba en het gedien op baie ander besture. (14)

Die Piet Retief Weeshuis se getalle het weer geleidelik toegeneem sodat daar teen 1952 reeds 84 seuns woonagtig was. (15) Kinders van ander provinsies is aan die Kinderhuis toegewys en het die getalle laat styg. Deurdat kinderhuise gekommiteerde kinders opgeneem het, is hulle soms van elders geplaas. Later is daar opgemerk dat die Kinderhuisbeleid onprakties bewys is. Die ideaal was dat kinders naby hulle ouerhuise geplaas word. (16)

2. DIE GEMEENTE IN OËNSKOU

Die harde werk van ds. Nel het vrugte afgewerp. Teen 1954 het die bywoning van die eredienste byna verdubbel, veral dié op Alicedale. Dit was voorwaar 'n bemoedigende teken. Daar het drie Sondagskole bestaan met 390 leerlinge en 37 onderwysers. Onder die verenigings wat in die gemeente werksaam was, kan genoem word die A.C.V.V., V.S.B. en K.S.K. Op sendinggebied was daar verdere voortgang. Die kerkraad en die V.S.B. het besluit om jaarliks saam 'n groot sendingfees te hou. (17) Hoeveel keer dit gedoen is en wat die belangstelling was, is nie bekend nie. Teen 1955 het drankmisbruik ernstige afmetings begin aanneem. (18) Daar niemand op die dorp geregtig was op 'n dranklisensie nie, moes die drank van elders gekom het. Daar is ongelukkig nie 'n bron om na te gaan hoe die kerkraad met hierdie probleem gehandel het nie.

In 1956 is weer 'n keer gekyk na die kerkgebou. Die kerkgebou was daardie jaar 94 jaar oud en die gemeente 125 jaar. Die kerkraad het besluit om die kerkgebou te herstel teen 'n koste van nagenoeg R9000-00. 'n Nuwe preekstoel en ander banke is o.a. geïnstalleer.⁽¹⁹⁾ Dit staan tot die krediet van die gemeente dat hy altyd gesorg het vir sy geboue. Die kerk het hom met die verlede en gelowiges in die verbond verbind, en is met piëteit in stand gehou.

Ondanks al die pogings om die gemeente staande te hou, het dit gekwyn. Daar was baie bejaarde mense. As gevolg van al die probleme wat die ouderdom meebring, is die kerk minder gereeld besoek. Die gemeente het baie kinders gehad, maar kon hulle, nadat hulle skool verlaat het, nie daar hou nie. Daar was vir hulle geen werkgeleenthede op Riebeek-Oos nie.⁽²⁰⁾ Hulle moes dus uitwyk na die groter dorpe en stede. Dit het veroorsaak dat die gemeente nie kon groei nie. Die bejaardes het afgesterf en die jonges het weggetrek. Op Alicedale was die posisie heelwat gunstiger.⁽²¹⁾ Daar was gedurig jong spoorwegamptenare, al het hulle gekom en gegaan.

Dit is egter nie net die mans wat altyd 'n groot rol in kerksake en die gemeentelewe gespeel het nie. Die vroulike lidmaat het nog altyd 'n groot rol gespeel in die kerk. 'n Ned. Geref. Sustersvereniging is bv. op 8 en 9 Mei 1957 in Port Elizabeth gestig. (Tydens 'n kongres in Port Elizabeth in 1966 is besluit om die naam te verander na Ned. Geref. Kerk Vrouehulpdiens). Die leuse van hierdie vereniging was: "nie om gedien te word nie, maar om te dien". As grondslag het hulle genoem die Woord van God en die belydenisskrifte van die Ned. Geref. Kerk.⁽²²⁾ Wat die susters van Albanie in hierdie verband gedoen het, is onbekend omdat daar geen notuleboek

bewaar gebly het nie.

Teen die einde van 1957 het die gemeente ds. Nel verloor toe hy 'n beroep na Klipplaat aangeneem het.⁽²³⁾ Dit moes vir hulle 'n harde slag gewees het, want deur die ywer van die leraar en sy gade is die gemeente van ondergang gered en die bediening aldaar op 'n beter grondslag geplaas.

Maar die eertydse wyke van die gemeente het Riebeek-Oos verbygegaan.

3. ONTWIKKELING OP SENDINGGEBIED, VANUIT GRAHAMSTAD

Die groot werk i.v.m. die sending is algaande vanuit Grahamstad gereël. Hier het dit spesifiek gegaan om die sendingwerk onder die Swartes. Nadat die sendingkommissie van die kerkraad van die moedergemeente te Grahamstad vir 'n paar jaar sendingwerk gedoen het onder die Swartes in Grahamstad en distrik, het die eerste evangelis van die Ned. Geref. Kerk in Afrika, E. Belewa, op 1 Januarie 1957 begin in die werkkring. Die dienste is aanvanklik gehou by die Grand Hotel in Grahamstad, waar die destydse bestuurder, mnr. Henry Niemand, die saak goedgesind was. Later in 1957 het prop. G. Thom evangelis Belewa kom help.⁽²⁴⁾ So het die sendingwerk in die distrik Albanie gebaat by hierdie nuwe belangstelling wat in die kerkverband opgelewe het. En, die sendingbediening sou die gemeentebediening ten goede kom, veral in die jare toe die gemeente se voortbestaan in die weegskaal beland het.

4. DS. P.F. DE WET, EN DIE ONVERMYDELIKE VERSKUIWING

Ds. P.F. de Wet is in 1958 na Albanie beroep en het die plek van ds. Nel kom volstaan. Pieter Francois de Wet is op 11 Januarie

1920 gebore te Lichtenburg.⁽²⁵⁾ Hy het matriek geskryf op Christiana. In 1947 het hy sy teologiese studie voltooi en is op 24 Januarie 1948 georden in die Griekwa Independentente gemeente (Kokstad). Hy is deur die Sendingkommissie daar geplaas. Daarna het hy die moedergemeente Waterford bedien vanaf 1949, voordat hy in 1958 na Albanie verskuif het.⁽²⁶⁾

In daardie jare het, benewens Alicedale, sewe kleiner spoorwegstasies ook onder die gemeente gesorteer. Op daardie stadium was ongeveer die helfte van die gemeente reeds spoorwegamptenare en die ander was boere.

Ds. de Wet het, soos al die vorige leraars, gevind dat die kerkbesoek te Riebeek-Oos swak was. Die feit dat daar baie bejaardes was en dat sommige buitewyke heelwat meer lidmate gehad het as die dorp, moet in gedagte gehou word. Die Weeshuis se seuns sowel as die koshuiskinders was gereelde kerkgangers. Sowat 70 - 80% van die kerkgangers was kinders. Om hierdie rede het hy hom grootliks toegelê op kinderpreke of eenvoudige boodskappe.⁽²⁷⁾

Die leraar moes probeer om die buitewyke gereeld te bedien. Daar is gewoonlik 'n oggenddiens op Riebeek-Oos gehou deur die leraar en 'n aanddiens deur 'n ouderling. Die leraar het dan die aanddiens op Alicedale waargeneem.⁽²⁸⁾ Rondom 1960 is daar besluit om die pastorie na Alicedale te verskuif. Weens die ontvolking van Riebeek-Oos en die uitbreiding van die Afrikaanssprekende gemeenskap op Alicedale, het dit vir ds. de Wet baie moeilik geword om die gemeente doeltreffend vanaf Riebeek-Oos te bearbei. Die twee dorpie is geskei deur 'n pad wat oor 'n berg loop en waarop 15 hekke was. Die

versprei en mense het dan so 'n seun "aangeneem" en vir hom gebid, 'n geskenk gegee op sy verjaardag en verder in hom belanggestel.⁽³⁰⁾

Die seuns van die Kinderhuis het die plaaslike skool bygewoon tot St. 8. Daarna is hulle in 'n werk geplaas of na 'n nywerheidsskool gestuur om hulle te bekwaam vir 'n ambag.⁽³¹⁾ Na die geestelike sy is ook omgesien. Elke aand is daar 'n gesamentlike diens in die eetsaal gehou. Die seuns het gereeld die eredienste en kategese-klasse bygewoon. Daar was ook biduurkringe waar menige seun sy hart voor die Here kon uitstort. Sommige seuns het psigiatrisiese behandeling te Grahamstad ontvang. Vir ontspanning en opvoedkundige films is daar tyd ingeruim.⁽³²⁾ Die groot poging onder leiding van ds. de Wet om die Weeshuis 'n aangename tuiste te maak, het die seuns beslis ten goede gekom.

By die ander inrigting vir kinders, nl. die Goeie Hoop Losieshuis, was dinge nie na wense nie. In 1959 het die kerkraad 'n brief aan die S.G.O. geskryf en gesê dat hy nie langer sy weg oopsien om die koshuis aan die gang te hou nie, want dit het teen 'n verlies gewerk. Daar was glo privaat instansies wat wou voortgaan met die administrasie van die koshuis.⁽³³⁾ Die uiteinde van die saak was dat die Skoolkomitee op 1 Januarie 1960 die geldelike verantwoordelikheid van die ondersteunde koshuis oorgeneem het.⁽³⁴⁾ Die koshuis is egter van die einde van 1961 gesluit.⁽³⁵⁾

Met die baie kinders in die gemeente is dit te verstane dat daar in ds. de Wet se tyd 'n K.J.V.-tak op Riebeeck-Oos gestig is. Hulle het begin met sestig lede. Vergaderings is gewoonlik maandeliks gehou. Geestelike- en ontspanningsaande het mekaar afgewissel. Tydens ontspanningsaande is baie aandag gegee aan volkspele. Die

geword het.⁽⁴¹⁾ Hy het hom later weer beroepbaar gestel en op die roepstem van Albanie gehoor gegee.

Dit wil ook voorkom of hy op Riebeek-Oos woonagtig was en nie op Alicedale nie.⁽⁴²⁾ Wanneer hierdie terugverskuiwing plaasgevind het, is nie duidelik nie, maar dit was blykbaar kort na ds. de Wet se vertrek. Onder leiding van ds. Stander het die kerkraad die fees beplan. Uitnodigings vir die feesgeleentheid is gerig aan senator J. de Klerk, dr. J.D. Vorster, ds. A. Jonker en mnr. G. van der Vyver. 'n Grootse poging is aangewend om Riebeek-Oos op die kaart te hou en weer bekend te stel. Die gemeente moes geïnspireer word. Senator de Klerk, asook mnr. Nico Malan, die Administrateur, was egter nie beskikbaar nie. Uit 'n brief was ds. Stander aan dr. Vorster geskryf het, gedateer 21 April 1962, haal ek die volgende woordeliks aan: "Broer Koot, so sit ek dan hier met my siel onder die arm sedert 24 Maart. Die Afrikaners en Christelike siel skree in die binneste by die aanblik van soveel agteruitgang en verval. Historiese, heilige grond, waar mens die spore ruik van een van die edelste Afrikaner seuns, die voortrekker leier en held Piet Retief, 'n ou gemeente wat die moeder van soveel florerende prykende lote is in die Oostelike Provinsie - 'n sierlike ou klipkerk met toring en 'n klok met aangrypende klankgeluide as hy tot vergadering met die Here roep - op 31 Mei 100 jaar oud. Kan 'n mens dit so aanskou en nie in die binneste ontroer word nie? Ek het sen. Jan de Klerk vir die staatkundige kant van die voorgenome fees op 31 Mei gevra en ek vra vir jou broeder, vir die kerklike sy om die dag 'n feesrede te lewer. Soos Farel vanslewe vir Calvyn besweer het, sê ek tans: ek neem geen afwysing nie. U moet hier wees D.V. aand 30 Mei vir die redevoering die môre van 31 Mei

10.30". Tot sover die brief. Alles is gereed gemaak vir die fees. Daar is begin met herstelwerk waar nodig. Die ou kerk-horlosie is weer in werking gestel. Die traliewerk rondom die kerk is geverf, die saal en pastorie is opgeknop.⁽⁴⁴⁾ By die feesgeleentheid het uiteindelik opgetree mnr. G. van der Vyver, L.P.R., mnr. Tom Bowker, L.V. vir Albanie, dr. M. Venter L.V. wat hoofspreek was, en dr. J.D. Vorster. Die program is afgesluit met die sing van Die Stem.⁽⁴⁵⁾ Ds. Stander, vroeër hoofgeneraal en voorsitter van die Groot Raad van die Ossewa Brandwag, sou tevrede kon voel met die afloop van die verrigtinge.⁽⁴⁶⁾ Of die feesgeleentheid en die boodskap die gemeente weer aangespoor het vir die toekoms, is nie maklik aan uiterlike tekens te bepaal nie.

7. DS. FURSTENBERG SE ROL, ONDER SWARTES EN BLANKES

Daar is reeds vermeld dat evangelis E. Belewa en prop. G. Thom in 1957 die sendingwerk in die omgewing onder die Swartes op 'n beter grondslag kom plaas het. Die eerste voltydse sendeling vir hierdie gebied is in 1962 in Grahamstad bevestig in die persoon van ds. J.P. du T. Furstenberg.⁽⁴⁷⁾ Daar was in daardie stadium 'n werkkring te Grahamstad en een te Albanie. Elk was 'n afsonderlike "Bantoe"-werkkring, maar albei het geressorteer onder die area van een sendeling. Die werkkring te Riebeek-Oos het bestaan uit 43 Kleurlinge en 4 "Bantoes". Die gedagte is uitgespreek om die twee werkkringe te laat saamsmelt.⁽⁴⁸⁾ Ds. Furstenberg sou egter nie lank in Grahamstad vertoef nie. Nadat ds. Stander op 8 Junie 1963 sy emeritaat in Albanie aanvaar het, is ds. Furstenberg na dié blanke gemeente te Riebeek-Oos beroep.⁽⁴⁹⁾ Hy het die beroep aangeneem. Jacob Petrus du Toit Furstenberg is gebore in Bloemfon-

tein op 4 September 1934. Hy het grootgeword op 'n plaas by Soutpan, sowat 50 kilometer noord-wes van Bloemfontein. Hy was daar op skool tot St. 6. Hoërskoolopleiding het hy ontvang op Dealesville. Die B.A.(admissie) en M.A. Wysbegeerte grade het hy behaal aan die U.O.V.S. Sy teologiese studie het hy te Stellenbosch geniet tot met die kandidaatsjaar, waarna hy na Nederland is vir doktorsale studie. Sy eerste standplaas was Grahamstad (Bantoe). In Oktober 1963 het hy vertrek na Albanie waar hy op Hervormingsdag sy intreepreek gelewer het.⁽⁵⁰⁾ Hy sou leraar van slegs die blanke gemeente wees. Ds. Furstenberg is in Grahamstad opgevolg deur ds. F.N. Marais.⁽⁵¹⁾ 'n Interessante sameloop van omstandighede was dat ds. Furstenberg se vrou, Dorothy Jansen van Rensburg, se ouers albei op Riebeek-Oos grootgeword het. Mev. Furstenberg het op Grahamstad grootgeword waar hy haar ontmoet het. Sy het op Riebeek-Oos onderwys gegee gedurende ds. Furstenberg se bediening aldaar.⁽⁵²⁾

Gedurende 1964 het 'n tweede evangelis hom by die sendingwerkkring aangesluit, nl. G. Qusheka. 'n Verdere ontwikkeling in die sendingwerkkring was dat ds. M.C. Franken op 7 en 8 Mei 1966 ontvang is as leraar nadat ds. Marais vertrek het.⁽⁵³⁾

Intussen het ds. Furstenberg in die blanke gemeente Albanie rede tot kommer gehad. Teenoor die Ring het hy in 1966 opgemerk dat 96 lidmate (25%) nooit eredienste bygewoon het nie. Baie ander het maar selde gekom. Die misbruik van sterk drank het voorgekom. Daar was ook antipatie teenoor die sending. "Te veel beskou sending nog as goedkoop filantropie aan ons potensiële vyande", was sy klagte.⁽⁵⁴⁾

Voordat hy genoeg tyd gehad het om iets aan hierdie gesindheid van sommige lidmate te doen, het ds. Furstenberg 'n beroep na Burgerspark aangeneem en op 5 Maart 1967 afskeid geneem van Albanie. (55)

8. DS. J.M. RHEEDER NEEM OOR

Prop. J.M. Rheeder is na Riebeek-Oos beroep en het dit aangeneem. Johannes Meyer Rheeder is gebore te Worcester op 2 Augustus 1939. Sy laerskoolopleiding het hy gehad aan die Laerskool Tiervlei en die Hoërskool te J.J. du Preez in Parow bygewoon. Sy teologiese kursus het hy op Stellenbosch deurloop. In 1966 is prop. Rheeder gelegitimeer en op 20 Mei 1967 te Riebeek-Oos georden. Die rede by die bevestiging is waargeneem deur wyle ds. S.P. Malan van Brackenfell en die bevestiging deur ds. G.D.J. Kruger van Grahamstad. Ds. Rheeder is bygestaan deur Martha Elizabeth Malan, met wie hy op 5 Mei 1944 te Rondebosch getroud is. (56)

Die jaar 1967 sou ook in 'n ander sin vir die gemeente 'n belangrike jaar word. Gedurende hierdie jaar het die Departement van Openbare werke die ou Retiefhuis, waarin die Weeshuis begin is, herstel. Daar is toe 'n funksie gehou op 7 Oktober 1967 om die gerestoureerde huis oop te stel. Aangesien die huidige Staatspresident, Sy Edele, Marais Viljoen, destyds minister van Arbeid en Kleurlingsake, grotendeels verantwoordelik was vir die herstel van die gebou deur die regering, is hy gevra om by die opening van die gebou op te tree. (57)

Op sendinggebied was die Rheeder egpaar bedrywig. Die werkkring het so uitgebrei dat 'n gemeente op 4 Augustus 1968 gestig is. Die naam van die gemeente was: Ned. Geref. Kerk in Afrika (Bantoe)

grootste gedeelte van die lidmate kinders wat baie eise aan 'n le-
raarspaar gestel het. 'n Samehorigheidsgevoel kon moeilik gekweek
word tussen bv. die lidmate van Alicedale en van Riebeek-Oos. Met
vinnige wisseling op die kansel was daar nie geleentheid vir konti-
nuïteit nie. Langtermyn planne wat kon help met die opbou en
bymekeer hou van die gemeente, kon nie aangepak word nie. 'n Mens
kry egter nie die indruk dat die kerkraad moeilik was en so die
posisie van die leraars onaangenaam gemaak het nie, ten minste, dit
word nie gesuggereer of direk gesê nie.

Hoe dit ook al sy, uiteindelik het John le Roux die beroep na Alba-
nie aangeneem. Hy was toe reeds 'n ouer man. Hy is gebore te
Zuurbraak, Swellendam, op 6 September 1903 en het sy opleiding aan
die Sendinginstituut te Wellington gehad.⁽⁶⁵⁾ In 1929 is hy ge-
legitimeer. Hy wou graag sendingveld toe gaan, maar weens 'n been-
operasie en 'n verswakte been, moes hy sy ideaal prysgee en binne-
lands sendingwerk doen. Hy was 5 jaar medeleraar van Bellville-
Durbanville. Daarna is hy na 'n sendinggemeente in Ladybrand waar
hy in 1935 bevestig is. Hy het vervolgens bedien: Excelsior
(1944), Smithfield (1946), Steynsburg (1951) en is toe na Queens-
town kleurlinggemeente (1956). In 1961 het hy na Marquard vertrek.
In 1968 het hy emeritus geword.⁽⁶⁶⁾ Na sy aftrede het hy in ver-
skeie blanke gemeentes gewerk. Hy het weer toegetree tot die
bediening en is op 14 Augustus 1971 na Albanie beroep.⁽⁶⁷⁾

Ds. le Roux het hom daarvoor beywer dat die gemeente nie ontbind
moet word nie, alhoewel die gevoel sterk daarvoor was. Sy pogings
is met sukses bekroon. Mev. le Roux het gevind dat daar maar 'n
wankelende V.S.B. in die gemeente was. Die inwoners was te min

en die belangstelling nog minder.⁽⁶⁸⁾ In 1972 het die V.S.B. 27 lede gehad en die Kinderkrans 40 lede.⁽⁶⁹⁾ In 1972 is i.v.m. die eredienste te Alicedale besluit dat daar voortaan een naweek per maand aan Alicedale afgestaan sal word, wanneer alle sakramente bedien sal word.⁽⁷⁰⁾

Die jare tussen 1952 en 1972 het in die teken van 'n oorlewingstryd in die gemeente gestaan. By twee geleenthede wou die gemeente uitmekaar spat en het dit harde werk vir di. Nel en le Roux gekos om hulle bymekaar te hou. Dit blyk dat die ring nie by hierdie worsteling betrek was nie, want die ringsnotules maak geen melding daarvan nie. Die gemeente was op die afdraende pad. Slegs die toekoms sou kon leer of 'n voortbestaan as gemeente nog geregverdig kon word.

VOETNOTEHOOFSTUK 9

1. Ds. V.O. Nel - skrywer, 16/9/80 (privaatversameling)
2. Dies..
3. Dies..
4. Rossouw - ds. V.O. Nel, 2/8/52, in besit van ds. Nel.
5. Dies..
6. Godsdiensverslag, Albanie, RA 1/33 KKA, 122 - 123
7. Ds. V.O. Nel - skrywer, 16/9/80 (privaatversameling)
8. Dies..
9. Verslag van die Jeug-studiekommissie, 160
10. Dies.., 161
11. Rossouw - ds. Nel, 2/8/52, in besit van ds. Nel
12. Dies..
13. Notule, Kerkraad Albanie, G21, 1/5 KKA, 397
14. Skool Riebeek-Oos - skrywer, 11/11/80 (privaatversameling)
15. Rossouw - ds. Nel, 2/8/52, in besit van ds. Nel
16. Ned. Geref. Kerk in Oos-Kaapland: a.w., 29 - 31, 37 (privaat-
versameling)
17. Godsdiensverslag, Albanie, RA 1/33 KKA, 122 - 123
18. Dies.., 125 - 126
19. Ds. V.O. Nel - skrywer, 16/9/80 (privaatversameling)
20. Godsdiensverslag, Albanie, RA 1/33 KKA, 129 - 30
21. Dies..
22. Ned. Geref. Kerk Vrouehulpdiens (Kaapland) handleiding 1968, 12
23. D. Nel - skrywer, 16/9/80 (privaatversameling)
24. Geskiedenis van die gemeente Grahamstad Rhini, 1, 6 - 7
(gemeente arg.)

25. Jaarboek van die Ned. Geref. Kerke 1967, 48; Bandopname ds. de Wet - skrywer (privaatversameling)
26. Bandopname ds. de Wet - skrywer (privaatversameling)
27. Godsdiensverslag, Albanie, RA 1/33 KKA, 135
28. Bandopname ds. de Wet - skrywer (privaatversameling)
29. Godsdiensverslag, Albanie, RA 1/33 KKA, 139 - 140
30. Bandopname ds. de Wet - skrywer (privaatversameling)
31. Pamflet: Eeufees kerkgebou 1962 (privaatversameling)
32. Ned. Geref. Kerk in Oos-Kaapland: a.w., 10 (privaatversameling)
33. Kerkraad - S.G.O., 13 Nov. 1959 (privaatversameling)
34. Skoolkomitee - Kerkraad Albanie, 6/2/60 (privaatversameling)
35. Senekal (sekr. arm koshuis) - Kerkraad, 21/11/61 (privaatversameling)
36. Notule, K.J.V., 100 - 102, 105, 107 (privaatversameling)
37. Bandopname ds. de Wet - skrywer (privaatversameling)
38. Dies..
39. Byvoegsel tot Die Burger, 21 April 1962, 10 (privaatversameling)
40. Notule, reëlingskomitee 100 jarige fees v/d kerkgebou 1962 (privaatversameling)
41. Jaarboek vandie Ned. Geref. Kerke 1967, 515
42. Ds. J.S. Stander - Dr. Vorster, 21/4/1962 (privaatversameling)
43. Dies..
44. Die Kerkbode 1962, 267
45. Notule, reëlingskomitee 100 jarige fees v/d kergebou 1962 (privaatversameling)
46. Ds. Stander - Sen. J. de Klerk, 20/4/62 (privaatversameling)
47. Geskiedenis van die gemeente Grahamstad Rhini, 1, 6 - 7 (gemeente argief)

48. Verslag, die Ned. Geref. Bantoewerkkring Grahamstad, 31 Des. 1962 (privaatversameling)
49. Godsdiensverslag, Albanie, RA 1/33 KKA, 143
50. Jaarboek van die Ned. Geref. Kerke 1967, 53; Ds. Furstenberg - skrywer 15/7/80 (privaatversameling)
51. Geskiedenis van die gemeente Grahamstad Rhini, 1, 6 - 7 (gemeente argief)
52. Jaarboek van die Ned. Geref. Kerke 1967, 53; Ds. Furstenberg - skrywer, 15/7/80 (privaatversameling)
53. Geskiedenis van die gemeente Grahamstad Rhini, 1, 6 - 7 (gemeente argief)
54. Godsdiensverslag, Albanie, RA 1/75 KKA, 62, 64
55. Ds. Furstenberg - skrywer, 15/7/80 (privaatversameling)
56. Ds. Rheeder - skrywer, 3/11/80 (privaatversameling)
57. Monumentekommissie - Kerkraad Albanie, 26 Mei 1967 (privaatversameling)
58. Geskiedenis van die gemeente Grahamstad Rhini, 1, 6 - 7 (gemeente argief)
59. Ds. Olivier - skrywer, 23/2/81 (privaatversameling); Notule, Kerkraad Albanie 1970, 142 (gemeente argief)
60. Skrywer - ds. Rheeder, 9/9/81 (telefoongesprek)
61. Ds. Rheeder - skrywer, 3/11/80 (privaatversameling)
62. Dorpsbestuur - kerkraad, 22/5/70 (privaatversameling)
63. Dorpsbestuur - kerkraad, 2/12/64 (privaatversameling)
64. Notule, Kerkraad Albanie 1970, 8 (gemeente argief); Van Metzingen - kerkraad, 22/5/70 (privaatversameling)
65. Die Kerkbode 1977, 660; Mev. le Roux - skrywer, 29/1/81 (privaatversameling)
66. Jaarboek van die Ned. Geref. Kerke 1967, 96
67. Notule, Kerkraad Albanie 1970, 28 (gemeente argief)

- 68. Mev. le Roux - skrywer, 29/1/81 (privaatversameling)
- 69. Godsdiensverslag, Albanie, RA 1/75 KKA, 79
- 70. Notule, Kerkraad Albanie 1970, 44 (gemeente argief)

HOOFSTUK 10DIE GEMEENTE OP DIE RAND VAN ONTBINDING EN 'n NUWE TOEKOMS?1. FINANSIËLE PROBLEME EN POGINGS OM DIE TOESTAND TE VERBETER

In 1972 het die finansiële kommissie die kerkraad geadviseer om alle kerkgronde per publieke veiling te verkoop, om die plaasgronde te verkoop, en die opbrengs te belê.⁽¹⁾ Die kerk het toe nog beskik oor 500 morge plaasgrond. In November 1972 is 'n aantal voorstelle i.v.m. die verkoop van die plaas aanvaar. Dit sou verkoop word, mits die gemeente dit goedkeur. Slegs die rente op die belegging sou deur die gemeente gebruik word. Die minimum verkoopprys is vasgestel op R25,000-00.⁽²⁾ Die finansiële kommissie het teen Desember 1972 laat blyk dat die gemeente se finansiële posisie benard was. Pogings sou aangewend moes word om die bydrae per lidmaat te laat vermeerder.⁽³⁾ Onder leiding van ds. J. le Roux is daadwerklike pogings aangewend om die posisie te verbeter. Volgens mev. le Roux het die basaars in daardie tyd naastenby die volgende bedrae ingebring: Riebeek-Oos - R800-00; Alicedale - R500-00; Kommadagga - R300-00. Na die eerste aanmoediging het daar 'n toename in opbrengs gekom. Riebeek-Oos se opbrengs het met omtrent R700-00 gestyg, dié van Alicedale met naastenby R600-00 en Kommadagga se styging was plus minus R400-00. Elke keer daarna het dit verbeter.⁽⁴⁾ Die plaas is later verkoop, en in Julie 1973 is gemeld dat die verkoopprys R32,000-00 was.⁽⁵⁾ Die vroue van die gemeente het hulle deel deeglik bygedra om die gemeente te help om die mas op te kom. Met samewerking kan veel vermag word. Die vroue het in verenigingsverband gewerk. Die Vrouevereniging te Albanie se stigtingsvergadering was op 24 Februarie

1972.⁽⁶⁾ Die dames het o.a. koue etes bedien tussen die "aksie-diens" en die nabetragtingsdiens gedurende nagmaalnaweke. Hulle het ook elkeen 'n bussie gehad wat "my dankie-sê bussie" genoem is. Met die geld wat ingesamel is, is die kerksaal gerestoureer.⁽⁷⁾ So was die gemeentevroue ywerig en hardwerkend soos die miere.

2. VERDERE ONTWIKKELING OP SENDINGGEBIED

Na ds. Franken se vertrek uit Grahamstad, het ds. Hannes Venter in April 1972 daar sendeling geword. Hy het die gebied, wat Riebeek-Oos ingesluit het, bearbei met behulp van evangeliste. Baie gou het hy uitgevind dat sommige van die evangeliste self evangelisasie nodig gehad het! So sê hy by geleentheid dat evangelis Wilberforce Marela, wat op Riebeek-Oos werksaam was, die indruk gegee het dat hy baie traag was. Dit was moeilik om vas te stel hoeveel hy gedoen het. Sy motorfiets was altyd buite werking - of hy ooit werklik kon bestuur was te betwyfel.⁽⁸⁾

In Junie 1972 het ds. Venter berig dat die Sinode werkkringe afgeskaf het. Riebeek-Oos se Swartes sou dus by 'n ander gemeente ingeskakel moes word of 'n eie gemeente stig. Volgens ds. Venter sou gemeentestigting die beste wees. Die Bantoekeerk moes egter self hieroor besluit.⁽⁹⁾ Op 27 Januarie 1973 is 'n gemeente te Riebeek-Oos gestig met die naam Holo-Holo.⁽¹⁰⁾

Op sendinggebied is daar ook aandag gegee aan die onderwys. Waar daar in die notules van die skole gepraat word, is dit nie altyd duidelik of Swartmense of Kleurlinge betrokke was, of dalk albei groepe nie. Daar is egter in 1972 duidelik van 'n Kleurlingskool

getroud is.⁽¹⁵⁾

Op 7 September 1973 is ds. D.B.M. van Rooyen na Albanie beroep.⁽¹⁶⁾ Nog 'n eertydse sendeling sou die gemeente kom bedien. Hy het die beroep aangeneem en is bevestig op 18 Januarie 1974. Dawid Benjamin Malan van Rooyen is op 2 Februarie 1935 te Uniondale gebore.⁽¹⁷⁾ Hy het sy skoolopleiding ook daar voltooi. In 1954 is hy na die Sendinginstituut op Wellington. Aan die einde van 1959 is hy gelegitimeer. Hy het 'n paar maande in die Ned. Geref. gemeente Aberdeen gehelp en is in 1960 na die Ned. Geref. Sendinggemeente Willowmore. Daarna het hy nog die sendinggemeentes Kirkwoord, Murraysburg, De Villiers en Calitzdorp bedien, voordat hy na die moedergemeente Albanie gekom het.⁽¹⁸⁾

4. DIE ONTBINDING VAN DIE GEMEENTE LYK ONAFWENDBAAR

Dat die finansiële posisie van die gemeente ver van gesond was, het duidelik geword in Maart 1974 toe daar 'n tekort van R9185-00 was. Daar is voorgestel dat fondse wat belê is, getrek moes word om opgehoopte verliese te delg.⁽¹⁹⁾ In 1975 is daar opnuut gekyk na die bates van die gemeente. Daar was beleggings van net minder as R40,000-00, asook 'n aantal erwe wat nog verkoop kon word. Die gemeente het daarnaas 'n aantal geboue besit, nl. die kerkgebou te Riebeek-Oos, die pastorie en buitegeboue, die kerksale te Riebeek-Oos, Alicedale en Fonteinskloof. Die geboue het mettertyd gevalle geraak en opknapping sou duisende rande beloop. Die finansies hiervoor was nie beskikbaar nie, tensy die kerkraad sou besluit om verdere trekkings uit die beleggings te doen. Die kerkraad het met hierdie verslag aan die finansiële kommissie van

Die lidmaattal van die gemeente het baie verminder. In die voorafgaande dertig jaar het die lidmaattal met ongeveer 600 vermindert. Die ontbinding van die gemeente was dus blykbaar die enigste uitweg. Oor hierdie gewigtige saak moes die gemeente stem. Dit is nie bekend hoeveel lidmate die vergadering bygewoon het nie, maar net 31 het gestem - vir ontbinding van die gemeente. Die res het buite stemming gebly. Die kerkraad sou die finale besluit moes neem. (23)

Tydens 'n spesiale vergadering op 4 Maart 1977 is gesê dat Albanie, die sewende oudste gemeente in Oos-Kaapland, aan die einde van sy bestaan gekom het. Ds. van Rooyen het voorgestel dat die ring gevra moes word om hom beroepbaar te stel. Ander persone wou egter nie sommer boedel oorgee nie. Ouderling Botha het gesê dat die gemeente nie insolvent is nie. Hulle kon net nie in hulle onmiddellike behoeftes voorsien nie. Die kerkraad het na die bespreking staande besluit dat die gemeente sou voortbestaan. Daar was net een teenstem. (24) So is die gemeente van ontbinding gered.

Tydens 'n kerkraadsvergadering op 16 April 1977 is kennis gegee dat ds. van Rooyen 'n beroep na Steynsburg ontvang en aanvaar het. Ds. van Rooyen is op Riebeek-Oos bygestaan deur sy eggenote, Elsie Florence 'n nooi van Niekerk. (25)

In die lig van die finansiële posisie van die gemeente, het die kerkraad besluit om by die ring aansoek te doen om 9 maande vakant te bly. (26)

Dit het 'n vraag gebly of die dorp 'n gemeente kon bekostig, of hy kon behou wat hy opgebou het.

5. DIE PIET RETIEF GIMNASIUM WORD GESLUIT

Die Piet Retief Gimnasium het sy hoogtepunt, wat getalle betref, bereik in 1973, toe daar 114 seuns woonagtig was. Daarna het die getalle begin afneem sodat daar in 1976 net 52 seuns was! ⁽²⁷⁾

Ons kan hier net kortliks verwys na wat intussen op onderwysgebied op Riebeek-Oos gebeur het. Vanaf 1957 tot 1970 was mnr. J.F.

Bosch skoolhoof op Riebeek-Oos. Hy het op verskeie besture gedien en was ook lank skriba van die gemeente. Mnr. J.J. van

Jaarsveld het sedert 1971 - 1975 in die skoolhoof se kantoor gesit.

Hy was ingelyks skriba en het o.a. op die Kinderhuisbestuur gedien. Die "maroon" gestreepte baadjie is in sy tyd vervang deur 'n blou kleurbaadjie met die oorspronklike wapen op. 'n Skoolbus-sie wat vyftien leerlinge kon vervoer, is in sy tyd aangekoop.

Hy het ook heelwat geldinsamelings geloods wat baie suksesvol was.

Hy is opgevolg deur mnr. F.P.J. Botha (1976 - 31 Maart 1980) ⁽²⁸⁾

Die hoofsaak waarom die getalle by die Kinderhuis so drasties gedaal het, was dat die plaaslike skool vanaf die einde van 1975

slegs onderrig tot en met St. 5 verskaf het. ⁽²⁹⁾ Omdat die Kin-

derhuis se grootste bron van inkomste afkomstig was van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene by wyse van die betaling

van subsidies per kind, is die finansiële opset by die Kinderhuis grootliks bepaal deur die aantal kinders in die Kinderhuis. Tus-

sen die einde van 1974, begin 1975 en weer in 1976, het die Kinderhuis se finansiële agteruitgang begin. Dit het so erg geword dat

begin dink is in die rigting van die sluiting van die Kinderhuis. Daar was ook ander probleme, soos 'n groot wisseling van personeel en dikwels 'n tekort aan die nodige kundige persone. Sodoende is die dissipline geknou en het drostery op groot skaal voorgekom onder die seuns. Die geboue was nie doelmatig nie en daar was beter melkgeriewe en koeistalle nodig. Die beraming van die kostes vir die nodige verbeterings was tussen R30,000-00 en R40,000-00. In 1975 het die S.K.D.B. 'n memorandum gerig aan die Departement van Volkswelsyn en Pensioene en hulle versoek om die registrasie van die Kinderhuis te verander sodat kinders van beide geslagte opgeneem kon word. (30)

Die Departement van Volkswelsyn en Pensioene het die geleentheid benut om hulle te kom vergewis van die omstandighede by die Piet Retief Kinderhuis. Op 12 November 1975 het daar toe samesprekings plaasgevind. Daar was 'n skuldelaas van R52,000-00. Die S.K.D.B. het 'n Kinderhuis in Port Elizabeth begeer. Mnr. H.P.J. van Vuuren, sekretaris van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene, het gesê dat die ideaal in kinderhuise was om die kinders naby hulle ouerhuise te plaas. Inrigtings soos Riebeek-Oos en Ugie is geografies verkeerd geleë. Daar was op daardie stadium 27 kinders van ander provinsies in die Riebeek-Oos se Kinderhuis. Weens die geografiese afgesonderdheid is gewoonlik personeelprobleme ondervind. Dit is beklemtoon dat die belang van die kind bo dié van die kerk, ouer en gemeenskap geplaas moes word. (31) Die feit was dat op 'n klein plekkie soos Riebeek-Oos dit net nie moontlik was om persone te bekom wat werklik uiters belangstel in die kind nie.

So het die Kinderhuis te Riebeek-Oos gekom en gegaan. Dit het sy doel gedien en uitgedien. Daar is groot werk gedoen aan ouerlose kinders en sorgbehoewende kinders. Die sentiment wat in die loop van jare met reg opgebou is, moes plek maak vir nugtere praktiese oorwegings, en so het Riebeek-Oos sy kinderhuis laat verskuiwe. Dit sou bydra tot die verdere agteruitgang van die dorpie. Van die persone wat omgesien het na die kinders se belange deur die jare, noem ek die name van enkeles wat opgespoor is in bronne: die egpaar B. Koeigh; ds. en mev. J.P.N. Prinsloo; mnr. P.J.N. Myburg (1948); die egpaar Meyer; ds. en mev. F.P. Myburg, die egpaar Archer; mnr. Marais; die egpaar Griesel (1936 - 1943?); die egpaar E.D. Ferreira (1961 - 1972); mnr. Loots (1975).⁽³⁶⁾

Terwyl die gemeente 'n stryd gevoer het om voort te bestaan, het die sendingwerk vrug gedra en is die kerk gehandhaaf.

6. 'n BETER BEDELING OP SENDINGGEBIED

Ons het reeds gemeld van die stigting van die gemeente Holo-Holo in verband met die Ned. Geref. Kerk in Afrika. Dié toestand het nie lank geduur nie. Riebeek-Oos sou nie nog 'n gemeente kon aanvoer nie. In 1977 is die swart lidmate van die gemeente te Riebeek-Oos, ingeskakel by die Grahamstad-Rhini gemeente. Die Rhini gemeente bedien tans Grahamstad, Riebeek-Oos, Bathurst en Port Alfred. Daar word op 32 plekke dienste gehou. Evangeliste, swart predikers en blankes werk saam om die Evangelie bekend te stel. Evangelis Marela het Riebeek-Oos in Januarie 1979 verlaat en na King Williams Town vertrek. Daar is besluit om nie gou weer te beroep nie, want huisvesting was o.a. 'n probleem.

Vroeg in 1980 is ds. Venter aangestel as inspekteur van jeugaktiwiteite in die Dept. van Onderwys en Opleiding. Sy opvolger was ds. Johan Els van Ommana. (37)

In 1931 was daar 'n klein sendinggemeente bestaande uit Kaapse Kleurlinge en Swartes. (38) Dit lyk of die Kleurlinge deur die jare maar saam met die Swartes bearbei is. In 1972 is daar in Grahamstad besluit om weer onder die Kleurlinge, as 'n groep op hulle eie, te bearbei. Die eerste diens vir die Kleurlinge onder die nuwe bedeling is gehou op Woensdag 28 Februarie 1973 in die nuwe koshuis-eetsaal van die Rhodes Universiteit. Hierdie reëling was net tydelik. Later het die gemeente vergader aan huis van ene mnr. Herman Steenkamp. Elke Sondagoggend is 'n diens gehou onder leiding van blankes. In November 1973 het die gemeente bestaan uit 9 lidmate en 4 katkisante. Die bearbeiding van die Kleurlinge het onder leiding van mnr. W.J. Olckers (Snr.) gestaan. Sedert 1977 skakel die Kleurlinge in by die gemeente Port Elizabeth Galvondale. Die leraar aldaar was destyds ds. A.J. Louw. Die dienste is plaaslik (Grahamstad) nog in Steenkamp se huis gehou. Later is besluit om 'n Kleurlingleraar vir Grahamstad, Riebeek-Oos, Alicedale en Paterson te beroep. Op 11 November 1978 is die eerste bruin leraar van die Ned. Geref. Sendingkerk te Grahamstad, bevestig. Hy is ds. J.M. van Rooyen. Hy sou medeleraar wees van Galvondale gemeente en in Grahamstad woon. (39) Tans word onderhandel om 'n kerkgebou te Alicedale op te rig wat dan die sentrum van hierdie nuwe gemeente sal wees. (40) Vandag word die Sendingkerkgeboutjie op Riebeek-Oos ook as Kleurlingskool gebruik. Die geboutjie is in 'n baie gehawende toestand en die

kerkraad van Albanie het besluit om die gebou saam met die grond, aan die Munisipaliteit te skenk, wat dan daadwerklik aandag daaraan sal gee om 'n ruim skoolgebou vir die Kleurlingkinders daar te stel - wat daarnaas as kerkgebou kan dien. (41)

Albanie het deur die jare die boodskap gehoor en verstaan: "gaan en maak dissipels van alle nasies". Dit het hulle na hulle vermoë probeer doen.

7. DIE GEMEENTE ALBANIE IN 1981

Na ds. van Rooyen se vertrek, is prop. P.D. Olivier op 20 November 1977 na Albanie beroep. (42) Philippus Daniël Olivier is op 18 Augustus 1951 op Porterville gebore. Hy het op 'n plaas tussen Porterville en Piketberg grootgeword. In 1969 het hy matriek geslaag aan die Hoërskool Piketberg. Op Stellenbosch het hy sy eggenote, Madeleine Smit, ontmoet terwyl sy B.A. Maatskaplik studeer het. In 1977 is hy gelegitimeer en op 3 Februarie 1978 bevestig op Riebeek-Oos. (43) Die groot taak as herder en leraar het hy met ywer aangepak, bygestaan deur sy eggenote. Die stigtingsvergadering van die Vrouediens is op 5 Maart 1978 gehou. Mev. Olivier het die doel van die Vrouediens aan die 10 dames wat teenwoordig was, verduidelik. Op 8 April 1978 is finaal besluit om wel weg te doen met die Vrouevereniging op Riebeek-Oos en die Vrouehulpdiens is toe ingestel. Hulle het o.a. 'n poging aangewend om naaldwerkklasse vir die Swart-en-Kleurlingvroue te begin. (44) Dit het gou doodgeloop a.g.v. te min belangstelling. Die Vrouehulpdiens het ook gesorg vir 'n moederskamer en vir die verf van die traliewerk rondom die kerk in 1980.

Die V.S.B. het nog op 'n manier fungeer in Riebeek-Oos. Kragtens Sinodale besluit moes die V.S.B. en die Vrouediens een word en het so 'n oorskakelingsvergadering op Sondag 16 November 1980 te Riebeek-Oos plaasgevind. Daar is dus nou net een vroueaksie in die gemeente werksaam. Die afstande en verspreidheid van die dames bemoeilik die werk baie. Hulle bedrywighede bestaan meestal uit wyksbyeenkomste, algemene vergaderings, asook fondsinsameling d.m.v. bussies, koektafels en die reël van basaars. 'n Unieke en mooi instelling is dat die dames die Sondag met nagmaal, na die diens etes in die kerksaal voorsien. Sodoende kan die gemeente gesellig saam verkeer. (45)

Harde werk deur alle betrokkenes het meegehelp dat die finansiële jaar op 28 Februarie 1981 afgesluit is met 'n krediet balans. Die finansiële toestand word met tussenposes in gemeentebriewe onder die lidmate se aandag gebring. (46) Dit dien tot die nodige aanspooring om nie in die "rooi" te bly nie. Die gevaar van ontbinding bestaan dus nie op die oomblik nie. Die historiese gemeente het bewaar gebly, alhoewel die lidmaattal baie laag is. Op die oomblik is daar 240 belydende en 140 dooplidmate wat bearbei moet word. (47) Daar is nie meer 'n kinderkrans na die sluiting van die Kinderhuis in 1976 nie. (48) Tans word Sondagskool gehou op Riebeek-Oos en Alicedale. Op Kommadagga word dit gedoen gedurende die week in die skool. Die getalle is tans soos volg: 17 kinders te Riebeek-Oos, 34 te Alicedale en 21 op Kommadagga. Die gemeente het geen K.J.A. nie, omdat daar nie genoeg jongmense is nie.

In verband met die eredienste moet rekening gehou word met die verskillende wyke van die gemeente. Vanaf 1981 word daar op Riebeek-Oos net elke Sondag 'n oggenddiens gehou. Bidure vind twee keer per maand plaas, nl. elke tweede Woensdag.⁽⁴⁹⁾ In die Fonteinskloofwyk word daar tans maandeliks 'n erediens gehou asook 'n biduur. In die Kommadagga word ook maandeliks 'n erediens gehou. Die Alicedalewyk word elke Sondag in die oggend of aand besoek en 'n maandelikse biduur word op die laaste Woensdag van die maand gehou. Bidure vind kwartaalliks voor nagmaal plaas in die Riet-rivier-en-Kommadaggawyk.⁽⁵⁰⁾

Die kerkraad het in 1981 besluit om by die Monumentekommissie aansoek te doen om die kerkgebou as historiese monument te laat verklaar.⁽⁵¹⁾

8. WAT IS DIE KERKLIKE TOEKOMS VAN DIE DORP?

Sedert 1975 het Riebeek-Oos 'n volwaardige munisipaliteit.⁽⁵²⁾

Die stadsklerk is mev. van Niekerk. Sedert die beheer van die dorp uit die hande van die kerkraad is, was daar ook nie juis verbetering merkbaar nie. Geleentheid en die nodigheid vir uitbreiding bestaan nie. Stadig maar seker gaan die dorp agteruit. Die bevolking bestaan by benadering uit 98 blankes, 300 Kleurlinge en 600 "Bantoes". Die Kleurlinge en Swartes woon saam in een woonbuurt. Hulle het egter aparte skole en gemeentes.⁽⁵³⁾ Daar is 'n blanke skool met net 8 leerlinge vanaf Sub. A tot St. 4. Mev. J.E. van Kerken is op 1 April 1980 aangestel as hoof. Sy is ook die paar kinders se onderwyseres.⁽⁵⁴⁾ Hier is die skrif duidelik aan die muur. Die dorp besit geen koshuis of kinderkuis

meer nie, sodat die toevoer na die skool afgesny is.

Daar is 'n keuse van twee winkels op Riebeek-Oos, asook een kafee vir soetgoed en advertensieborde. By die Poskantoor kan inwoners twee keer per week briewe kom afhaal. Reg en geregtigheid word uitgeoefen deur twee geregsdienaars. Vir watervoorsiening is elke inwoner aangewese op sy eie boorgat. Hulle kry ook leibeurte van die Munisipaliteit. Om elektrisiteit te verkry vir huisgebruik, moet die inwoners hulle eie kragopwekkers hê. Baie mense maak gebruik van kerse en lampe. Die huisvullis word verwyder met behulp van vier donkies. Sy finansies vind die Munisipaliteit uit belastings, die leibeurte teen 60c per uur, vullisverwydering teen R1-10 per maand en die gelde om beeste te dip.⁽⁵⁵⁾

Dit is dan Riebeek-Oos, die setel van die gemeente Albanie. Dit is duidelik dat dit moeilik is om daar 'n bestaan te maak. Al die ontwikkeling in die omgewing het die dorp verbygegaan. Groter sentra, soos o.a. Grahamstad, bied baie geleenthede op allerlei gebiede. Daar is geen moontlikheid vir jongmense om op Riebeek-Oos 'n toekoms uit te werk nie. Daar is geen groei moontlik nie. Dit alles het sy invloed op die gemeente.

9. DIE PAD VERDER?

Honderd en vyftig jaar gelede het die gemeente klein begin. Die gevare van verengelsing en Grensoorloë is deur Gods genade oorkom. Daar was feitlik geen tyd dat die gemeente nie swaar gekry het nie. Tog het die een herdenkingsfees na die ander plaasgevind. Die gemeente het die aanslae weerstaan, alhoewel soms bra wankelmoedig.

Nou het dit 150 jaar geword sedert die ontstaan van die gemeente Albanie. Honderd en vyftig jaar waarin die kenmerke van die ware kerk uiterlik sigbaar was. Die Woord is verkondig, die sakramente bedien en die tug toegepas. Die gemeente se sendingopdrag het algaande sterker na vore gekom. Die jeug is nie verwaarloos nie. Hoe goed daar in elke afdeling gearbei is, sal slegs die dag van die groot afrekening ons leer. n Mens kry die indruk dat die gemeente in die verlede soms op Piet Retief teruggegryp het vir sy bestaan in plaas van op Christus, om sy voortbestaan te verseker. Die historiese waarde van Mooimeisiesfontein het dikwels swaar geweeg. In konserwatisme is daar vasgehou aan die verlede en lyk dit of die gemeente so kunsmatig aan die lewe gehou is. Die gemeente sal in die toekoms bewus moet bly van hierdie gevaar as hulle voortbestaan weer bedreig word.

Tog, die verlede is bekend, maar die toekoms nie. Daar is egter n paar dinge om in gedagte te hou op die pad vorentoe, dinge wat waar was en waar sal bly in die kerk. Die gemeente moet onthou dat hy geroep is om te getuig in hierdie wêreld. Die gemeente hoef nie apologeties te wees met sy boodskap teenoor die wêreld nie. "Die kerk is deur Christus geskep en tree met gesag op. Hy vra nie vir sy bestaan en boodskap om verskoning nie. (56)

Met hierdie gedagte, en die wete dat God nooit die werke van Sy hande laatvaar nie, kan Albanie die toekoms tegemoetgaan. Hoe lank die toekoms in die gemeente sal wees, sal die tyd leer. Maar terwyl dit nog bestaan, is daar nie tyd vir pessimisme en lusteloosheid nie, want sy roeping en opdrag is nog nie afgelas nie.

Die gemeente sal in gedagte moet hou dat ontbinding hom in die toekoms weer kan bedreig. Hierop sal die gemeente hom moet voorberei. Op so 'n dag sal die les van sy eie geskiedenis ter harte geneem moet word en die regte offer gebring moet word ter wille van die saak van Christus.

VOETNOTEHOOFSTUK 10

1. Notule, Kerkraad Albanie 1970, 61, 20/9/71 (gemeente argief)
2. Dies., 73 - 74, 18/11/72
3. Dies., 75, 9/12/72
4. Mev. le Roux - skrywer, 29/1/81 (privaatversameling)
5. Notule, Kerkraad Albanie 1970..., 84 - 85, 175 (gemeente argief)
6. Notule, Vrouehulpdiens, 24/2/72 (privaatversameling)
7. Mev. le Roux - skrywer, 29/1/81 (privaatversameling)
8. Geskiedenis van die gemeente Grahamstad Rhini, 11, 16 - 17 (gemeente argief)
9. Notule, Kerkraad Albanie 1970..., 51 (gemeente argief)
10. Geskiedenis van die gemeente Grahamstad Rhini, 26 (gemeente argief)
11. Notule, Kerkraad Albanie 1970..., 43 (gemeente argief)
12. Dies., 73
13. Dies., 78
14. Dies..
15. Mev. le Roux - skrywer, 29/1/81 (privaatversameling)
16. Notule, Kerkraad Albanie 1970..., 91 (gemeente argief)
17. Jaarboek van die Ned. Geref. Kerke 1967, 102: Mev. van Rooyen - skrywer, 18/2/81 (privaatversameling)
18. Jaarboek van die Ned. Geref. Kerke 1981, 244; Die Kerkbode 1981, 3 Junie, 9
19. Notule, Kerkraad Albanie 1970..., 150 (gemeente argief)
20. Dies., 229, Verslag, 2
21. Dies., 262

22. Dies., 276
23. Dies., 309 - 314
24. Dies., 313 - 314; Van der Watt: Die Ned. Geref. Kerk 1834 - 1866, 9
25. Mev. van Rooyen - skrywer, 18/2/81 (privaatversameling)
26. Notule, Kerkraad Albanie 1970 ..., 316 (gemeente argief)
27. Die Ned. Geref. Kerk in Oos-Kaapland: a.w., 9 (privaatversameling)
28. Skool te Riebeek-Oos - skrywer, 11/11/80 (privaatversameling)
29. Dies..
30. Die Ned. Geref. Kerk in Oos-Kaapland: a.w., 24, 27, 29, 31, 39, 40 (privaatversameling)
31. Dies., 29 - 30
32. Dies., 39
33. Dies., 31
34. Dies., 24, 27, 29, 31, 39, 40
35. Ds. Olivier - skrywer, 20/1/81 (privaatversameling)
36. Mnr. Ferreira - skrywer, 30/1/81; mev Jooste - skrywer, 2/2/81 (beide privaatsameling)
37. Geskiedenis van die gemeente Grahamstad Rhini, 26, 81, 104 (gemeente argief)
38. Dreyer: a.w., 81
39. Geskiedenis van die gemeente Grahamstad Rhini, 31, 31, 48, 90 (gemeente argief) Sendingblad, April 1979, 137 - 138
40. Ds. Olivier - skrywer, 23/2/81 (privaatversameling)
41. Dies..
42. Notule, Kerkraad Albanie 1970..., 330 (gemeente argief)
43. Ds. Olivier - skrywer 23/2/81 (privaatversameling); Jaarboek van die Ned. Geref. Kerke 1981, 203

44. Notule, Kerkraad Albanie 1970..., 347 (gemeente argief)
Notule, Vrouehulpdiens, 8/4/78 (privaatversameling)
45. Ds. Olivier - skrywer, 23/2/81 (privaatversameling)
46. Dies.,
47. Jaarboek van die Ned. Geref. Kerke 1981, 105
48. Ds. Olivier - skrywer, 20/1/81; Mev. le Roux - skrywer,
 29/1/81 (beide privaatversameling)
49. Ds. Olivier - skrywer, 20/1/81 (privaatversameling)
50. Dies.
51. Ds. Olivier - skrywer, 23/2/81 (privaatversameling)
52. Burgemeester W.G. Steffens - skrywer, 28/10/80 (privaatver-
 sameling)
53. Stadsklerk mev. S.A. van Niekerk - skrywer, mondelinge mede-
 delings
54. Skool te Riebeek-Oos - skrywer, 11/11/80 (privaatversameling)
55. Stadsklerk mev. S.A. van Niekerk - skrywer, mondelinge mede-
 delings
56. Heyns: Die Kerk, 64 - 65

BIBLIOGRAFIEI. LITERATUUR

- ALBERTYN, J.R., DU TOIT, P. en THERON, H.S.: Kerk en Stad Stellenbosch, 1947
- BADENHORST, L.H.: Die aandeel van die kerk in die opvoeding spesiaal in die Kaapprovinsie. Amsterdam, 1955.
- BADENHORST, L.H.: n Histories-sosiologiese ondersoek van die aandeel en standpunt van die Ned. Geref. Kerk van die Kaapprovinsie ten opsigte van die beheer en organisasie van die onderwys. Bloemfontein, 1952.
- BROWN, E.: Geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk in die 19e eeu. (Ongepubl. Kladiktaat, 1981.)
- DIE NED. Geref. GEMEENTE GRAHAMSTAD - Kort geskiedkundige oorsig tot op 1937 (Kommissie van die Kerkraad). Port Elizabeth, s.d.
- DREYER, A.: Boustowwe vir die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerke in Suid-Afrika, III, 1804 - 1836. Kaapstad, 1936.
- DREYER, A.: Kerkgeskiedenis van die gemeente Albanie: Oorsig van die plaaslike Ned. Geref. Gemeente (1831 - 1931). Kaapstad, 1931
- DU TOIT, G.D.: Spesiale Evangelieprediking. Stellenbosch, s.d..
- DU TOIT, P.: Die salf van eie gom. Kaapstad, 1971
- FERREIRA, I.L.: Die eerste vier studente aan die Kweekskool - hul akademiese opleiding en bediening. (Ongepubl. M.Th.-proefskrif, U.S. 1963).
- FERREIRA, I.L.: Die Teologiese Seminarium van Stellenbosch 1858 - 1963. Pretoria, 1979.
- HEYNS, J.A.: Die Kerk. Pretoria, 1977
- HOCKLY, H.E.: The story of the British Settlers of 1820 in South Africa. Kaapstad, 1949.
- KRUGER, D.W. en DE KOCK, W.J.(reds.): Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, III. Kaapstad, 1977.
- MALHERBE, E.G.: Education in South Africa. Kaapstad, 1925

- MALHERBE, E.G.: Onderwys en die Armblanke. Die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, III.
- MOSTERT, D. (Opsteller): Gedenkboek van die ossewaens op pad van Suid-Afrika. Kaapstad, 1940.
- MULLER, C.F.J.: Die Britse owerheid en die Groot Trek. Pretoria 1969.
- MULLER, C.F.J.: Die oorsprong van die Groot Trek. Kaapstad 1974.
- MULLER, C.F.J.(red.): Five hundred years - A history of South Africa. Pretoria, 1969
- NED. Geref. KERK VROUEHULPDIENS (KAAPLAND), handleiding. s.p., 1968
- PAUW, S.: Die beroepsarbeid van die Afrikaner in die stad. Stellenbosch, 1946.
- SASS, F.W.: The influence of the Church of Scotland on the Dutch Reformed Church of South Africa. Edinburgh, 1956.
- SCHOLTZ, D.A.: Fraserburg en sy kerk 1851 - 1976. Kaapstad, 1976
- SCHREINER, T.: De Orde der Goede Tempeliers, Waarom bestaat zij? Wat is zij? Grahamstad, 1883.
- VAN DER WATT, P.B.: Die Ned. Geref. Kerk, I en II. Pretoria 1976 en 1977.
- VAN JAARSVELD, F.A.: From Van Riebeeck to Vorster, 1652 - 1974. Johannesburg, 1975.
- VAN WIJK, A.J.: V.S.B. Kaapland. Na 75 Jaar 1889 - 1964, Kaapstad
- VERSLAG VAN DIE JEUG-STUDIE KOMMISSIE VAN DIE NED. Geref. KERK 1966
s.p., s.d..
- VISSER, J.: Kerklike tug - Wat sê die Nuwe Testament? Pretoria 1980

II PERIODIEKE PUBLIKASIES

Die Burger (Byvoegsel), 21/4/1962.

De Christen, 1880, 1882 - 1883.

De Honigbij, 1839, 1842.

De Gereformeerde Kerkbode / De Kerkbode / Die Kerkbode, 1853 - 1977

Die Oosterlig, 27/2/1967.

Die Sendingblad, April 1979.

Gemeenteprogram, Albanie, 1979.

Jaarboek van die Ned. Geref. Kerke, 1967, 1977 en 1981.

Ned. Geref. Kerk in Zuid-Afrika Wetten en Bepalingen, 1843.

Ned. Geref. Teol. Tydskrif, 1979.

III GEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

Gedrukte Acta Synodi, 1915 - 1924 en 1970.

IV ONGEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

Argief van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, Kaapstad (KKA).

Sinode

Acta Synodi, 1880, S 1/15.

Ringe

Graaff-Reinet: Notule, Ring van Graaff-Reinet. , R3/1(a)-R3/4.

Albanie: Notule, Ring van Albanie. 1844 - 1891, R5/1 - R5/7

Onderwysverslag, Albanie. R5/6a en R5/6b

Godsdiensverslae, Albanie. R A1/2 - R A1/75

Beaufort: Notule, Ring van Beaufort. 1880, R9/1.

Gemeente

Albanie: Notule, Kerkraad, 1831 - 1947, G21 1/1 - 1/5

Inkomende en Uitgaande Briewe, G21 4/1 - 4/3

Staatsargief Kaapstad (KA).

Memorie inwoners - Bourke, CO 3932 Vol. 3, 15/6/1826.

Goewerneur - Kerkraad Albanie, CO 5100, 21/6/1833.

Bell - Pearse, CO 5101, 28/11/1838.

Morgan - Goewerneur, CO 501, 13/7/1841.

J. Moore Craig - dr. Roux, CO 5101, 11/9/1841.

Dr. Roux - Owerheid, CO 501, 13/9/1841.

Kerkraad - Maitland, CO 5102, 4/9/1845.

Gemeente argief.

Notule, Kerkraad van Albanie, 1970 - 1981.

Geskiedenis van die gemeente Grahamstad Rhini.

V. PERSOONLIKE BRONNE

Ned. Geref. Kerk in Oos-Kaapland (verslag re. kindershuis) in besit van skrywer.

Gemeentegrense van 1863 in besit van skrywer.

Hoof van Alicedaleskool - skrywer, dd. 11/11/1980.

Ds. J.H. van Wyk - Kerkraad van Albanie, dd. 4/7/1921 in besit van skrywer.

A.M.M. Rossouw - ds. V.O. Nel, dd. 2/8/1952 in besit van ds. Nel.

Kontroleur onderwysfinansies - Voorsitter koshuiskomitee, dd. 10/7/1925.

Hoof van Riebeek-Oos Skool - skrywer, dd. 11/11/1980.

Rapport van Retief Weeshuis - Ring van Albanie, dd. 12/9/1959.

Notuleboek van die M.S.A.-tak Albanie in besit van skrywer.

Mev. A. Jooste - skrywer, dd. 2/2/1981.

Ds. V.O. Nel - skrywer, dd. 16/9/1980.

Bandopname van ds. P.F. de Wet in besit van skrywer.

Euufees kerkgebou Albanie, 1962 in besit van skrywer.

Kerkraad Albanie - S.G.O., dd. 13/11/1959 in besit van skrywer.

- Skoolkomitee Riebeek-Oos - Kerkraad van Albanie, dd. 6/2/1960 in besit van skrywer.
- Sekr. van Armkoshuis - Kerkraad van Albanie, dd. 21/22/1961 in besit van skrywer.
- Notuleboek van die K.J.V. Albanie in besit van skrywer.
- Notule, reëlingskomitee 100-jarige fees van die kerkgebou, 1962 in besit van skrywer.
- Ds. J.S. Stander - dr. J.D. Vorster, dd. 21/4/1962 in besit van skrywer.
- Ds. J.S. Stander - Sen. J. de Klerk, dd. 20/4/1962 in besit van skrywer.
- Verslag van die Ned. Geref. Bantoe-werkring Grahamstad, 31/12/1962 in besit van skrywer.
- Ds. J.P. du T. Furstenberg - skrywer, dd. 15/7/1980.
- Ds. J.M. Rheeder - skrywer, dd. 3/11/1980.
- Monumentekommissie - Kerkraad van Albanie, dd. 26/5/1967 in besit van skrywer.
- Ds. P.D. Olivier - skrywer, dd. 23/2/1981.
- Ds. J.M. Rheeder - skrywer, dd.
- Dorpsbestuur Riebeek-Oos - Kerkraad van Albanie, dd. 22/5/1970 in besit van skrywer.
- Dorpsbestuur Riebeek-Oos - Kerkraad van Albanie, dd. 2/12/1964 in besit van skrywer.
- Mnr. W. van Metzinger - Kerkraad van Albanie, dd. 22/5/1970 in besit van skrywer.
- Mev. le Roux - skrywer, dd. 29/1/1981 in besit van skrywer.
- Notuleboek van Vrouehulpdiens van Albanie, 1972 - 1978, in besit van skrywer.
- Mev. van Rooyen - skrywer, dd. 18/2/1981.
- Ds. P.D. Olivier - skrywer, dd. 20/1/1981.

Mnr. E.D. Ferreira - skrywer, dd. 30/1/1981.

Mnr. W.G. Steffens - skrywer, dd. 28/10/1980.

VI MONDELINGE BRONNE

Mev. S.A. van Niekerk (Stadsklerk, Riebeek-Oos).

Ds. J.M. Rheeder.

Ds. P.D. Olivier.

Ds. V.O. Nel.

Ds. P.G. Rossouw.

Mnr. E.D. Ferreira.

Mev. Annie Niemand.